



**Die vestiging van die
Noord-Transvaler Metro
as plaaslike koerant,
1993-1996**

**Die vestiging van die
Noord-Transvaler Metro
as plaaslike koerant, 1993-1996**

Elvira Bradley

9201807

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die
graad MA (Bedryfskommunikasie)

Departement Kommunikasie

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier:

Dr JD Froneman

November 1997

Summary

People want to know what happens in their community. This need for information is gratified by newspapers. The editorial staff of a local newspaper are aware of this and they create a news agenda to satisfy these needs.

The creation of an Afrikaans local weekly paper, *Noord-Transvaler Metro*, is the topic of this study. By studying the front-page agenda of *Metro*, it can be determined what the editorial staff did to attract people to read *Metro* and thus establish it.

Interviews were held with people involved in the creation of *Metro* and documents studied to determine the history of *Metro*, which was to a certain extent, a replacement for the daily *Transvaler*.

The agenda-setting theory and the needs and gratification theory were used in this study as an explanation for the relationship between what people want in a local paper and what *Metro* put on its front page to become viable.

A qualitative data-analysis shows that *Metro's* front-page agenda mainly focused on the different municipalities in its distribution area (Greater Pretoria), crime and sport.

Metro's front-page agenda was evaluated in terms of criteria set for local newspapers in various publications. It was also compared to what the editor of *Metro* had stated as the planned news agenda for the newspaper.

Metro's front page layout was studied and compared with the theories of Garcia (1993). Attention was given to the placement of articles and photos, the use of colour and the use of graphics and teasers.

In conclusion it can be said that *Metro's* front page agenda satisfied the requirements for a local newspapers' news agenda described in literature. In many ways the front-page layout complies with Garcia's theories.

Bedankings

Ek wil graag die volgende persone en instansies bedank vir hul hulp wat dié studie moontlik gemaak het:

- Dr Johannes Froneman - vir al die hulp, leiding, Sondagaand-telefoonsessies en die baie moeite. U is voorwaar 'n studieleier in 'n ander klas.
- My ma - vir al die ondersteuning, belangstelling en ook vir die reuse werk van die proeflees van die manuskrip.
- Mev Karien van der Leeuw - Departement Kommunikasie - PU vir CHO.
- Vernon - For endless help, support and encouragement.
- Mnr Francois Aucamp - Vir hulp en ondersteuning van *Metro* se kant.
- Mnr Louis Kruger - *Klerksdorp Rekord* - vir u bydrae in die vorm van 'n onderhoud en ook vir die beskikbaarstelling van dokumentasie oor die stigting van *Metro*.
- Louie en Clara de Necker - wat my altyd huisvesting gebied het wanneer ek Potchefstroom toe moes gaan vir die studie.
- Die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek, PU vir CHO - vir hulle professionele hulp.
- Uncle Keith and Aunt Helen for your interest, support and help with the printing of the manuscript.
- Hannes Cilliers - vir die gek voorstel dat ek 'n MA doen.
- Spesiale dankie vir almal wat deurgaans belanggestel het in my studie en my aangemoedig het. Spesifiek vir Shauneen, Jan, Koos, Johanna, Karin, Hanti, Willem, Eric, Werner en Lynzelle, Liana en Koot, Sarenda, Chrisna en Louis, Tania en Johan, Henk en Pierre.

Geldelike bystand gelewer deur die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie publikasie uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling toegeskryf word nie.

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1

Inleiding

1.1	Inleiding	1
1.2	Agtergrond en probleemstelling	1
1.2.1	Algemene navorsingsvrae	3
1.2.2	Doelstellings van die studie	3
1.2.3	Breë sentrale teoretiese uitgangspunte	4
1.3	Kwalitatiewe navorsing	5
1.4	Metodes van ondersoek	6
1.4.1	Literatuurstudie	6
1.4.2	Onderhoude	6
1.4.3	Dokumentasie	7
1.4.3.1	Probleme wat met dokumentasie ervaar is	8
1.4.4	Kwalitatiewe/kwantitatiewe inhoudsanalise	8
1.4.4.1	Kwalitatiewe inhoudsanalise as wetenskaplike metode	8
1.4.5	Historiese navorsing	13
1.5	Hoe skakel die metode met die doelstellings van die studie?	13
1.5.1	Doelstelling 1	13
1.5.2	Doelstelling 2	14
1.5.3	Doelstelling 3	14
1.5.4	Doelstelling 4	14

1.6	Samevatting (Hoofstuk 1)	15
-----	--------------------------	----

Hoofstuk 2

Teoretiese vertrekpunte

2.1	Inleiding	16
2.2	Die teorieë wat in dié studie gebruik word	16
2.2.1	Die agendastellingsteorie	16
2.2.1.1	Agtergrond	16
2.2.1.2	Eienskappe van die agendastellingsteorie	17
2.2.1.3	Samevatting (agendastellingsteorie)	18
2.2.2	Die behoefte- en bevredigingsteorie	18
2.2.2.1	Kritiek teen die behoefte- en bevredigingsteorie	19
2.2.2.2	Samevatting (behoefte- en bevredigingsteorie)	20
2.2.3	Samevatting (Teorieë)	20
2.2.3.1	Sentrale teoretiese stelling 2	20
2.3	Die plaaslike pers	21
2.3.1	Agtergrond	21
2.3.2	Waar kom die plaaslike pers vandaan?	21
2.3.3	Die vereistes vir 'n "goeie" plaaslike koerant	23
2.3.3.1	Geografiese gebied	23
2.3.3.2	Die nuusonderwerpe in 'n "goeie" plaaslike koerant	25
2.3.3.3	Lesers van 'n plaaslike koerant	29
2.3.4	Wat maak van 'n plaaslike koerant 'n "goeie" koerant?	30
2.3.4.1	Redaksionele inhoud van 'n "goeie" plaaslike koerant	30
2.3.4.2	Bestuur van die plaaslike koerant	31
2.3.4.3	Advertensies in die plaaslike koerant	31
2.3.4.4	Sirkulasie van die plaaslike koerant	31

2.3.4.5	Produksie van die plaaslike koerant	32
2.3.5	Wat behels die plaaslike pers en wat is die funksie van die plaaslike koerant?	32
2.3.6	Samevatting (plaaslike pers)	34
2.3.6.1	Sentrale teoretiese stelling 3	35
2.4	Koerantontwerp	35
2.4.1	Agtergrond	35
2.4.2	Koerantontwerp	36
2.4.3	Die gebruik van kleur	38
2.4.4	Voorbladontwerp	38
2.4.5	Samevatting (Koerantontwerp)	39
2.4.5.1	Sentrale teoretiese stelling 4	39
2.5	Samevatting (Hoofstuk 2)	40

Hoofstuk 3

Die ontstaan van die Noord-Transvaler Metro

3.1	Inleiding	41
3.2	<i>Die Transvaler</i>	41
3.3	Die stigting van <i>Noord-Transvaler Metro</i>	43
3.3.1	Agtergrond	43
3.3.2	<i>Noord-Transvaler Metro</i>	45
3.3.3	Die uitvoering van <i>Metro</i>	47
3.3.4	Transvaler se nalatenskap vir <i>Metro</i>	49
3.3.5	<i>Metro</i> se nuusbeleid	50
3.3.6	Koms van <i>Metro</i>	52

Hoofstuk 4

Beskrywing en analise van Metro se voorblaai - Julie 1993 tot Junie 1994

4.1	Inleiding	55
4.2	<i>Metro</i> se voorbladnuusagenda van Julie 1993 tot Junie 1994	55
4.2.1	Teoretiese uitgangspunt	55
4.2.2	Beskrywing	56
4.2.2.1	Hoofberigte	56
4.2.2.2	Hooffoto's	59
4.2.2.3	Sekondêre berigte	61
4.2.2.4	"Ander" foto's	63
4.2.2.5	Prikkels	65
4.2.2.6	Grafika	67
4.2.3	Samevatting (nuusagenda)	68
4.3	<i>Metro</i> van Julie 1993 tot Junie 1994 en die vereistes van 'n "goeie" plaaslike koerant	69
4.3.1	Teoretiese uitgangspunt	69
4.3.2	Evaluering	70
4.3.2.1	Funksies van 'n plaaslike koerant en <i>Metro</i>	70
4.3.2.2	Geografiese gebied	70
4.3.2.3	Koerantinhoud	71
4.3.3	Samevatting (plaaslike koerantvereistes)	74
4.4	Die ontwerp van <i>Metro</i> van Julie 1993 tot Junie 1994	74
4.4.1	Teoretiese uitgangspunt	74
4.4.2	Evaluering van voorblaai	75

4.4.3	Samevatting (koerantontwerp)	83
4.5	Samevatting (hoofstuk)	83

Hoofstuk 5

Beskrywing en analise van Metro se voorblaaie - Julie 1994 tot Junie 1995

5.1	Inleiding	85
5.2	<i>Metro</i> se nuusagenda van Julie 1993 tot Junie 1994	85
5.2.1	Teoretiese uitgangspunt	85
5.2.2	Beskrywing	86
5.2.2.1	Hoofberigte	86
5.2.2.2	Hooffoto's	89
5.2.2.3	Sekondêre berigte	90
5.2.2.4	"Ander" foto's	93
5.2.2.5	Prikkels	95
5.2.2.6	Grafika	97
5.2.3	Samevatting (nuusagenda)	98
5.3	<i>Metro</i> van Julie 1994 tot Junie 1995 en die vereistes van 'n plaaslike koerant	100
5.3.1	Teoretiese uitgangspunt	100
5.3.2	Evaluering	101
5.3.2.1	Funksies van 'n plaaslike koerant en <i>Metro</i>	101
5.3.2.2	Geografiese gebied	101
5.3.2.3	Koerantinhoud	102
5.3.3	Samevatting (plaaslike koerantvereistes)	105
5.4	Die ontwerp van <i>Metro</i> van Julie 1994 tot Junie 1995	105

5.4.1	Teoretiese uitgangspunt	105
5.4.2	Evaluering van voorblaai	106
5.4.3	Samevatting (koerantontwerp)	109
5.5	Samevatting (hoofstuk)	109

Hoofstuk 6

Beskrywing en analise van Metro se voorblaai - Julie 1995 tot Junie 1996

6.1	Inleiding	111
6.2	<i>Metro</i> se nuusagenda van Julie 1995 tot Junie 1996	111
6.2.1	Teoretiese uitgangspunt	111
6.2.2	Beskrywing	112
6.2.2.1	Hoofberigte	112
6.2.2.2	Hooffoto's	115
6.2.2.3	Sekondêre berigte	118
6.2.2.4	"Ander" foto's	120
6.2.2.5	Prikkels	122
6.2.2.6	Grafika	124
6.2.3	Samevatting (nuusagenda)	125
6.3	<i>Metro</i> van Julie 1995 tot Junie 1996 en die vereistes vir 'n plaaslike koerant	126
6.3.1	Teoretiese uitgangspunt	126
6.3.2	Evaluering	127
6.3.2.1	Funksies van 'n plaaslike koerant en <i>Metro</i>	127
6.3.2.2	Geografiese gebied	127
6.3.2.3	Koerantinhoud	128
6.3.3	Samevatting (plaaslike koerantvereistes)	129

6.4	Die ontwerp van <i>Metro</i> van Julie 1995 tot Junie 1996	130
6.4.1	Teoretiese uitgangspunt	130
6.4.2	Evaluering van voorblaaie	131
6.4.3	Samevatting (koerantontwerp)	135
6.5	Samevatting (hoofstuk)	136

Hoofstuk 7

Slot

7.1	Inleiding	137
7.2	Die bereiking van navorsingsdoelwitte	137
7.2.1	Navorsingsdoelwit 1	137
7.2.2	Navorsingsdoelwit 2	138
7.2.3	Navorsingsdoelwit 3	140
7.2.4	Navorsingsdoelwit 4	141
7.3	Die beantwoording van algemene navorsingsvrae	143
7.4	Samevatting	144

Bylae

Bylaag A	146
Bylaag B	147
Bylaag C	157

Bylaag D	171
----------	-----

Bibliografie

Koerantartikels	172
Onderhoude	173
Boeke	173
Tydskrifte	177
Dokumente	180
Proefskrifte en verhandelings	180

Hoofstuk 1

Inleiding

1.1 Inleiding

Mense het 'n belangstelling in en behoefte aan nuus oor die mense, gebeure en sake wat die naaste aan hulle is. Daarom lees hulle plaaslike koerante¹: dit handel grootliks oor sake, gebeure, mense, instellings en plekke waarby die individu in sy meer intieme omgewing betrokke is (De Jager, 1979:5; Caughey, 1994:52; Steyn, 1990:16).

Vir dagblaaie is dit moeilik om dié tipe nuus genoegsaam te dek, wat aan kleiner, plaaslike koerante 'n gaping laat om te vul (De Jager, 1979:21-23). Laasgenoemde koerante het wesenlik dieselfde funksies as die groter koerante (dagblaaie), maar word versprei binne 'n kleiner geografiese gebied (byvoorbeeld 'n dorp) (De Jager, 1979:8). Die plaaslike koerant kan daarom voorsien in 'n besondere behoefte aan gemeenskapsinligting en dien ook as 'n meer bekostigbare advertensiemedium (Diederichs, 1993:83).

Die krag van die plaaslike pers lê gevolglik in die feit dat dit 'n eiesoortige openbare kommunikasiemEDIUM is (De Jager, 1979:49). Die behoefte daaraan word onderstreep deur die feit dat Suid-Afrika ongeveer 450 plaaslike koerante het, waarvan sommige gratis versprei word, maar ander 'n omslagprys het (Diederichs, 1993:82). Die belangrikste plaaslike koerante in Suid-Afrika (wat lede van Capro is) se totale leserstal is sowat 600 000 (Diederichs, 1993:84).

1.2 Agtergrond en probleemstelling

Hoewel 'n verskeidenheid verbandhoudende literatuur oor die plaaslike pers bestaan, is geen studie gevind nie wat spesifiek aandag skenk aan

¹ In die verhandeling word die term plaaslike koerante deurgaans gebruik hoewel onderskei kan word tussen buurtkoerante, gemeenskapskoerante en streekkoerante. Kyk ook 2.3

- die redes en konteks vir die stigting van 'n plaaslike koerant in Suid-Afrika; of
- die praktiese deurvoering van die doelwitte wat normaalweg vir sodanige koerante gestel word met die oog op die bevrediging van lesers se spesifieke behoeftes aan plaaslike nuus.

In dié studie is die vestiging van die plaaslike koerant *Noord-Transvaler Metro* (*Metro*) en die uitbou daarvan van Julie 1993 tot Junie 1996 kwalitatief bestudeer. Die studie fokus hoofsaaklik op die vestiging van die koerant ten einde groter begrip te kry van die totstandkoming en ontwikkeling van *Metro* as plaaslike koerant in Pretoria.

Om die stigting en eerste drie jaar van *Metro* beter te begryp, word die sogenaamde agendastellingsteorie (kyk 2.2.1) en behoefte- en bevredigingsteorie (kyk 2.2.2) in hierdie studie gebruik. Daar word gevolglik ondersoek ingestel na die wyse waarop die redaksie gepoog het om die veronderstelde behoeftes van huidige en potensiële lesers te bevredig.

Sodanige invalshoek veronderstel noodwendig dat 'n redaksie 'n bepaalde nuusagenda daarstel, vandaar die belang van die agendastellingsteorie - nie as voorspellingsteorie nie, maar om 'n beter begrip te verkry van die nuusmaakproses (volgens Serfontein, 1995); (kyk ook 2.2.1).

In noue verband hiermee staan die behoefte- en bevredigingsteorie, waarin die volgende vrae sentraal staan: Wie gebruik watter media, onder watter omstandighede, om watter redes, en met watter effek? (Rosengren, 1974:269). Die klem word dus in dié teorie geplaas op die individu en die redes waarom hy/sy 'n bepaalde kommunikasiemedium gebruik. Indien 'n medium aan sekere behoeftes van die gebruikers voldoen en hulle bevrediging daaruit kry, sal hulle die medium aanhou gebruik.

Die genoemde twee teorieë vind dus ten nouste aansluiting by mekaar in dié sin dat die koerant 'n bepaalde agenda daarstel, onder meer om die behoeftes van lesers te bevredig (volgens Kruger, 1985:22).

In dié studie is ondersoek ingestel na die redes vir die stigting van *Metro* in 1993 en die wyse waarop die redaksie van die blad probeer het om die inligtingsbehoefte van sy lesers te bevredig. Dit is onder meer gedoen deur bepaalde berigte, foto's en prikkels op die voorblad van die koerant te plaas asook deur kleur en bepaalde lettertipes op die voorblad te gebruik.

Die studie doen dus noodwendig ondersoek na die nuusagenda van *Metro*, soos dit op die voorblad van die blad gestalte gevind het.

1.2.1 Algemene navorsingsvrae

Algemene navorsingsvrae wat in die lig van bogenoemde gevra kan word, is:

1.2.1.1 Wat was die redes vir en konteks waarbinne *Metro* gestig is?

1.2.1.2 Watter nuusagenda (nuusonderwerpe) is via die verskillende items (hoofberig, sekondêre berig, prikkels en foto's) op die voorblad daargestel om die veronderstelde inligtingsbehoefte van die teikenpubliek (Afrikaanssprekende Pretorianers) te help bevredig?

1.2.1.3 In hoe 'n mate het *Metro* se voorblad in die jare 1993-1996 voldoen aan die riglyne wat in die literatuur (byvoorbeeld Stein, 1990:16; Tynen, 1992:56, Dary, 1994:134) gestel word vir 'n "goeie" plaaslike koerant en aan die beplande nuusagenda van *Metro* (kyk 3.3.5)?

1.2.1.4 In hoe 'n mate het *Metro* se voorblad in die jare 1993-1996 voldoen aan die riglyne wat deur Garcia (1993) gestel word vir moderne koerantontwerp?

1.2.2 Doelstellings van die studie

Die doelstellings van die studie is gevolglik:

1.2.2.1 Om die redes vir en konteks waarbinne *Metro* gestig is kwalitatief te beskryf

1.2.2.2 Om kwalitatief te beskryf watter nuusagenda aan die orde gestel is om die veronderstelde inligtingsbehoefte van die Afrikaanssprekende leerspubliek in Pretoria te probeer bevredig, dit wil sê hoe verskillende items (hoofberigte, sekondêre berigte, prikkels en foto's) ingespan is om 'n bepaalde voorrang/gesig aan verskillende nuusonderwerpe te gee. Deur sirkulasiesyfers van *Metro* te bestudeer kan vasgestel word of die voorbladagenda inderdaad aan dié behoeftes voldoen het.

1.2.2.3 Om kwalitatief vas te stel in hoe 'n mate *Metro* in die jare 1993-1996 voldoen het aan die vereistes wat in die literatuur gestel word vir 'n "goeie" plaaslike koerant en aan die beplande nuusagenda van *Metro*.

1.2.2.4 Om kwalitatief vas te stel in hoe 'n mate *Metro* se voorblaaie voldoen het aan die vereistes wat deur Garcia (1993) vir moderne koerantontwerp gestel word.

1.2.3 Breë sentrale teoretiese uitgangspunte

Ten einde bogenoemde doelstellings te bereik, word die volgende sentrale teoretiese uitgangspunte gestel:

1.2.3.1 Groter begrip kan verkry word van die redes vir die stigting van *Metro* deur te let op die totale historiese konteks wat behels: die sluiting van die *Transvaler* wat ruimte gelaat het vir 'n Afrikaanse weekblad in Pretoria, en die wyse waarop *Metro* beplan is en 'n eiesoortige karakter ontwikkel is.

1.2.3.2 Die agenda en inhoud van *Metro* se voorblaaie kan aan die hand van aspekte van die agendastellingsteorie en behoefte- en bevredigingsteorie verduidelik word.

1.2.3.3 *Metro* kan as plaaslike koerant beoordeel word aan die hand van die vereistes wat in die literatuur vir 'n goeie plaaslike koerant gestel word en aan die beplande nuusagenda van die koerant (kyk 3.3.5).

1.2.3.4 *Metro* se voorbladontwerp (waaronder die gebruik van lettertipes, kleur, foto's en eenheid tussen die verskillende elemente) kan aan die hand van Garcia (1993) se riglyne vir moderne koerantontwerp beoordeel word.

Dié uitgangspunte word ná bespreking van die onderskeie teorieë en riglyne in groter detail geformuleer.

1.3 Kwalitatiewe navorsing

In dié studie wil die navorser probeer verstaan wat die eienaar en redaksie gedoen het om onderskeidelik *Metro* te stig en te vestig. Hoewel van die doelwitte met die hulp van kwantitatiewe metodes behaal kan word, word hier gekies vir 'n kwalitatief-beskrywende benadering wat 'n mate van kwantifisering insluit. In dié studie word ook van historiese navorsingsmetodes gebruik gemaak (Christians & Carey, 1989:357).

Die verskillende gebeure aangaande die stigting en vestiging van *Metro* is nie as aparte dele gesien nie, maar as 'n eenheid. Dit word hier in konteks geplaas deur ook die verskillende gebeure en bydraes van die omgewing te ondersoek. Verder is moeite gedoen om die mense wat betrokke was by die stigting van *Metro* te verstaan (kyk 1.4.2). Dit is gedoen deur onderhoude met die mense te voer, waar hulle die geleentheid gebied is om hul optrede te verduidelik.

Die navorser het ook gepoog om nie subjektief betrokke te raak by die navorsing nie. Die datavel by die inhoudsanalise (kyk hoofstuk 2) het gehelp dat al die voorblaaie op dieselfde manier beoordeel kon word sonder subjektiwiteit (Taylor & Bogdan, 1984:5-8).

Geldigheid en betroubaarheid in die navorsing is nagestreef met behulp van triangulasie. Volgens Campbell & Fiske (1959) word triangulasie gebruik om te verwys na situasies waar "a hypothesis can survive the confrontation of a series of complementary methods of testing". Meestal verwys triangulasie na die gebruik van meer as een metode of teorie om 'n bepaalde verskynsel na te vors en te verduidelik. Soms word verskillende databronne of verskillende verhalings van die gebeure gebruik (Fielding & Fielding, 1986:24).

Fortner & Christians (1981:368) verduidelik triangulasie as die proses waar verskillende aspekte van die realiteit aan die lig gebring word. De Beer (1980:28) stel dit dat die toets van die wetenskaplike aard van enige navorsing daarin lê dat die resultate bevestig word deur middel van triangulasie. Hy voeg by: "The goal of triangulation is to build a fully rounded analysis of a research phenomenon, by combining all lines of attack, each probe only revealing certain aspects of the symbolic reality."

In die geval van dié studie behels triangulasie dat meer as een bron gebruik word om inligting oor dieselfde gebeure te bekom, asook dat verskeie teorieë en kriteria gebruik word. Om die stigting van *Metro* te beskryf, is onderhoude met twee verskillende betrokkenes gevoer en koerante (*Transvaler* en *Metro*) asook dokumente bestudeer.

1.4 Metodes van ondersoek

Om die verskillende doelstellings van die studie te kan bereik, is verskeie navosingsmetodes gebruik, naamlik 'n literatuurstudie, onderhoude, die bestudering van dokumente en ou koerante en 'n kwalitatiewe inhoudsanalise van die voorblaaie van die koerant.

1.4.1 Literatuurstudie

Om die derde doelwit te kon bereik, naamlik om *Metro* se nuusagenda volgens 'n lys kriteria vanuit die literatuur te kon beoordeel, is 'n literatuurstudie oor die plaaslike pers gedoen. Hoewel die meeste van die literatuur nie handel oor die plaaslike pers in Suid-Afrika nie, was die inligting bruikbaar vir dié studie.

1.4.2 Onderhoude

Onderhoude is gevoer met Francois Aucamp, besturende redakteur van *Metro*, en Louis Kruger, bestuurder van *Klerksdorp Rekord*. Dié twee was nou betrokke by die stigting van *Metro*.

Die onderhoude wat gevoer is, was semi-gestruktureerd. Die navorser het vrae opgestel, maar die gesprek redelik oop laat verloop sodat soveel

moontlik inligting rakende die stigting van *Metro* na vore kon kom (Bogdan & Taylor, 1984:77). Dit het egter ook meegebring dat die respondente afgedwaal het van die kern van die vrae wat gestel is.

Onderhoude is gebruik omdat die navorsingsdoelwit met betrekking tot die stigting van *Metro* duidelik was. Die tyd waarbinne die navorsing gedoen moes word, was redelik beperk en deur middel van onderhoude kon 'n groot hoeveelheid inligting in 'n kort tyd bymekaar gemaak word. Notas, wat daarna getranskribeer is, is tydens die onderhoude geneem.

'n Probleem met die onderhoud met Aucamp was dat hy die navorser eerder as 'n werknemer as 'n navorser gesien het. In dié geval moes die navorser die redakteur daarop gewys dat hy nie kan aanvaar dat die navorser dinge weet net omdat sy in daardie stadium by *Metro* gewerk het nie. Hy is versoek om vrae te beantwoord soos wat hy sou doen al het die navorser geen verbintenis met *Metro* gehad nie.

1.4.3 Dokumentasie

Een van die dokumente wat bestudeer is om inligting oor *Metro* se ontstaan in te samel, is 'n dokument van 'n werkskomitee wat die toekoms van *Transvaler* moes ondersoek. Dié is aan die direksie van Perskor voorgelê en het die komitee se planne rakende *Metro* verduidelik (Perskor, 1993a). Die agenda van 'n bosberaad wat dié werkskomitee gehou het (Perskor, 1993b) asook 'n marknavorsingsverslag oor die teikenlesers in Pretoria is onder oë geneem (Markinor, 1993). Verder is tersaaklike berigte en artikels in *Transvaler* en *Metro* bestudeer.

Die dokumente is gebruik om veral die historiese ontwikkeling van *Metro* te kon opteken. Die dokumente het gedien om inligting wat uit die onderhoude met Aucamp en Kruger verkry is, te kontroleer.

1.4.3.1 Probleme wat met dokumentasie ervaar is

Van sommige tersaaklike dokumente bestaan geen afskrifte nie en oorspronklikes moes opgespoor word. Verder kon geen memorandumms oor die stigting van *Metro* opgespoor word nie.

1.4.4 Kwalitatiewe/kwantitatiewe inhoudsanalise

In 'n poging om die tweede, derde en vierde doelstellings te bereik, is gebruik gemaak van 'n kwalitatiewe inhoudsanalise, hoewel 'n mate van kwantifisering gedoen is.

Met behulp van 'n inhoudsanalise kon die nuusagenda op die voorblad van die koerant maklik en akkuraat vasgestel word (kyk 1.4.4.1a). Die gebruik van kleur, lettertipes en uitleg kon ook deur middel van die inhoudsanalise bepaal word.

Die resultate van die inhoudsanalise is ook op 'n kwalitatiewe wyse geïnterpreteer.

1.4.4.1 Kwantitatiewe inhoudsanalise as wetenskaplike metode

Wanneer gebruik gemaak word van kwalitatiewe inhoudsanalise, word die betekenis van die inhoud bestudeer. Dit gaan eerder om die beskrywing en vergelyking van die boodskap, as die statistiese klassifisering daarvan (Finn, 1978:49). Dit bied dus 'n veel breër basis vir gevolgtrekkings en afleidings (Holsti, 1969:10:11). Die konteks waarbinne 'n stelling gemaak word, is soms baie belangriker as die feit dat dit bloot een of meer keer na vore gekom het. Die aantal keer wat 'n bepaalde stelling of tema na vore kom, bepaal dus nie die belangrikheid daarvan nie. Daar is dus juis na sulke tipe uitsonderings op *Metro* se voorblad gelet - inhoudgewys sowel as uitleggewys - om beter te kan verstaan wat die redaksie gedoen het om die koerant te vestig.

Kwantitatiewe en kwalitatiewe inhoudsanalises het voor- en nadele. Teoretici (Holsti, 1969:11; Rosengren, 1980:137-140) meen dat die twee metodes eerder saam gebruik moet word as in teenstelling met en uitsluiting van mekaar. In elk geval is nie een van die twee metodes suiwer kwantitatief of

kwalitatief van aard nie. In dié studie is daar wel sterk gebruik gemaak van enkelvoudige frekwensietabelle, maar die syfers is nie op sigself aanvaar nie. Ondersoek is gedoen oor waarom die syfers lyk soos hulle lyk. Daar is dus aansluiting gevind by genoemde teorieë.

'n Verdere kwessie is of net die manifeste inhoud (dit wat fisiek daar staan) of ook die latente inhoud (dit wat bedoel word met die inhoud) ontleed moes word. Vir dié studie word net gekonsentreer op manifeste inhoud. In die praktiese uitvoering van die studie is besluit om net die opskrifte en eerste paragrawe van berigte te gebruik vir die inhoudsanalise.

Aangesien die inhoudsanalise wat in dié studie gedoen is, kwalitatief van aard is, is daar gelet op die gebruik van kleur en lettertipes op die voorblad. Al die voorblaaie wat in die inhoudsanalise gebruik is, is op presies dieselfde manier ontleed deur van 'n datavel gebruik te maak. Die gebruik van dié spesifieke datavel maak dit dus ook moontlik om die studie te kan herhaal (Smith, 1988:263-264).

Die inligting wat uit so 'n inhoudsanalise verkry word, behoort dit moontlik te maak om geldige en herhalende vergelykings oor die konteks en inhoud (in dié geval ook aanbieding) van berigte te kan maak (kyk hoofstukke 4-6) (Smith, 1988:263-264; Holsti, 1988:264)

Al die koerante wat in die tydperk Julie 1993 tot Junie 1996 verskyn het, is gebruik. Die volledige koerante is egter nie bestudeer nie, maar net die voorblaaie omdat dit die vertoonvenster van die hele koerant is. Dit het die studie ook hanteerbaar gemaak en betroubaarheid en geldigheid help verseker.

Die inhoudsanalise is chronologies gedoen: die koerante, wat almal in *Metro* se argief is, is sistematiese deurgewerk deur elke voorblad met behulp van dieselfde datavel te analiseer.

Om te verseker dat die inhoudsanalise wel wetenskaplik van aard is, moet aan twee vereistes voldoen word, naamlik betroubaarheid en geldigheid.

Betroubaarheid behels dat indien die studie herhaal sou word, die resultate presies dieselfde moet wees. Betroubaarheid word grotendeels daardeur bepaal dat die kodeerders almal dieselfde begrip het van die reëls en dit eenders toepas. In die geval van dié studie was daar egter slegs een kodeerder, wat 'n probleem kan wees. Daar was wel 'n baie duidelike stel reëls wat die navorser gedwing het om al die voorblaaie op dieselfde manier te analiseer.

Die volgende riglyne is streng gevolg:

- Daar is slegs na die opskrif en eerste paragraaf van die item (hoofberig, hooffoto, sekondêre berig, foto's en grafika) gekyk.
- In gevalle waar meer as een kategorie in 'n berig voorkom, is die kategorie wat die sterkste na vore kom, gekies.

Die kategorieë wat gebruik is, is die volgende:

- Plaaslike politiek (PP) - Enige verwysing na plaaslike politieke gebeure in Pretoria
- Sport (SPO) - Enige verwysing na 'n sportsoort buiten rugby, atletiek en skolesport
- Rugby (RUG) - Enige verwysing na rugby
- Misdaad (MIS) - Enige verwysing na misdaad, soos byvoorbeeld bedrog of moord
- Maatskaplik (MAT) - Enige verwysing na maatskaplike aangeleenthede soos byvoorbeeld kindermishandeling en armoede
- Finansiële (FIN) - Enige verwysing na finansiële sake
- Omgewing/natuur (NAT) - Enige verwysing of foto met verwysing na die natuur, diere uitgesluit

- Medies (MED) - Enige verwysing na mediese sake, soos byvoorbeeld hospitale
- Diere (DIE) - Enige verwysing na diere
- Menslike belang (MB) - Enige verwysing na aangeleenthede waar menslikheid sentraal staan. Hieronder is ook sowel menslike rampe as motorongelukke geklassifiseer
- Skole (SK) - Enige verwysing na skole of skolesport
- Vermaak (VER) - Enige verwysing na die vermaaklikheidswêreld
- Wedstryd (WED) - Enige verwysing na 'n wedstryd, buiten skoonheidswedstryde
- Nasionale politiek (NP) - Enige verwysing na politiek wat op nasionale vlak afspeel, al gebeur dit in Pretoria
- Atletiek (ATL) - Enige verwysing na atletiek, buiten waar skoliere betrokke is
- Kultuur (KUL) - Enige verwysing na kultuuraangeleenthede, soos byvoorbeeld Afrikaanse kulturgebeure
- Tersiêre onderrig (TO) - Enige verwysing na universiteite, kolleges en teknikons
- Spesiale bylae (SB) - Enige verwysing na spesiale bylaes (van watter aard ookal) wat in *Metro* verskyn
- Polisie/weermag (PW) - Enige verwysing na die spesifieke magte self
- Stadsraad (STR) - Enige verwysing na die drie stadsrade van groter Pretoria (Akasia, Centurion, Groter Pretoria Metropolitaanse raad)
- Godsdienst (GOD) - Enige verwysing na gebeure wat godsdienstig van aard is, byvoorbeeld gebeure in die verskillende kerke
- Media (MED) - Enige verwysing na die media (hetsy gedruk of uitsaaimedia)
- Skoonhede (SKO) - Enige verwysing na skoonhede of skoonheidswedstryde, buiten in die geval waar 'n skoonheid in 'n foto gebruik word om 'n ander tema (soos byvoorbeeld 'n wedstryd of rugby) te help illustreer
- *Elegant* (EL) - spesifieke verwysing na dié afdeling van die koerant

- *Insig* (IN) - spesifieke verwysing na dié afdeling van die koerant
- *Applous* (AP) - spesifieke verwysing na dié afdeling van die koerant
- *Vroue* (VRO) - Verwysings na vroue waar vrouenuus sentraal staan

As 'n berig, foto of prikkel in 'n spesifieke kategorie ingedeel is, is dit op die datavel (kyk bylaag D) aangeteken. Grafika is aangeteken onder foto's, maar by die opmerkings aangeteken as grafika. Die inligting wat uit die inhoudsanalise gekry is, is opgedeel in die drie jare (Julie 1993 tot Junie 1994, Julie 1994 tot Junie 1995, Julie 1995 tot Junie 1996). In elke afdeling (hoofberigte, hooffoto's, "ander" foto's, prikkels, grafika en sekondêre berigte) is elke nuusonderwerp (byvoorbeeld misdad, sport ensomeer) opgetel en weergegee in grafieke (kyk bylaag C). Dié resultate word volledig in hoofstukke 4, 5 en 6 bespreek.

Buiten dat die studie betroubaar moes wees, moes dit ook geldig en sistematies wees. Daar is reeds aangetoon dat deur chronologies en met behulp van 'n datavel te werk, sistematies gewerk kon word en dat geldigheid op dié manier teweeggebring kon word (Budd, et al., 1967:14; Gerber, 1980:42; Budd, et al., 1967:15; Holsti, 1969:4-5)

Omdat geldigheid behels dat die meetinstrument moet meet wat dit veronderstel is om te meet, moes die nuusagenda van *Metro* bepaal word en daarvolgens is afleidings gemaak oor die uitleg van die koerant.

Ondanks die feit dat daar bepaalde leemtes in kwalitatiewe inhoudsanalise is, is dit soms die aangewese metode wat 'n navorser kan gebruik om 'n bepaalde verskynsel te bestudeer. In dié geval is geoordeel dat dit 'n kwalitatiewe, kontekstuele benadering is omdat die onderwerp en stof hul daartoe geleen het.

Betroubaarheid was die grootste probleem in dié studie. Die feit dat daar net een kodeerder vir die inhoudsanalise was, kon die betroubaarheid van die

studie nadelig beïnvloed. Die sistematiese werkswyse en die feit dat alle voorblaaie in die gekose tydperk ontleed is, het die probleem ondervang.

Nog 'n probleem wat die navorser ondervind het, was om onbetrokke te bly, aangesien die navorser self by *Metro* gewerk het. Deur ses maande se *Metro*'s op 'n slag te analiseer en dit dan sistematies en streng volgens die datavel te analiseer, is gepoog om dié probleem op te los.

1.4.5 Historiese navorsing

Aangesien die geskiedenis van *Metro* nog nie opgeteken is nie, moes historiese navorsing gedoen word om die stigting van *Metro* te kon beskryf. Om hierdie geskiedenis te kon opteken, is gebruik gemaak van dokumentasie (kyk 1.4.3), onderhoude (kyk 1.4.2) en 'n literatuurstudie (kyk 1.4.1).

1.5 Hoe skakel die metode met die doelstellings van die studie?

Om die navorsingsdoelwitte wat vir die studie gestel is te kon bereik, moes die navorsingsmetode wat gebruik word toepaslik wees. Spesifieke metodes word aan die onderskeie doelstellings geheg soos wat vervolgens uiteengesit is:

1.5.1 Doelstelling 1

*Om die redes vir en konteks waarbinne **Metro** gestig is kwalitatief te beskryf.*

Die eerste doelstelling van die studie was om historiese navorsing te doen oor die totstandkoming van *Metro*. Die redes vir die stigting van *Metro*, in watter konteks dit plaasgevind het en ook hoe dit gebeur het, is daarom nagevors. Literatuur wat bestaan oor die stigting van *Metro* is bestudeer, asook dokumentasie. Om 'n dieper dimensie van die vestiging van die koerant bloot te lê, is onderhoude met enkele van die sleutelmense direk betrokke by die stigting van *Metro* gevoer.

'n Volledige hoofstuk is aan dié doelstelling afgestaan, aangesien dit die hele konteks beskryf waarbinne *Metro* funksioneer (kyk hoofstuk 3).

1.5.2 Doelstelling 2

*Om kwalitatief vas te stel watter nuusagenda (dit wil sê welke onderwerpe en met welke gewig) in die verskillende items op die voorblad (hoofberig, sekondêre berigte, foto's en prikkels) aan die orde gestel is om die veronderstelde inligtingsbehoefte van die Afrikaanssprekende leserspubliek in Pretoria te probeer bevredig. Deur sirkulasiesyfers van **Metro** te bestudeer kan vasgestel word of die voorbladagenda inderdaad aan dié behoeftes voldoen het.*

Deur hierdie doelstelling in te sluit, kon vasgestel word wat die redaksie inhoudsgewys gedoen het om *Metro* te vestig.

Die inhoudsanalise wat gedoen is, het lig gewerp op wat die nuusagenda van *Metro* die eerste drie jaar van sy bestaan was. Daar kon ook duidelike neigings en uitsonderings geïdentifiseer word. Die onderhoud met die redakteur het gehelp om die nuusagenda wat op die voorblad van die koerant uitdrukking gevind het, vas te stel.

1.5.3 Doelstelling 3

*Om kwalitatief vas te stel in hoe 'n mate **Metro** in die jare 1993-1996 voldoen het aan die vereistes wat in die literatuur gestel word vir 'n "goeie" plaaslike koerant en aan die nuusagenda wat oorspronklik vir **Metro** beplan is.*

'n Literatuurstudie het 'n aantal vereistes opgelewer waaraan 'n plaaslike koerant behoort te voldoen om as 'n "goeie" plaaslike koerant beskou te word. *Metro* se voorblad-inhoud is vergelyk met vereistes wat die literatuur stel om aan die einde van die studie te kan evalueer of *Metro* aan die standarde voldoen wat vir plaaslike koerante gestel word.

1.5.4 Doelstelling 4

*Om kwalitatief vas te stel in hoe 'n mate *Metro* se voorblaaie voldoen het aan die vereistes wat deur Garcia (1993) vir moderne koerantontwerp gestel word.*

Die stigters van *Metro* het nie bewustelik gebruik gemaak van Garcia se bydraes oor koerantontwerp toe die koerant ontwerp is nie, maar die voorbladuitleg van *Metro* is met die vereistes wat hy stel vergelyk sodat dit aan eksterne kriteria onderwerp kon word. Nie net die inhoud van die berig help die agenda stel nie, maar ook die aanbieding daarvan en is dus belangrik. Die aanbieding en voorkoms van 'n koerant dra immers daartoe by of die leser die koerant wil koop en lees of nie (Garcia, 1993:9).

Die inhoudsanalise wat gedoen is om die nuusagenda van *Metro* te bepaal, is ook gebruik om dié doelstelling te bereik. Daar is spasie gelaat op die datavel waar opmerkings gemaak is oor die uitleg van die koerant.

1.6 Samevatting (hoofstuk)

In dié hoofstuk is 'n motivering gestel vir die studie. Navorsingsvrae is gevra en bepaalde doelwitte en teoretiese stellings is geformuleer om dié vrae te kan beantwoord. 'n Verduideliking van die navorsingsmetode wat gevolg word, is gegee om aan te toon hoe die doelwitte bereik gaan word.

In die volgende twee hoofstukke word die teorieë en inligting wat gebruik is om die sentrale teoretiese stellings te vorm, uiteengesit. In hoofstuk 2 word die agendastellingsteorie en die behoefte- en bevredigingsteorie bespreek, waarna 'n volledige sentrale teoretiese stelling ten opsigte van dié inligting gegee word. Die vereistes vir 'n goeie plaaslike koerant asook die vereistes vir goeie koerantontwerp is ook in dié hoofstuk bespreek, gevolg deur verbandhoudende sentrale teoretiese stellings. Die geskiedenis van *Metro* word in hoofstuk 3 uiteengesit, ook gevolg deur die breë sentrale teoretiese uitgangspunte.

Hoofstuk 2

Teoretiese uitgangspunte

2.1 Inleiding

Die eerste deel van dié hoofstuk handel oor die teorieë met behulp waarvan die vestiging van *Metro* verstaan kan word. Die tweede deel handel oor wat die literatuur oor die plaaslike pers sê en die derde oor Garcia (1993) se riglyne vir goeie koerantontwerp. Teen dié agtergrond word ten slotte spesifieke sentrale teoretiese stellings geformuleer.

2.2 Die teorieë wat in dié studie gebruik is

Die agendastellingsteorie en die behoefte- en bevredigingsteorie word net gebruik om die denkraamwerk waarbinne die studie gedoen word, te verduidelik.

2.2.1 Die agendastellingsteorie

2.2.1.1 Agtergrond

Die uitgangspunt van die agendastellingsteorie is deur dat 'n publikasie spesifieke inligting publiseer, dit mense laat dink oor dié gebeure (Severin & Tankard, 1982:253). Die lesers van 'n koerant het egter ook bepaalde behoeftes aan inligting (kyk 2.2.2). Die redaksie van *Metro* het 'n persepsie van dié behoeftes gehad en het probeer om dit te bevredig deur die nuusitems wat hulle op die voorblad van die koerant geplaas het. Die nuusagenda wat dus op *Metro* se voorblad gestel is, is beïnvloed deur beide die keuse van die redaksie oor wat hulle as nuuswaardig vir hul lesers beskou het en die lesers se inligtingsbehoefte.

Nog 'n belangrike gedagte van die agendastellingsteorie wat veral van toepassing is op dié studie, is dat die media die leser se aandag bepaal deur die keuse, aanbieding en plek van plasing van 'n berig asook die visuele en inhoudelike aanbieding van die berig (kyk 2.3).

2.2.1.2 Eienskappe van die agendastellingsteorie

Sowel bepaalde eienskappe wat aan 'n nuusgebeurtenis geheg word (nuuswaardes) as faktore soos beperkte tyd, ruimte en finansiële vermoëns dra by tot die selektering van 'n gebeurtenis as belangrik en nuuswaardig. Alles wat in die samelewing gebeur, is dus nie noodwendig nuuswaardig nie (Steyn, 1995:53).

Die praktiese implikasie van die agendastellingsteorie is dat die redaksie van 'n koerant 'n bepaalde siening van nuus het en dié siening weergee in die koerant. Deur spesifieke aandag aan bepaalde berigte te gee, skep die koerant sy eie media-agenda. Volgens Steyn (1995:30) word die media-agenda oorgedra aan die gehoor en mag dit 'n invloed op die openbare agenda hê.

Dit gaan met betrekking tot die agendastellingsteorie nie meer oor die effek wat die media op die gehoor het nie, maar eerder oor die bewustheid wat die media onder lesers skep oor sekere sake. Gebeure se belangrikheid word deur die media beklemtoon (McQuail & Windahl, 1981:62, Littlejohn, 1989:272).

Die agendastellingsfunksie gebeur nie ongestoord nie. Verskeie faktore beïnvloed die proses. Soos reeds gestel, is die inligtingsbehoefte van lesers 'n belangrike bydraende faktor by agendastelling (byvoorbeeld Shaw, 1979:99, kyk 2.4.3).

Nog 'n faktor wat die agendastellingsproses beïnvloed, is dat persoonlike ervaring die agendastellingseffek verhoog omdat dit belangstelling in 'n gebeurtenis verhoog. As mense dus betrokke was by of op een of ander manier deur 'n gebeurtenis beïnvloed is, en *Metro* lewer verslag daarvoor gaan mense waarskynlik die koerant juis daarvoor koop en lees (Serfontein,

1995:28). Daar is weer eens 'n duidelike verbintenis tussen redaksie en leser by die vestiging van die media-agenda.

2.2.1.3 Samevatting (Agendastellingsteorie)

Samevattend kan die volgende na aanleiding van die agendastellingsteorie gesê word:

Metro se redaksie was selektief oor watter sake aandag moet geniet of nie. Op grond van dié keuse en wat die redaksie verwag sy lesers wil lees, het die redakteur en joernaliste van *Metro* as hekwegters opgetree om te bepaal watter sake meer aandag moet kry en watter nie.

Hoe hoër die nuuswaarde van 'n bepaalde gebeurtenis en die verwagting dat lesers 'n behoefte aan dié inligting het, hoe hoër op *Metro* se agenda sal dit te wagte wees. Belangrike berigte sou dus ook sterker en duideliker aangebied gewees het as berigte wat as van minder belang beskou word.

Die inligtingsbehoefte van lesers is 'n kernbegrip in dié studie, vandaar die belang van die behoefte- en bevredigingsteorie.

2.2.2 Die behoefte- en bevredigingsteorie

Die kernvrae wat gevra word wanneer met die behoefte- en bevredigingsteorie gewerk word, is wat die mens met die media doen, hoekom hy dit lees en of die mens (ook die lesers van *Metro*) 'n invloed het op die medium wat hy gebruik. Anders gestel: het *Metro* se lesers die nuusagenda beïnvloed (McQuail, 1979; Elihu Katz, 1959; Berelson, 1959; Blumler & McQuail, 1969).

Die uitgangspunt van die model, soos reeds gestel, is dat die mens (in dié geval die leser van *Metro*) sekere behoeftes aan inligting het. Die verwagting word geskep dat die medium (byvoorbeeld *Metro*) dié behoeftes kan bevredig. Dit lei tot verskillende gebruike van die medium en dan ook tot die

bevrediging van die behoefte aan inligting (Katz et al; 1974; Rosengren, 1981:77).

Kortliks kan Laswell se kommunikasieteorie omgeswaai word en toegepas word op die behoefte- en bevredigingsteorie deur dit so te stel: Wie gebruik watter media, onder watter omstandighede, om watter redes en met watter effek? (Rosengren, 1974:269)

Toegepas op dié studie sou die teorie kon lees - wie lees *Metro*, onder watter omstandighede, om watter redes en met watter effek? Die navorser is egter net geïnteresseerd in dié deel van die teorie wat stel dat omdat mense 'n behoefte aan inligting het, hulle 'n koerant sal lees om dié behoefte te bevredig. Die moonlike effek wat *Metro* op sy lesers gehad het, word nie in die studie aan die orde gestel nie. Dit is egter wel belangrik dat die redaksie van die *Metro* 'n persepsie gehad het oor wat *Metro* se lesers se inligtingsbehoefes was, sodat hulle berigte kon plaas wat die lesers se aandag so sou boei dat hulle die koerant wou wou lees. Dus het die veronderstelde inligtingspersepsie wat *Metro* se redaksie van die lesers se nuusbehoefes gehad het, 'n bepalende invloed gehad het op die agenda wat deur die koerant gestel is.

2.2.2.1 Kritiek teen die behoefte- en bevredigingsteorie

Kritiek teen die behoefte- en bevredigingsteorie is dat die teorie baie individualisties is en moeilik is om op groter groepe toe te pas. In die geval van dié studie, waar geen lesersondersoek ingestel is om te peil of *Metro* wél die behoeftes van sy lesers bevredig het nie, is dit wel moontlik om die teorie op 'n redelike groot groep toe te pas (McQuail & Windahl, 1981:78).

Die teorie toon verder geen of weinig sensitiwiteit jeens die vermoë en nuanses van die media-inhoud nie. Dit is dan ook waarom nie net die behoefte- en bevredigingsteorie hier gebruik word nie, maar ook 'n faset van die agendastellingsteorie.

2.2.2.2 Samevatting (Behoeft- en bevredigingsteorie)

Die gebruik van die behoefte- en bevredigingsteorie in dié studie kan gemotiveer word deur die feit dat dit die gehoor se aandeel probeer omskryf in die bepaling van die voorblad-agenda. Die teorie verduidelik dat mense bepaalde inligtingsbehoefte het wat hulle wil bevredig en *Metro* dus sou koop indien die koerant se nuusagenda aan dié behoeftes voldoen het. Dus is *Metro* se nuusagenda nie net deur die redaksie bepaal nie, maar ook deur die lesers beïnvloed.

2.2.3 Samevatting (Teorieë)

In die verduideliking van die twee teorieë kom dit duidelik na vore dat *Metro* as koerant 'n bepaalde agenda moes stel van die gebeurtenisse wat die redaksie as belangrik beskou het en wat die lesers graag wou lees, om sodoende die veronderstelde behoeftes aan inligting van sy lesers te bevredig.

In dié studie val die klem eerder op die redaksie se pogings om 'n bepaalde nuusagenda op *Metro* se voorblad te stel, maar die veronderstelde inligtingsbehoefte van die lesers word nie uit die oog verloor nie. Wanneer die nuusagenda bepaal is, kan dit met verkoopsyfers van die koerant vergelyk word om te bepaal of die nuusagenda wat op *Metro* se voorblad gestel is, voldoen het aan dié behoeftes.

2.2.3.1 Sentrale teoretiese stelling 2

Die sentrale teoretiese stelling in verband met die agendastellings- en behoefte- en bevredigingsteorie kan as volg gestel word:

Die agenda en inhoud van Metro se voorblaaie kan aan die hand van aspekte van die agendastellingsteorie en die behoefte- en bevredigingsteorie verduidelik word, naamlik dat

● *Metro se redaksie 'n keuse uitgeoefen het oor die gebeure waarop hulle hul lesers se aandag wou vestig, sonder om noodwendig die leser se mening te beïnvloed;*

- *dié keuse beïnvloed is deur die inligtingsbehoefte van Metro se lesers;*
- *die leser se aandag bepaal is deur die aanbieding en plek van plasing van 'n berig asook die visuele en inhoudelike aanbieding.*

2.3 Die plaaslike pers

2.3.1 Agtergrond

Reg oor die wêreld koop mense daaglik 'n koerant of word 'n koerant voor hul deur afgelewer. Baie van dié koerante is nasionale dagblaaië, maar die oorgrote meerderheid is plaaslike koerante wat een of twee keer per week verskyn. Die plaaslike pers is dus wêreldwyd 'n baie groot bedryf, onder meer omdat die karakter van 'n gemeenskap vasgevang word in die plaaslike koerant van daardie gemeenskap (Mark, 1991:12).

Mense gebruik plaaslike koerante om inligting oor die bedrywighede van individue en organisasies in die gemeenskap te kry. Die besigheidskorps in die gemeenskap gebruik die koerant vir advertensies.

Selfs al is daar 'n groot dagblad in dieselfde omgewing, behoort 'n plaaslike koerant steeds te kan voortbestaan, aangesien 'n plaaslike koerant berigte aan lesers bring oor mense wat hulle beter ken en gebeurte wat hulle intiemer raak (volgens Emery, Ault & Agee, 1975:198). Hoe groter die koerant is, hoe minder belangrik raak name en daar is nie meer persoonlike kontak met die leser nie.

2.3.2 Waar kom die plaaslike pers vandaan?

Die eerste "koerante" het tydens Julius Caesar se regeringstyd (59 vC) ontstaan. Die beweegbare drukpers wat deur Johann Gutenberg in die 15e eeu ontwikkel is, het dit vir die eerste keer moontlik gemaak om koerante te druk, wat teen 1620 in Europa gebeur het (Diederichs, 1993:72-73). Hierdie eerste koerante was eintlik maar plaaslike koerante omdat daar nie baie gedruk kon word of soveel en so ver verprei kon word nie (Fourie, 1975). 'n Koerant is net in die plaaslike dorp versprei omdat paaie sleg was en dorpe

ver uit mekaar was. Die eerste koerante in Suid-Afrika was ook plaaslik omdat dit net in 'n bepaalde dorp uitgegee is. Dit is grootliks weens die feit dat baie mense ongeletterd was en dat verkeersweë sleg was, wat verspreiding moeilik gemaak het (De Jager, 1979:33).

Teen die Tweede Wêreldoorlog was daar egter eerder 'n neiging na die massakoerant. Geletterdheid het verbeter en heelwat dagblaaie, veral Engelstalige koerante, het in die myndorpe ontstaan. Die rede hiervoor was dat die Engelssprekende mense beter geletterd was en 'n groter behoefte aan koerante gehad het as die Afrikaanssprekende mense van die tyd (De Jager, 1979:37). Mettertyd het gemeenskappe buite die groot sentra ontstaan wat hul eie spesifieke nuusbehoefte gehad het. Om aan hierdie behoeftes te voldoen, is koerante in die dorpe en voorstede gestig (De Jager, 1979:39).

Die plaaslike pers in Suid-Afrika is 'n florerende bedryf waarvan die omvang heelwat groter is as wat soms vermoed word. Daar is ongeveer 450 plaaslike of gemeenskapskoerante in Suid-Afrika. Die meeste van hierdie koerante verskyn weekliks in 'n bepaalde dorp, streek of voorstad. Sommige van die koerante is gratis, terwyl ander 'n omslagprys het.

Die meeste plaaslike koerante in Suid-Afrika is tweetalig (Engels en Afrikaans) hoewel sommige, soos *Metro*, eentalig is. Dié koerante vermy ook oor die algemeen nasionale politiek en probeer om apolities te wees.

Sommige van die koerante het 'n lang geskiedenis, hoewel ander meer onlangs ontstaan het. Baie van die koerante is onafhanklik, terwyl ander aan die groot persgroepe behoort (Diederichs, 1993:82-83).

Die plaaslike pers het met die koms van televisie in 1976 'n nuwe tydvak binnegegaan met nuwe groeimoontlikhede. Adverteerders wil nie hul advertensies nasionaal oor televisie uitsaai nie en het 'n ander medium gesoek om plaaslik te adverteer. Dagblaaie is nie soseer op 'n spesifieke

gemeenskap gerig nie, en daarom verkies adverteerders om van plaaslike koerante gebruik te maak. In 1990 was die totale bedrag advertensiegeld wat op die plaaslike pers gespanneer is ongeveer R106,7miljoen (Diederichs, 1993:84).

Organisasies bestaan wat ten doel het om hierdie groot bedryf in Suid-Afrika te help organiseer. Die Drukpers-assosiasie (forum van die Nuusblad-Persunie) het ten doel om die belange van plaaslike koerante te bevorder. Capro (Central Advertising Office for the Provincial Press) is gestig om as advertensieliggaam vir die plaaslike pers in SA op te tree. Die rede is dat dit aan die begin baie moeilik was vir plaaslike koerante om nasionale advertensies te werf. Capro voldoen aan dié behoefte.

Vanuit hierdie beskrywing kan afgelei word dat die plaaslike pers 'n omvangryke bedryf in Suid-Afrika is. Tog is min navorsing nog daaroor gedoen.

2.3.3 Die vereistes vir 'n "goeie" plaaslike koerant

Uit die literatuur kom daar 'n hele paar vereistes na vore waaraan 'n plaaslike koerant moet voldoen om 'n "goeie" plaaslike koerant te wees.

2.3.3.1 Geografiese gebied

Die geografiese gebied waar die koerant versprei word, is 'n kernbegrip wanneer die plaaslike pers bestudeer word.

De Jager (1979:7) beskryf 'n plaaslike koerant as 'n koerant wat binne 'n bepaalde geografiese gebied versprei word. Die koerant word uitgegee vir mense wat die meeste van hul tyd in dié gebied deurbring en is dus 'n medium vir die vervulling van die basiese en kommunikasiebehoefte van die lede van die gemeenskap (kyk 2.2). Die plaaslike koerant het dieselfde take as die nasionale openbare media, maar net in die onmiddellike omgewing. Die koerant speel weens sy aard 'n eiesoortige rol in die bemarkings-kommunikasie-opset van 'n bepaalde gebied (De Jager, 1979:8).

Metro word net in Groter Pretoria versprei. Die nuus waaroor die koerant berig, fokus hoofsaaklik op gebeure in die koerant se verspreidingsgebied. Die spesifieke nuusbehoefte van die mense in Pretoria is immers verskillend van dié van ander stede of dorpe.

'n Koerant soos *Metro*, wat weekliks of selfs meer as een keer per week (nie in die geval van *Metro* nie) binne die grense van 'n bepaalde geografiese gebied uitgegee word en uitsluitlik vir die inwoners van die geografiese gebied bedoel is, word as 'n plaaslike koerant beskou (volgens De Jager, 1979:13). Anders gestel:

“A local newspaper is a medium which serves a clearly defined geographical community, satisfying the interest people have in that community both socially and economically” (Du Plessis, 1974:2)

Die geografiese gebied waar die koerant versprei word, is relatief klein. Plaaslike koerante plaas selde nuus oor gebeure wat buite hul geografiese gebied plaasgevind. Omgekeerd kan ook gesê word dat die inhoud van die plaaslike koerant sy sirkulasiegebied bepaal (De Jager, 1979:18).

De Jager (1979:21-22) vind hier noue aansluiting by De Beer (1994:4), wat stel dat mense die meeste belangstel in die dinge die naaste aan hulle (De Beer se afstandsdimensie). Die plaaslike koerant is die ideale medium om gebeure in 'n spesifieke geografiese gebied te publiseer. Die inwoners van 'n bepaalde gemeenskap se grootste belang is in die omgewing waar hulle woon, en waar hulle kinders skoolgaan (kyk 2.2). Baie gemeenskappe is sosiaal en kultureel byna selfstandig en het minder belang by wat in ander gemeenskappe aangaan (De Jager, 1979:28). Die plaaslike koerant is volgens De Jager (1979:54) die enigste medium wat hom inhoudelik op 'n bepaalde gemeenskap kan toespits.

Die plaaslike koerant bied in die meeste gevalle beter dekking oor die plaaslike gemeenskap as enige ander openbare medium, en adverteerders betaal nie vir sirkulasie wat buite hulle handelsgebied val nie. 'n Verdere voordeel vir adverteerders is dat hulle presies weet wie die advertensies gaan lees. Vir kleiner besighede is die plaaslike koerant ideaal omdat hulle, indien hulle in 'n dagblad sou adverteer, nie die gemeenskap tref vir wie hulle die diens of produk aanbied nie.

2.3.3.2 Die nuusonderwerpe in 'n "goeie" plaaslike koerant

Die nuusonderwerpe wat in 'n plaaslike koerant aan die orde kom, maak so 'n koerant besonders. Dit bepaal ook of hy gekoop en/of gelees gaan word.

Die nuusonderwerpe wat in 'n plaaslike koerant gedek word, moet gebruik kan word deur oud en jonk in die gemeenskap (Stein, 1992:16). Indien die koerant nie aan hierdie spesifieke nuusbehoefte vir almal in die gemeenskap voldoen nie, gaan die gemeenskap belangstelling verloor, nie net in die koerant nie, maar ook in die gemeenskap (Dary, 1994:134).

Die nuusonderwerpe van die plaaslike koerant hang af van wat die koerant se nuusbeleid is. Weens die aard van die plaaslike koerant is die nuusonderwerpe waaroor geskryf word, heeltemal eiesoortig. Die koerant skryf nie oor internasionale en nasionale gebeure nie, maar oor wat binne 'n bepaalde gemeenskap gebeur (De Jager, 1979:170). Die plaaslike koerant het wel ander voordele.

Plaaslike koerante het nie soveel "harde" nuus soos die meeste dagblaie nie, maar veel eerder "sagte" indiepte-nuus en agtergrondartikels.

Volgens De Jager (1979) is daar spesifieke nuusonderwerpe wat normaalweg in 'n plaaslike koerant verskyn. Hulle is die volgende:

● *Dorp- en stadsraadsake en -amptenare*

Hierdie is 'n standhoudende bron van inligting. Dit is vir mense belangrik om te weet wat met hulle belastinggeld gebeur (De Jager, 1979:177). In dié afdeling berig plaaslike koerante oor dinge soos onversorgde sypaadjies, ongeteerde paaie en verkeerbeheer (De Jager, 1979:176). Korrupsie van stadsraadlede is ook belangrike nuus vir die gemeenskap.

● *Misdaad, die polisie en gewapende magte*

Gebeure wat mense se veiligheid bedreig is vir hulle belangrik en daarom is die polisie 'n gewilde tema vir die plaaslike koerant. Berigte oor roof en moord verskyn gereeld in plaaslike koerante. Ander misdade, soos kindermishandeling, geniet ook gewoonlik baie aandag indien dit oopgevlak word. Vir die polisie is die plaaslike koerant ook 'n nuttige instrument om misdaad te help bekamp. Nie net negatiewe berigte oor dié instansies word gepubliseer nie.

● *Skole en opvoedkundige inrigtings*

De Jager (1979:178) stel dat naas die stadsraad die belangrikste bron van nuus vir die plaaslike koerant skole en opvoedkundige inrigtings is. Die rede is dat dié instansies 'n belangrike rol in die samelewing speel, omdat dit hier gaan oor die opvoeding van die gemeenskap. Skole is ook belangrik omdat 'n baie groot deel van 'n gemeenskap op een of ander wyse betrokke is by skole. Ouers hou daarvan om hul kinders in die koerant te sien. Vir onderwysers is dit belangrik om nuus oor wat by hulle skool gedoen word, in die plaaslike koerant te publiseer. Só kan die gemeenskap ingelig word oor byvoorbeeld spesiale geleenthede en projekte wat skole beplan.

● *Kerke*

Kerke is 'n goeie bron van nuus. Die jaarlikse kermis of spesiale funksies wat 'n bepaalde gemeente aanbied, kan geadverteer word. Interessante berigte oor 'n nuwe kerk wat gebou word, of 'n kerkgebou wat verkoop word, sou seker spasie in 'n koerant kry.

● *Verenigings*

Verenigings speel 'n belangrike rol in die plaaslike gemeenskap, maar dit gebeur selde dat daar oor hul doen en late in 'n dagblad berig gelewer word. Nuus oor verenigings is belangrik vir die plaaslike koerant. De Jager (1975:179) stel dat 'n plaaslike koerant wat van die plasing van sosiale nuus wegstroom, se kans om in sy gemeenskap te oorleef skraal is.

Verenigings behels nie net sosiale nuus nie. Berigte wat byvoorbeeld oor die Dierebeskermingsvereniging geskryf word, kan baie interessant of selfs skokkend wees. Veral nie-winsgewende verenigings wat 'n goeie saak ondersteun, vind gewoonlik baie baat by 'n plaaslike koerant. Plaaslike koerante het meestal nie 'n probleem om verenigings soos kindersorg te help ondersteun nie, deur gereeld oor sowel hul doen en late as behoeftes te berig.

● *Persoonlike beriggies (menslike belang)*

Dit sluit interessante beriggies oor mense in die gemeenskap in. Sulke gebeure is nuuswaardig vir 'n plaaslike koerant, maar nie vir 'n dagblad nie. Mense hou daarvan om oor hul bure en oor hulself in hul plaaslike koerant te lees.

● *Doodsberigte*

Dit gebeur dat bekende mense in 'n gemeenskap te sterwe kom. Oor so 'n persoon word dan 'n doodsberig geskryf. Só 'n doodsberig gaan oor die persoon se hele lewe, nie net oor die gebeure in verband met sy dood nie. Gewoonlik word begrafnisreëlings ook ingesluit (De Jager, 1979:180).

● *Landbounuus*

Landbounuus is veral belangrik vir plaaslike koerante wat 'n plattelandse gemeenskap dien. In stede kom dié tipe nuus minder gereeld voor.

● *Kuns en vermaak*

Kuns en vermaak is dikwels 'n aparte afdeling in 'n koerant. Veral weens televisie en rolprente lees mense graag daarvoor. Plaaslike koerante kan 'n diens aan die gemeenskap lewer deur die programskedule van die verskillende televisiestasies te publiseer. Die uitvoerende kunste is ook 'n baie goeie bron van nuus en foto's.

● *Rubrieke*

In elke koerant verskyn daar rubrieke. 'n Rubriek handel oor dieselfde onderwerp en verskyn gewoonlik in elke uitgawe van die koerant. Daar kan byvoorbeeld spesifieke sportrubrieke of nuusrubrieke in 'n koerant verskyn.

● *Artikels*

Artikels is ook 'n belangrike deel van 'n koerant. Artikels gee veel meer inligting as 'n blote nuusberig. Die tipe onderwerp wat vir artikels gebruik word is aktueel, maar is veel eerder 'n "sagte" nuusstorie.

● *Hoofartikel*

Dit is die deel waar die redakteur van die koerant sy eie mening gee oor gebeure in die gemeenskap. Op dié blad verskyn ook gewoonlik briewe wat lesers aan die koerant skryf om hul menings te lug (De Jager, 1979:180).

● *Sportnuus*

Sportnuus is 'n belangrike deel van enige koerant, hetsy 'n plaaslike koerant of 'n dagblad. Lesers wil weet watter wedstryde oor naweke gespeel word en ook wat die uitslae van reeds afgehandelde wedstryde is. Die sportblaaie van die koerant leen hulle tot groot foto's. 'n Groot deel van sport, veral in kleiner gemeenskappe, is skolesport. Plaaslike koerante wat 'n groter gemeenskap dien, sal dié voordeel hê dat daar ook baie volwassenens sal wees wat aan sport deelneem.

● *Foto's*

Foto's gee kleur en karakter aan 'n koerant. Dit help om die grys van kopie op te helder. Foto's moet egter met oorleg gesny en geskaal word om die beste effek te skep. Koerante wat nie in volkleur druk nie, kan ook van groot foto's op hul voorblad gebruik maak. 'n Swart-en-wit foto kan net so treffend wees as 'n kleurfoto (kyk 2.3).

● *Spesiale uitgawes*

Daar is dikwels bylaes in 'n koerant oor byvoorbeeld gesondheidsdienste of motors. Sulke bylaes gee nie net inligting aan die leser nie, maar help om 'n groter inkomste vir die koerant te genereer (De Jager, 1979:184).

Dit mag moeilik lyk om te voldoen aan die vereistes wat vir plaaslike koerante gestel word, maar deur sekere wenke te volg kan dit wel gedoen word.

Morgan (in Stein, 1990:16) sê dit is belangrik vir 'n koerant om 'n nuusbeleid te ontwikkel en dat die personeel presies moet weet wat die beleid behels. Die lesers van die koerant moet ook weet wat die beleid behels en hoe om die koerant te skakel om nuus geplaas te kry. Vir die plaaslike koerant is dit volgens Morgan ook goed om berigte te plaas oor mense se sukses, families, huise en plaaslike sowel as ander neigings in die gemeenskap. Die artikels en berigte in 'n plaaslike koerant moet so wees dat die leser die koerant wil bêre.

Die laaste punt wat Morgan sterk beklemtoon, is dat 'n klein plaaslike koerant nie skaam moet wees vir sy grootte nie, maar 'n berig net so goed en selfs beter kan hanteer as 'n dagblad.

2.3.3.3 Die lesers van die plaaslike koerant

Die belangrikste aspek van die plaaslike koerant is die gehoor/lesers. Dit is hulle aan wie die nuus gebied en op wie dit gemik moet word.

Die plaaslike koerant moet sy gemeenskap ken, en spesifiek vir hierdie gemeenskap nuus lewer (kyk 2.1). Stein (1993:126) sê die probleem wat baie plaaslike koerante ervaar, is dat hulle nie weet wat hul gemeenskap se inligtingsbehoefte is nie, en ook nie hoe om dié behoeftes te bevredig nie. Die oplossing is dat die koerant al die bronne tot sy beskikking moet gebruik. Die verslaggewers is die belangrikste mense om hierdie probleem te help oplos, nie net omdat hulle waarneem wat in die gemeenskap gebeur nie, maar omdat hulle self deel is van die gemeenskap. Die verslaggewers sal in groot mate kan sê wat die behoeftes van die bepaalde gemeenskap is, en ook hoe om dit te bevredig. Om die behoeftes van die gemeenskap te bevredig, gaan nie daaroor om 'n berig te skryf wat oop is vir reaksie van albei kante (die pers en die gehoor) nie, maar om berigte wat albei kante probeer verstaan. Gameau (1989:122) plaas klem daarop dat die nuus wat gepubliseer word, van die leser se kant benader moet word.

Dit is belangrik om die demografiese gegewens van die teikengehoor te ken sodat die redaksie weet op wie hulle mik en hoe om die koerant te bemark. Taal, kultuur, ouderdom en die demografiese inligting van die koerant se lesers is van die gegewens wat belangrik is.

2.3.4 Wat maak van 'n plaaslike koerant 'n "goeie" koerant?

Die redaksionele inhoud is wel 'n belangrike aspek van 'n "goeie" plaaslike koerant, maar nie die bepalende faktor nie. Die bestuur van die koerant, advertensieverkope en verspreiding is belangrike aspekte vir die voortbestaan van 'n "goeie" plaaslike koerant.

2.3.4.1 Redaksionele inhoud van 'n "goeie" plaaslike koerant

Vir 'n "goeie" plaaslike koerant moet die berigte wat geskryf word die inligtingsbehoefte van die lesers van die koerant bevredig (kyk 2.1.2), bepaalde nuusonderwerpe (byvoorbeeld misdaad, stadsraadsake, skole en sport soos genoem in 2.3.3) moet na vore kom en die inhoud moet so goed moontlik aangebied word. Die inhoud van die koerant moet die nuusbehoefte wat die lesers van die koerant het, bevredig.

2.3.4.2 Die bestuur van die plaaslike koerant

'n Koerant kan 'n baie goeie inhoud hê wat voldoen aan die behoeftes van die lesers van die koerant, maar indien die koerant nie goed bestuur word soos enige ander besigheid nie, sal dit ondergaan (Diblee, 1957:112).

Genoeg tyd, geld en talent moet aan koerante afgestaan word om 'n goeie produk te lewer. Goed opgeleide joernaliste is 'n vereiste vir 'n goeie koerant Dary (1994:134). Indien joernaliste die heelyd wissel sal dit ook die kwaliteit van die koerant beïnvloed (Caughey, 1994:13).

Hoewel daar in dié studie net die inhoud en aanbieding van die nuus bestudeer word en nie die bestuursaspek van die koerant nie, is dit goed om in ag te neem dat dit nie net die joernalistieke sy is wat die suksesvolle stigting en vestiging van 'n koerant bepaal nie. Daar moet dus na 'n baie breër konteks verwys word indien geoordeel wil word of *Metro* in geheel suksesvol gevestig is of nie. Tog bly die klem hier in finale instansie op die redaksionele aspek.

2.3.4.3 Die advertensies in die koerant

Advertensies vorm die finansiële ruggraat van die meeste koerante (Diblee, 1957:115). Sonder advertensie-inkomste is dit gewoonlik nie moontlik vir 'n koerant om te kan bestaan nie. Die feit dat dit al hoe duurder en mededingend word om 'n koerant uit te gee, maak dit byna noodsaaklik dat koerante 'n al hoe groter belading advertensies moet dra om te kan bly bestaan. Tog is dit belangrik om 'n balans tussen redaksionele inhoud en advertensies te handhaaf. Sodra daar té veel advertensies in 'n koerant verskyn, gaan mense nie meer die koerant wil koop nie. Die primêre rede waarom hulle die koerant koop, bly immers die behoefte aan nuus (Diblee, 1957:116).

2.3.4.4 Die sirkulasie van die koerant

Dit help nie dat 'n koerant oor goeie redaksionele inhoud beskik en genoeg advertensies het om die koerant "te betaal" nie, maar die publiek kry nie die koerant in die hand nie. Die verspreiding van 'n koerant is baie belangrik. Die

koerant moet op die regte tyd op straat wees en orals in sy sirkulasiegebied beskikbaar wees. Laat of slegte aflewering (verspreiding), om watter rede ookal, kan die beste koerant op aarde vernietig (Caughey, 1994:52). Dit is selde die moeite werd om 'n koerant terug te hou vir 'n goeie berig en dan so laat op straat te verskyn dat minder mense die koerant koop.

As 'n kontrole om beter begrip daaroor te verkry of mense wel *Metro* lees, is die sirkulasiesyfers van *Metro* bestudeer om te sien of daar enige korrelasie tussen nuusinhoud en aanbieding en die verkoop van die koerant is (kyk 1.2.2.1).

'n Koerant wat suksesvol in 'n gemeenskap gevestig is, sal verkoop. Dit beteken nie dat die koerant 'n reusagtige sirkulasiesyfer moet hê nie, maar wel een wat in pas is met die tipe publikasie, en sirkulasiegebied.

2.3.4.5 Die produksie van die koerant

'n Koerant moet goed lyk en maklik lees. Deur goeie drukwerk, kleurgebruik, grafika, treffende opskrifte en 'n duidelike indeling van verskillende tipes nuus kan hierdie doelwit bereik word. Die redaksie van 'n koerant moet streng by toepaslike sakte hou om te verseker dat die drukker genoeg tyd het om 'n goeie produk te lewer (volgens Caughey, 1994:52).

Die produksie van die koerant moet ook koste-effektief wees. Met rekenaartegnologie is dit al hoe makliker om vinnig 'n tegnies goeie koerant uit te gee. Tog is dit belangrik dat die rekenaarsstelsel wat 'n koerant gebruik nie noodwendig so modern moontlik moet wees nie, maar eerder 'n stelsel wat werk en betroubaar is. Die personeel moet ook weet hoe om die rekenaarnetwerk te gebruik en al die programmatuur verstaan (Layton, 1993:44).

2.3.5 Wat behels die plaaslike pers en wat is die funksie van die plaaslike koerant?

Janowitz (1969:7) omskryf die plaaslike pers as enige weekblad wat gemik is op die inwoners van 'n spesifieke gemeenskap. Dié gemeenskap kan dui op

'n voorstad (buurtkoerant), dorp (gemeenskapskoerant) of streek, bv 'n provinsie (streekkoerant).

'n Koerant wat die plaaslike gemeenskap dien, moet bruikbare inligting oor belangrike gebeure aan sy lesers verskaf en die gemeenskap se denke stimuleer en aktief hou om foute en probleme in die gemeenskap aan die lig te bring, korrupsie bloot te lê en eenheid tussen al die lede van die gemeenskap aan te moedig (volgens Sim, 1969:88-89)

Die plaaslike pers word beskou as 'n aanvulling tot dagblaaie en nie as 'n kompeterende nuusbron nie. In die geval van *Metro* sou dit behels dat mense steeds 'n dagblad soos *Beeld* lees, maar dan *Metro* Donderdae lees om meer oor die gebeure in die gemeenskap te wete kom, waaroor 'n dagblad soos *Beeld* nie volledig verslag lewer nie.

'n Plaaslike koerant soos *Metro* word ervaar as 'n verlenging van die lesers se persoonlike en sosiale interaksie omrede die publikasie se klem is op nuus oor die gemeenskap en spesifieke individue.

Janowitz se definisie word ondersteun deur De Jager (1979:5) se siening van die plaaslike pers, wat lui dat die plaaslike pers 'n waardige medium is wat 'n eie, unieke plek in die openbare kommunikasienetwerk van 'n land het. Die koerant word deur die hele gesin gelees omdat die inhoud handel oor gebeure wat vir hulle relevant is. Hy gaan selfs so ver om te sê dat omdat die plaaslike koerant toegespits is op die onmiddellike lewensfeer en die omgewing van sy lesers, dit die mees persoonlike van alle openbare kommunikasiemedie is (De Jager, 1979:7). Soos Amstrong (Sim, 1969:XV) dit stel:

"The country newspaper is closest to the hands, hearts and lives of the people at the grassroots than any other publication. The country publisher

and editor knows the needs, desires, and aspirations of his readers as no one else can."

Hier is 'n sterk assosiasie met die behoefte- en bevredigingsteorie wat reeds bespreek is. Die literatuur bevestig dus dat die funksie van 'n plaaslike koerant soos *Metro* behels dat daarna gestreef moet word om die behoeftes van die lesers van die koerant te bevredig.

'n Plaaslike koerant het verskeie funksies om die inligtingsbehoefte van sy lesers te bevredig. Die eerste een is om die gemeenskap in te lig oor homself (De Jager, 1979:191; Jackson, 1971:29; Emery, Ault & Agee, 1975:175). Deur dié inligting aan die lesers te gee, word gemeenskapsidentiteit en -trots ontwikkel en debattering en deelname aan die openbare debat word aangemoedig. Verder dien die plaaslike koerant as advertensiemedium vir die mense van die gemeenskap wat dienste of goedere wil verkoop. Dit is die koerant se plig om gemeenskapsprojekte dop te hou en aan te moedig en ook om as vriendelike raadgewer en kampvegter vir die leser op te tree. Die leser word ook vermaak deur strokies en artikels en publisiteit oor gebeure te gee (De Jager, 1979:191-192; Jackson, 1971:29; Emery, Ault & Agee, 1975:174).

Emery, Ault & Agee (1975:174) sê dat as hierdie funksies vervul word die koerant 'n integrale deel van die gemeenskap sal vorm. Die koerant kry dan amper persoonlikheid vir sy lesers.

2.3.6 Samevatting (Plaaslike pers)

Koerante wat in 'n spesifieke gebied versprei word, en met die doel om net dié gebied te bedien, kan beskryf word as 'n plaaslike koerant. Só 'n koerant is 'n "goeie" plaaslike koerant indien die redaksie onder meer bevredigend aandag gee aan sekere nuusonderwerpe (kyk 2.3.3.2), genoeg advertensies werf om die koerant finansiëel te bedryf en die koerant effektief bestuur.

2.3.6.1 Sentrale teoretiese stelling 3

Die derde spesifieke teoretiese stelling vir die studie kan as volg gegee word:

Metro kan as plaaslike koerant beoordeel word aan die hand van die vereistes wat in die literatuur vir 'n "goeie" plaaslike koerant gestel word, soos dat

- *Metro* slegs in 'n bepaalde geografiese gebied versprei is;
- *Metro* berig het oor gebeure tipies aan 'n plaaslike koerant, soos dié rakende plaaslike stadsrade, sportgebeure, skole, misdaad en kerke; en dat
- die berigte gerig was op die lesers van *Metro*.

2.4 Koerantontwerp

2.4.1 Agtergrond

Die kwalitatiewe inhoudsanalise van *Metro* se voorblaaie is hoofsaaklik gedoen aan die hand van Garcia (1993), hoewel daar ook na Broes (1993) verwys word.

Broes (1993:108) sê dat die voorblad het 'n groot invloed op die besluit van die leser oor of hy 'n publikasie gaan lees of nie, maar die voorblad is nie die enigste faktor nie. Dit is wel die belangrikste bladsy van die tydskrif of koerant omdat dit die vertoonkas vir die publikasie is. Die voorblad moet "mooi" wees, maar ook funksioneel wees deur aan te kondig wat aan die leser gebied word. Die voorblad onderskei die publikasie van ander publikasies en dui aan of dit die moeite werd is om te koop (Broes, 1993:108).

Vir die redakteur van 'n publikasie is dit dus noodsaaklik om baie aandag aan die voorblad te gee. "The editor is keenly concerned not only with its drawing power, but also with its presentability because he wants his product to be read and appreciated" (Broes, 1993:109).

Om dit te bereik, moet die voorblad geloofwaardig wees en 'n gevoel van dringendheid en belangrikheid oordra (Broes, 1993:123).

2.4.2 Koerantontwerp

In die praktyk gaan dit nie oor hoe die teorieë bepaal 'n publikasie se voorbladontwerp moet wees nie, maar of die leser die koerant koop of nie. Voorbladontwerp moet die brug slaan tussen wat die redakteur en grafiese ontwerper as aantreklik beskou en wat die leser as aantreklike voorbladontwerp beskou. Volgens lesers behels goeie koerantontwerp dat hulle so vinnig en maklik moontlik die hele blad kan lees (Garcia, 1993:4). Die uitleg van die bladsy (veral die voorblad) moet dus van so 'n aard wees dat dit vir die leser wys hoe om by die gedeelte in die koerant te kom wat hy/sy graag wil lees. Lesers hou oor die algemeen van foto's en verkies dat dit groot gebruik word, veral aangesien hulle in elk geval daarna gaan kyk. Buiten vir groot foto's moet die opskrifte van die berigte groot en duidelik wees sodat die leser maklik kan lees wat daar staan (Garcia, 1993:4).

Die belangrikste aspek van die voorblad wat in gedagte gehou moet word, is agendastelling (Garcia, 1993:13). Aangesien die plasing en aanbieding van 'n berig sy belangrikheid beïnvloed, en dus ook die agenda van publikasie, moet besondere aandag gegee word aan waar en hoe berigte geplaas word. Belangriker berigte word gewoonlik bo-aan die bladsy geplaas.

Verder is dit belangrik om duidelike en maklik verstaanbare opskrifte vir berigte te skryf. Dit help ook om lesers se aandag te trek deur gebruik te maak van 'n opsommende paragraaf (prikkel) wat aan die begin van die berig of alleen staan, en hulle so aan te moedig om die berig te lees.

Onderopskrifte gee meer inligting oor die storie. Dit is groter as die teks en trek ook gewoonlik lesers se aandag (Garcia, 1993:16).

Wanneer met koerantuitleg gewerk word, moet al die verskillende items van 'n enkele berig, sowel as die totale bladsy, so aangebied word dat dit 'n

eenheid vorm vir die leser se oog. 'n Totale pakket moet vir die leser aangebied word. Goeie voorbladontwerp sal nie veroorsaak dat mense swak geskryfde berigte wil lees nie. Garcia (1993:23) meen goeie uitleg alleen kan nie dalende sirkulasie red nie.

Die eenheid tussen die verskillende elemente moet nie net so ver as die voorblad strek nie, maar deur die hele koerant.

“To think graphically means to invite readers into each page through to attractive and orderly use of photos, typography and informational graphics while maintaining a sense of graphic identity and consistency throughout the newspaper” (Garcia, 1993:24).

Om 'n koerant te ontwerp wat die leser se aandag visueel prikkel, moet die redakteur en verslaggewers die lesers se voorkeure en belangstellings goed verstaan (Garcia, 1993:28). 'n Belangrike aspek hiervan is dat die publikasie lesersvriendelik moet wees. Dit behels dat berigte nie té formeel geskryf moet wees nie, dat lesers teen hul eie tempo deur die koerant kan lees, en dat inligting gegee word wat mense “moet” hê (Garcia, 1993:38).

Tipografie (lettertipes) is ook 'n aspek om na op te let wanneer 'n koerant in geheel (en sy voorblad) ontwerp word. “Type is the single most important element in newspaper design” (Garcia, 1993:52). Die lettertipe gee die eerste indruk van die bladsy. Dit is belangrik om dieselfde lettertipe dwarsdeur die koerant te gebruik. Leesbaarheid is die belangrikste oorweging wanneer 'n bepaalde lettertipe gekies word.

Nog aspekte wat leesbaarheid kan beïnvloed, is die gebruik van teks op blokkies - die kleur moet nie meer as 20 persent wees nie, en omkeeropskrifte (wit kop op 'n swart blokkie) maak leesbaarheid ook moeiliker.

2.4.3 Die gebruik van kleur

Volgens navorsing deur die Poynter Institute for Media Studies het kleur 'n definitiewe invloed op die leespatroon van mense (Garcia, 1993:118). Kleur kan die leser se oog deur 'n blad lei en die meeste lesers van koerante verkies kleur op bladsye. Kleur in blokkies laat opskrifte baie beter uitstaan en 'n hele berig wat op 'n tint geplaas word, trek ook baie aandag. Tog, wanneer dit by foto's kom, is die grootte en posisie van die foto veel belangriker as die vraag of die foto in kleur of swart-en-wit is.

Nog 'n plek waar kleur 'n belangrike rol speel, is by prikkels. Prikkels wat bo die mashoof van die koerant gebruik word in swart-en-wit is te onopvallend en lesers sien hulle nie raak nie (volgens Garcia, 1993: 120-123).

2.4.4 Voorbladontwerp

Op die voorblad van 'n koerant is meer persoonlike items wat baie plaaslik van aard is (Garcia, 1993:129). Nie alles op die voorblad is meer harde internasionale nuus nie. Wanneer dié stelling van Garcia in verband met dié studie gebring word waar 'n plaaslike koerant bestudeer word, beteken dit dat daar geen internasionale nuus op die voorblad behoort te verskyn nie.

Foto's domineer al hoe meer die voorblad. Die posisie van die foto is baie belangrik - veral omdat die foto meestal gebruik word om die lesers se aandag te trek (Garcia, 1993:129).

Daar word dikwels 'n opsomming van die nuus op die voorblad gegee, of 'n basiese inhoudsopgawe van die koerant. Mense verkies so 'n inhoudsopgawe op die voorblad, en verder verbreek dit ook die grys op die bladsy. Dit is belangrik dat die opmaak van voorblaaië moet wissel. Dit is maklik om in eentonigheid te verval, veral as dieselfde persoon altyd die voorblad opmaak.

Daar word in die geval van tipografie veel eerder van duidelike lettertipes op die voorblad gebruik gemaak. Serifs en sans serifs word ook saam gebruik.

Grafies is die voorblad baie eenvoudiger maar bly aanloklik vir die oog. "The front page of today appears vibrant and immediate with lots of items to convey timeliness and immediacy, the essence of news." (Garcia, 1993:131). Om dit te kan bereik word van ontwerp en kleur gebruik gemaak. Volgens Garcia (1993:131) is die beste gebruik van kleur op die voorblad in die prikkels wat bo die mashoof geplaas word. Kleur moet ook nie gebruik word net ter wille van die kleur nie. Die beste manier om kleur op die voorblad te plaas, bly steeds 'n kleurfoto.

In geheel moet die voorblad belowe dat selfs beter dinge gaan kom wanneer die leser net verby die voorblad blaai.

2.4.5 Samevatting (Koerantontwerp)

Eenvoudige maar treffende voorbladontwerp word deur Garcia (1993) aanbeveel. In dié studie is 'n vergelyking gemaak tussen wat uitleggewys op die voorblaaie van *Metro* gebeur het van Julie 1993 tot Junie 1996 teenoor die punte wat Garcia (1993) stel. Daardeur is gepoog om te verstaan wat *Metro* se redaksie op dié manier gedoen het om die koerant in die gemeenskap te vestig (kyk hoofstukke 4, 5 en 6). Daar is opgelet na die gebruik van kleur, lettertipes, die plasing van berigte en of al die elemente op die voorblaaie van *Metro* 'n eenheid gevorm het.

2.4.5.1 Sentrale teoretiese stelling 4

Die derde spesifieke sentrale teoretiese stelling kan as volg geformuleer word:

Metro se voorbladontwerp (waaronder die gebruik van lettertipes, kleur, foto's en eenheid tussen die verskillende elemente) kan aan die hand van Garcia (1993) se riglyne vir moderne koerantontwerp beoordeel word. Dit sluit in dat

- duidelike lettertipes gebruik moet word;
- kleur met oorleg gebruik moet word;
- daar afwisseling in die ontwerp van die voorblad moet wees; en

● die manier hoe die voorblad ontwerp word, agendastelling moet ondersteun deur die belangrikste berigte die sterkste aan te bied.

2.5 Samevatting (hoofstuk)

Die twee bogenoemde teorieë (agendastelling- en gebruike- en belonings-teorie) is verduidelik om die uitgangspunt van die studie te verstaan, wat stel dat *Metro* 'n agenda gehad het in 'n poging om die inligtingsbehoefte van sy teikenpubliek te probeer bevredig. Daarteen het *Metro* se lesers weer dié nuusagenda beïnvloed omdat hulle 'n bepaalde behoefte aan inligting het en die redaksie dit probeer bevredig het. Indien dit wel suksesvol was en die teikengehoor se nuusbehoefte bevredig is, sal hulle aangehou het om *Metro* te koop en kon dit die voortbestaan van die koerant help verseker het.

Die beskrywing van wat die plaaslike pers behels en hoe so 'n koerant aangebied behoort te word (volgens Garcia), dra verder by om duidelike sentrale teoretiese stellings vir dié studie te kon formuleer.

In die volgende drie hoofstukke word die resultate van die inhoudsanalise van die voorblaaie van *Metro* weergegee. Uit dié resultate is die agenda wat *Metro* in die eerste drie jaar van publikasie gestel het uiteengesit; dié agenda is dan beoordeel volgens die vereistes wat vir die plaaslike pers gestel word (kyk 2.3.3) en volgens die beplande nuusagenda van *Metro*. Die voorbladontwerp is vervolgens aan die kriteria wat Garcia (1993) daarvoor gestel het, beoordeel (kyk 2.4)

Hoofstuk 3

Die ontstaan van die Noord-Transvaler Metro

3.1 Inleiding

Om die vestiging van *Metro* beter te verstaan, word die aanloop tot die stigting van die koerant in dié hoofstuk beskryf. *Metro* is 'n uitvloeisel van *Die Transvaler*, vandaar die noodsaak om 'n kort oorsig van die geskiedenis van die blad te gee. Daarna word die redes vir en gebeure rondom die stigting van *Metro* beskryf.

3.2 Die Transvaler

Die Transvaler is vir die eerste keer op 1 Oktober 1937 onder redakteurskap van HF Verwoerd deur Voortrekkerpers uitgegee. Die hoofdoel vir die stigting van *Die Transvaler* was om die belange van die Afrikaner in die algemeen en die Transvaalse Nasionale Party (NP) in die besonder te bevorder (Meiring, 1987:1). Gegee sy politieke doelwitte, was die koerant in der waarheid glad nie 'n blote nuusblad nie, maar eerder 'n propagandamedium om die Afrikaner in Transvaal so goed moontlik te help ophef en sy nasionale belange te bevorder (Muller, 1990:494).

Die koerant het volhard in sy missie en tien jaar later het die NP wel die algemene verkiesing gewen en aan bewind gekom. Meiring (1987:182) meen egter dat die oorwinning van die NP nie die toekoms van *Die Transvaler* verseker het nie, maar eerder dat dit, met 'n omweg, die begin van die einde was van *Die Transvaler* se mate van onafhanklikheid.

Later, in 1963, is wel besluit om van *Die Transvaler* 'n moderne "nuuskoerant" te maak, in teenstelling met die vroeëre meer tendensieuse benadering. 'n Voorbeeld van laasgenoemde was Verwoerd se besluit om die besoek van die Britse Koningshuis in 1947 te ignoreer. In 'n minder ideologies-gedwonge

tydvak het 'n totale verandering in die nuusbeleid nodig geraak (Mervis, 1989:273).

Op 1 April 1971 smelt Voortrekkerpers en Afrikaanse Pers saam en word die Perskorporasie van Suid-Afrika (Perskor) gevorm. *Die Transvaler* se voortbestaan is egter nie hierdeur verseker nie, want in 1974 stig Nasionale Pers *Beeld* in direkte kompetisie met *Die Transvaler* (Scholtz, 1993:21).

Die verbete sirkulasiestryd tussen *Beeld* en *Die Transvaler* is beëindig nadat onreëlmatighede met *Die Transvaler* se sirkulasiesyfers aan die lig gekom het en die blad, as deel van 'n skikkingsooreenkoms met Nasionale Pers, die oggendmark ontruim het (Richard, 1985:176; Meiring, 1986:204).

Na dié gebeure het *Die Transvaler* se sirkulasie nooit regtig weer gestyg nie (Richard, 1985:176). Perskor het met rasionalisasie begin: *Die Transvaler* is in Pretoria behou en *Die Vaderland* in Johannesburg. Kort daarna, in 1988, word *Die Transvaler* en *Die Vaderland* saamgevoeg en vorm hulle *Transvaler* met GC Velthuysen as redakteur. Voor hom was Jan van Vreden en Blaar Grobbelaar redakteurs van *Die Transvaler*. In 1991 word Gerhard Burger redakteur van *Transvaler* en verskyn die koerant weer in ponieformaat (A3) na dit sedert 1988 in groot-formaat (A2) verskyn het.

Een van die redes wat vir die sluiting van *Transvaler* gegee is, is dat middagkoerante al minder ekonomies raak (Burger, 1993: 8). In die vroeë negentigerjare het Perskor die bestaan van *Transvaler* in heroorweging geneem. *Transvaler* se markpenetrasie in Pretoria was in daardie stadium 9% teenoor *Beeld* se 28% en *Pretoria News* se 20%. Ekonomies kon die blad as middagblad nie meer sy voortbestaan regverdig nie. Op 25 Maart 1993 is aangekondig dat *Transvaler* gesluit gaan word en dat *Noord-Transvaler Metro*, 'n weekblad wat in Pretoria en omgewing versprei gaan word, sy plek gaan inneem.

3.3 Die stigting van Noord-Transvaler Metro

3.3.1 Agtergrond

In Januarie 1993 is 'n werkgroep deur die direksie van Perskor daargestel om die voortbestaan van die *Transvaler* te ondersoek (Aucamp, 1996). Dié werkgroep het bestaan uit Louis Kruger (bestuurder van *Klerksdorp Rekord* en hoofbestuurder: streekondernemings van Perskor), Hans Wessels (senior hoofbestuurder: koerante van Perskor), Piet Swanepoel (bestuurder van *Môrester-drukkery*) en Paul du Preez (Aucamp, 1996; Kruger, 1996). Die opdrag wat die groep gekry het, was om 'n alternatief te ondersoek sodat Perskor steeds 'n voet in die Pretoriase Afrikaanse koerantmark kon hou (Kruger, 1996).

Daar is besluit dat geen alternatiewe en konstruktiewe oplossing vir *Transvaler* se posisie gevind kon word nie (Perskor, 1993a) en om eerder met 'n nuwe publikasie te begin. Die groep het 'n strategie ten opsigte van die karakter en identiteit van só 'n koerant opgestel.

Die besluit van Perskor om 'n weekblad in Pretoria te vestig, moet ook teen die agtergrond van die politieke situasie in Suid-Afrika aan die begin van 1993 gesien word. Politieke hervormings was reeds aan die gang en daar was heelwat bespiegeling oor watter tipe staatstelsel Suid-Afrika na die eerste algemene verkiesing sou hê - 'n federasie of 'n unie. Die streekverdeling in Suid-Afrika sou in elk geval verander. Vir elkeen van die verskillende staatsopsies was daar ten minste een opsie oor hoe die streekverdeling in die land sou wees. Indien Pretoria in die Noordelike Provinsie sou val, sou dié stad definitief die hoofstad van die provinsie wees. Dit sou dus baie goed vir Perskor wees om in so 'n geval 'n koerant in Pretoria te hê (Kruger, 1996; Aucamp, 1996). 'n Ander moontlikheid was dat Pretoria deel sou vorm van die PWV (later Gauteng). In só 'n streek sou Pretoria ook moontlik die hoofstad kon wees of andersins 'n belangrike rol speel. Die ander opsie wat die redakteur self baie sterk gesteun het, was dat

Pretoria 'n stadstaat sou word wat heeltmal as onafhanklike streek sou funksioneer (Aucamp, 1996). In al drie dié scenarios sou 'n plaaslike weekblad 'n staanplek kon hê.

Perskor het gemeen dat Pretoria waarskynlik deel sou word van die Noordelike Provinsie. Dit is ook waarom die naam *Noord-Transvaler Metro* gekies is. Die koerant sou in die Metro-area van Pretoria, naamlik Pretoria, Warmbad, Nylstroom en Naboomspruit, versprei word (Aucamp, 1996; Kruger, 1996; Perskor, 1993a). In Pietersburg sou *Noord-Transvaler Metro* se susterskoerant, die *Noord-Transvaler*, verander na *Noord-Transvaler Streek*. Die idee met die twee koerante was dat daar saamgewerk kon word met betrekking tot sowel redaksionele inhoud as advertensies (Aucamp, 1996).

'n Verdere motivering vir die stigting van *Metro* was dat daar gevoel is dat daar 'n nis in die mark is vir 'n Afrikaanse weekblad wat met meer aggressie en verfyning gebied kan word as die strooikoerante wat reeds in Pretoria versprei word. Nog 'n oorweging vir die stigting van 'n weekblad in Pretoria was dat Perskor baie sterk gestaan het met sy plaaslike koerante in die destydse Transvaal. Indien Perskor dus 'n weekblad in Pretoria kon vestig, kon hy die plaaslike koerantmark in Gauteng en die noorde van die land baie sterk domineer (Aucamp, 1996).

Die idee met die nuwe koerant, *Metro*, was om 'n weekblad eie aan Pretoria te publiseer wat as plaaslike koerant die karakter van Pretoria probeer vasvat (Kruger, 1996).

Die nuwe koerant sou deur Perskor gefinansier word. Perskor het in daardie stadium R68 miljoen kontant in die bank gehad (Aucamp, 1996). Die bedryfskapitaal wat opgesluit was in *Transvaler* is ook gebruik. Verspreiding is duur en die feit dat *Transvaler* nie meer elke dag versprei is nie, het kapitaal beskikbaar gestel om *Metro* van die grond af te kry en te bedryf. Aangesien *Metro* net een keer per week versprei is, en in 'n baie kleiner area,

kon die geld wat gebruik is om op die ander vier dae te versprei eerder gebruik word vir die bedryf van *Metro* (Kruger, 1996).

3.3.2 Noord-Transvaler Metro

Om *Metro* bloot te beskryf as 'n plaaslike koerant is misleidend. Aucamp (1996) meen dat *Metro* 'n dier was wat nie 'n naam het nie, en wys tereg daarop dat daar nie nog 'n plaaslike koerant in Suid-Afrika was wat sowel plaaslike as nasionale en internasionale nuus gedra het nie.

Vanweë *Metro* se besondere aard is die koerant nie bestuursmatig onder Perskor se plaaslike koerante gegroepeer nie, maar wel onder die groep se Gauteng-koerante (saam met *Oosrander*, *Wesrander* en *The Citizen*), met Kotie van Heerden as bestuurder. *Metro* was van die begin af lid van die Nuusblad-Persunie (NPU), maar was nie deel van dié assosiasie se afdeling vir die plattelandse pers nie.

Die slagspreuk van die nuwe koerant sou wees: "Vir Pretoria se mense" en die madeliefie (wat 'n sterk simbool van Noord-Transvaal se sportlui is) sou oorweeg word vir die mashoof (Kruger, 1996). Vir die slagspreuk is daar eerder besluit op "In voeling met die gemeenskap", met die madeliefie wel 'n prominente deel van die mashoofontwerp.

Met die ontstaan van *Metro* is besef dat daar bepaalde voor- en nadele aan die stigting van die koerant verbonde sou wees (Perskor, 1993a). Die voordele was dat daar

- 'n Progressiewe aanpassing van Perskor by die omgewing sou wees;
- Reeds 'n gevestigde mark was (*Transvaler* se lesers);
- Reeds 'n gevestigde netwerk van inligtingsbronne was;
- 'Noord-Transvaler' 'n baie simboliese betekenis vir die mense in die gemeenskap het;
- Die koerant baie "objektief" en mensvriendelik sou wees; en
- Die koerant kostedoeltreffend aangepak sou word.

Die nadele was dat die totale markspektrum ten opsigte van ouderdom, etnisiteit, taal en verbruikersmagte nie bereik kon word nie, en ook dat die drukwerk van Hoofstadpers sterk onder verdenking was.

Ná daar besluit is om 'n Afrikaanse weekblad in Pretoria te vestig, is 'n missie en bedryfsplan saamgestel waarvolgens dit gedoen sou word. Die missie was dat die blad 'n mondstuk vir Afrikaans sou wees in die vorm van 'n Afrikaanse weekblad wat sou pas by die verandering en oorgangsfase in die land (Kruger, 1996). Met Afrikaans se toekoms in die gedrang, is aanvaar dat *Metro* 'n bydrae sou maak tot die voortbestaan daarvan (Anoniem, 1993c:8).

Hoë eise is aan die koerant gestel en die koerant moes innoverend en skeppend optree. Verder is besef dat dit 'n verantwoordelikheid is om die koerant te stig en te vestig (Perskor, 1993a). Die koerant moes 'n besondere gemeenskapskoerant vir Pretoria se mense wees (Perskor, 1993b). Vandaar die slagspreuk "In voeling met die gemeenskap".

Die teikenmark was Afrikaanssprekendes van Pretoria (Aucamp, 1996; Kruger, 1996). In die voorlegging (Perskor, 1993a) aan die direksie van Perskor is die teikenmark presies omskryf as Afrikaanssprekendes van 35 jaar en ouer met 'n maandelikse inkomste van R2 500 en meer (dus die D-inkomstegroep en hoër). Die kriteria waarvolgens op dié teikengroep besluit is, is gebaseer op inligting verskaf deur Markinor (1993). Die koerant was dus vir alle koerantlesers in Pretoria wat 'n Afrikaanse koerant verkies (Aucamp, 1996). Markontleding deur Markinor, het getoon dat 79% van die inwoners van Pretoria Afrikaanssprekend is (Perskor, 1993a).

Francois Aucamp is aangestel as die eerste redakteur van *Metro*. Voorheen was hy redakteur van *Vista*, Perskor se streekkoerant in die Vrystaatse goudveld (Anoniem, 1993b:1).

Volgens Aucamp (1996) was een van die probleme by die beplanning van die koerant die feit dat daar nie van die begin af 'n redaksielid/-persoon betrokke was nie. (Hyself het eers in April/Mei 1993 betrokke geraak by die beplanning van die koerant [Aucamp, 1997].) Baie dinge wat redaksioneel belangrik is wanneer 'n nuwe koerant gestig word, is nooit aanbeveel nie. Dit was 'n moeilike tyd om op die vooraand van die eerste algemene verkiesing in Suid-Afrika waar alle burgers van die land kon stem 'n nuwe koerant te beplan (Aucamp, 1996).

3.3.3 Die uitvoering van Metro

Die besigheidsplan wat opgestel is ter uitvoering van *Metro*, het volgens Kruger (1996) 'n futuristiese inslag gehad. *Metro* sou so tegnologies moontlik gepubliseer word. *Metro* se basis of "hoofkantoor" sou by die bestaande Perskorgebou in Mitchellstraat, Pretoria-Wes, wees (Aucamp, 1996; Kruger, 1996). Die personeel sou egter min wees en net bestaan uit die subkantoor en administratiewe personeel. Die res van die personeel sou versprei wees in verskillende takkantore deur die stad (Aucamp, 1996; Kruger, 1996). Daar was aanvanklik kantore in die Noorde (Wonderpark-winkelsentrum), die Moot (Jakaranda-sentrum), die Suide (Centurion-sentrum) en die Ooste (Menlyn-sentrum). Elke takkantoor het 'n minikomplement van die personeel by hoofkantoor gehad (Aucamp, 1996).

Die inligting wat deur die verskillende takkantore ingesamel sou word, sou dan per modem na die hoofkantoor gestuur word. Die motivering vir die takkantore was om die plaaslike karakter van die koerant ook in die stad vas te vang. Die redaksie wou ook gehad het dat mense betrokke moes wees by die koerant en "eienaarskap" van die koerant aanvaar. Die koerant moet toeganklik wees in die sin dat mense kon voel hulle kan enige tyd by die kantoor kon instap en 'n storie bring of 'n advertensie plaas (Kruger, 1996).

Heelwat is ook in tegnologie belê en *Metro* was in 1993 die eerste koerant in Suid-Afrika wat volblad op rekenaar opgemaak is (Aucamp, 1996).

Hoewel die planne op papier goed gelyk het, was daar probleme om *Metro* op 'n gerekenariseerde wyse te publiseer. Volgens Aucamp (1996) het die redaksie die volgende probleme ervaar:

- Joernaliste moes nog steeds elke dag na die hoofkantoor gaan om hul films in te gee vir ontwikkeling. Dit was bloot nie prakties om 'n donkerkamer by elke takkantoor te hê nie. Die ryery heen en weer het groot brandstofkoste tot gevolg gehad. Die oorspronklike beplanning met die foto's was ook verkeerd, veral aangesien daar aan die begin beplan is om digitale kameras te gebruik.
- Die samestelling van die personeel by elke takkantoor het nie gewerk nie. Die kantore moes óf baie meer onafhanklikheid geniet het, óf aansienlik minder.
- Die huur van die kantore in die verskillende sentrums was baie duur.
- Die reëling dat joernaliste elke oggend eers by die hoofkantoor bymekaar kom vir 'n nuusvergadering en daarna na die takkantore gaan, was onprakties. Die takkantore is gesluit en almal is na die kantoor in Pretoria-Wes geskuif.

Volgens Kruger (1996) is die volgende probleme ondervind:

- Omdat die topbestuur van Perskor nie rekenaargeletterd was nie, het hulle nie werklik insig gehad in wat vir die koerant beplan is nie. Hulle het daarom die begroting vir die koop van die toerusting met die helfte van R1 miljoen tot R500 000 gesny.
- Die feit dat net die helfte van die geld beskikbaar was vir die koop van toerusting, het die beplanning van *Metro* beïnvloed en vertraag.
- Die direksie van Perskor het daarop aangedring dat die nuwe koerant in Julie 1993 gepubliseer moes word. Die toerusting moes gevolglik vinniger aangekoop en geïnstalleer word. Die mense wat met die toerusting gewerk het, was egter onkundig omdat hulle feitlik geen opleiding gehad het oor hoe om met die rekenaars te werk nie. Die aand waarop die koerant vir die eerste

keer uitgegee is, is die rekenaarnetwerk heeltmal oorlaai en hoewel daar dwarsdeur die nag gewerk is, was die koerant laat (Kruger, 1996).

● Die idee wat die werkgroep vir *Metro* gehad het, het ook verskil van die personeel se siening van 'n koerant. Die meeste van die personeel was gewoond aan die ritme van 'n dagblad en moes aanpas by dié van 'n weekblad.

3.3.4 *Transvaler se nalatenskap aan Metro*

In die laaste uitgawe van *Transvaler* is daar aangekondig dat "... *Transvaler* as 't ware die aflosstok oorgee aan *Noord-Transvaler Metro*, 'n weeklikse koerant wat van 2 Julie af in en om Pretoria versprei word" (Burger, 1993:8). Hoewel dieselfde personeel voortgegaan het met die nuwe koerant, het die twee koerante daadwerklik verskil. Hulle het nie presies dieselfde verspreidingsgebied gehad nie en ook nie dieselfde politieke standpunt of voorkoms nie. Die koerantinhoud en aanbieding het eweneens verskil.

Tog het *Transvaler* 'n invloed op *Metro* gehad. Volgens Aucamp (1996) het dit byvoorbeeld gehelp want die personeel het reeds by 'n koerant gewerk. Die behoud van die gebou was 'n pluspunt asook 'n groot struikelblok. Die gebou is in 'n redelik swak toestand, maar die voordeel was dat dit 'n bekende adres vir die mense in die gemeenskap was. Sommige van die rekenaars in die gebou was in 'n baie goeie toestand en in pas met moderne neigings, terwyl ander weer glad nie op standaard was nie. Dieselfde het vir kameras gegeld. 'n Voordeel was dat al die toerusting onmiddellik beskikbaar was.

Seker die grootste "erfenis" wat *Transvaler* agtergelaat het, was die biblioteek. Dit het verseker dat daar uit die staanspoor uitknipsels, woordeboeke, naslaanwerke en foto's tot *Metro* se beskikking was.

Kruger (1996) het die aanvangsfase aansienlik anders in die vooruitsig gestel. Volgens hom wou hulle nuwe mense (van teknikons en universiteite)

inbring met nuwe idees én wat vertrouwd was met die nuwe tegnologie. Dit het nie so gerealiseer nie.

3.3.5 Metro se nuusbeleid

'n Definitiewe nuusbeleid is opgestel waarvolgens *Metro* verslag sou doen. Die bepaling van dié beleid is in groot mate gebaseer op die navorsing wat in opdrag gedoen is (Markinor, 1993). Volgens die voorlegging van die werksgroep aan die direksie van Perskor (1993) sou *Metro* op streeknuus, streekontwikkeling, voorstedelike gemeenskapsnuus, verbruikersake, skole en 'n opvoedkundige nuus, sport-, vermaak-, spesialiteits- en eiendomsnuus, motorbylaes en wedstryde konsentreer.

In *Metro* se eerste hoofartikel het Aucamp (1993a:6) die afdelings nuus, briewe, *Insig*, *Elegant*, skole, *Applous* en sport aan lesers voorgehou.

Die volgende afdelings het gestalte gevind in *Metro*:

- **Sport** - Sover moontlik sou oor alle sportsoorte van Noord-Transvaal berig gelewer word (Aucamp, 1996). Rugby en krieket het 'n hoë profiel in Pretoria, en daarom moes daar baie dekking aan dié sportsoorte gegee word. *Metro* sou ook moeite doen om sport aan te moedig met sy Toptien-atletiekbyeenkoms, en om ander byeenkomste te borg. Die Madeliefie-toekennings aan sportlui, wat as die hoogste sporttoekennings in Noord-Gauteng erken is, is deur *Metro* gedoen. Dit is opvallend dat die redakteur sport heel eerste noem en nuus eers veel later.

- **Elegant** - Wanneer dit by vrouenuus kom, sou dit oor die sosiale aktiwiteite van die vrou in die gemeenskap gaan. Die baie tyd wat vroue spandeer om 'n kreatiewe bydrae tot die gemeenskap te lewer, sou in dié afdeling weergegee word (Aucamp, 1993a:4).

- **Applous** - Die kunste sou in alle dimensies oor die hele kunsspektrum heen bevorder word. Dit moes wel met beheersdheid gedoen word om te verhoed

dat uiterstes aangemoedig word. Deur *Apploous* wou *Metro* almal inlig wat onspanning en verryking in die kunste of in die ontvlugtingsmedia soek (Aucamp, 1993a:4).

- Skole - Daar sou ruim plek aan skolenuus afgestaan word. *Metro* het die Laerskoolleerling van die Jaar-wedstryd in Pretoria geborg, wat deur 'n groot aantal laerskole regdeur die stad ondersteun is (Aucamp, 1993a:4).

- *Insig* - Weens die vele tersiêre instansies in Pretoria is daar akademies hoogs opgeleide mense in die stad. *Insig* sou aan die hoër gekwalifiseerde leser pitkos bied. Dit het ook geleentheid aan dié lesers gegee om die koerant as kommunikasiemedium te gebruik. Dit geld ook vir die talle ander kundige mense in die stad (Aucamp, 1993a:4).

- Nuus - Die gemeenskap moes gedien word. Dit sou nuus van die gemeenskap en uit die gemeenskap vir die gemeenskap beteken. Die redaksie was te klein vir ondersoekende joernalistiek. Die koerant het nogtans 'n paar opspraakwekkende berigte gepubliseer.

Transvaler het 'n sterk politieke verbintenis gehad wat sy nuusbeleid beïnvloed en bepaal het. Aangesien *Metro* 'n direkte uitvloeisel van *Transvaler* was, ontstaan die vraag oor watter politieke verbintenis of beleid *Metro* sou hê. Daar is by die besluit gebly om by Afrikaans te staan, maar om andersins nie partypolities verbind te wees nie. Die koerant het wel kommentaar op politieke gebeure gelewer, veral waar dit sy lesers regstreeks beïnvloed het. Van die begin af is die Nasionale Party (NP) gekritiseer. Gesien in die lig daarvan dat dit aanvanklik die regering van die dag was, dui dit 'n onmiskenbare afstand tussen die koerant en die party aan. *Metro* was ook nie verbonde aan enige ander politieke party nie.

Volgens Kruger (1996) het *Metro* 'n belangrike rol in die gemeenskap gespeel deur die gemeenskap ingelig te hou oor die hier-en-nou-gebeure in die stad - veral omdat stadsraadsake dinge is wat mense raak (Kruger, 1996).

Volgens Aucamp (1996) het die koerant 'n belangrike bydrae gelewer om nuus wat belangrik is vir die gemeenskap te bring. Die koerant het ook gehelp om die gemeenskap te beskerm en te sorg dat dit nie geskend word nie.

Aucamp (1993a:4) stel dit:

"Ons sal die belange van dié gemeenskap jaloers beskerm en vertroetel. Ons is immers deel hiervan. Ons sal deurlopend strewende na die handhawing van die hoogste moontlike peil van joernalistieke etiek en om die norme en standaarde van ons samelewing te respekteer en te eer".

3.3.6 Die koms van Metro

Ná die beplanning afgehandel is, is die koerant bekend gestel. Heelwat moontlikhede vir die bemerking van die nuwe koerant is ondersoek. Onder meer radio- as televisiedekking. Promosiewedstryde is beplan en ook in die eerste koerante aangebied. Daar is van 17 Mei 1993 af begin met die werf van advertensies vir die eerste uitgawe wat op 2 Julie 1993 verskyn het (Perskor, 1993b).

Die koms van *Metro* is in Pretoria gevier toe adverteerders en gemeenskapsleiers 'n spesiale bekendstellingsete bygewoon het. Tydens die onthaal is 'n oudio-visuele aanbieding oor die nuwe koerant aan die groep voorgehou en die hoofredakteur van *Metro* het die koerant se missie, nuusaanbieding, karakter en voorkoms toegesprek (Anoniem, 1993f:24).

Om die koerant verder te versprei, is besluit om veral bestaande intekenare van die *Transvaler* te nader. Die weekblad sou aggressief deur die bestaande verspreidingsstruktuur bemark word en verkoopsnetwerke in voorstede en winkelsentra vestig. 'n Koerant in ponieformaat met 64 bladsye en 'n advertensiebelading van 50% is in die vooruitsig gestel. Die omslagprys sou

R1 wees met 'n geraamde verspreiding van 20 000 in Pretoria en 14 000 in Pietersburg, wat 'n totaal van 34 000 sou gee.

Die sirkulasie van *Metro* het goed begin. Binne die eerste jaar het *Metro* op tussen 22 000 en 23 000 gestaan (*Metro* se ABC-sirkulasie in Junie 1994 was 20 617). Toe het iets verkeerd gegaan en sirkulasie het geval tot net onder 14 000 (*Metro* se ABC-sirkulasie in Desember 1995 was 11 663). Volgens Aucamp (1996) was een van die faktore dat die koerant se prys sonder enige aankondiging of verduideliking met 50% verhoog is.

3.4 Samevatting

In dié hoofstuk is 'n uiteensetting gegee van die agtergrond en aanloop tot die stigting van die koerant deur onder meer te verwys na die geskiedenis van *Transvaler* - *Metro* se voorloper.

Verskeie gebeure en omstandighede het *Transvaler* se voortbestaan bedreig. Die direksie van Perskor het besluit om die koerant te sluit en *Metro* is in sy plek gestig.

Metro het vir net meer as vier jaar in Pretoria verskyn waartydens die koerant se naam twee keer verander het. Die eerste verandering was van *Noord-Transvaler Metro* na net *Metro* toe in November 1995 en van *Metro* na *Metro Weekblad* in Januarie 1997. In September 1997 kondig die direksie van Perskor aan dat *Metro Weekblad* gesluit sou word. Die redes wat aangegee is, is dat daar nie genoeg advertensie inkomste was om die koerant ekonomies vatbaar te maak nie (Anoniem, 1997:3). Die laaste *Metro Weekblad* het op 26 September 1997 verskyn. Daar is nie 'n koerant in sy plek gestig nie.

Inligting wat uit onderhoude (kyk 1.4.2) en dokumente (kyk 1.4.3) ingesamel is, is gebruik om die eerste doelstelling van die studie (kyk 1.2.2) te bereik,

naamlik om die redes vir en konteks waarbinne Noord-Transvaler Metro gestig is kwalitatief te beskryf.

In die volgende drie hoofstukke (hoofstukke 4, 5 en 6) word gekonsentreer op hoe gepoog is om die koerant te vestig. Die werklike voorbladnuusagenda van *Metro* word bepaal met behulp van 'n inhoudsanalise (kyk 1.4.4) waarna dit vergelyk word met sowel vereistes wat in die literatuur aan 'n plaaslike koerant gestel word (kyk 2.3.5) as die beplande nuusagenda van *Metro* (kyk 3.3.5). Die ontwerp van die voorblaaië word ook beoordeel volgens die kriteria gestel deur Garcia (kyk 2.4).

Hoofstuk 4

Beskrywing en analise van Metro se voorblaaie - Julie 1993 tot Junie 1994

4.1 Inleiding

Die redaksie van *Metro* het in die tydperk Julie 1993 tot Junie 1994 bepaalde pogings geloods om die koerant in die gemeenskap te vestig. Om dié pogings te verstaan, is daar vir die studie drie doelwitte gestel, naamlik om vas te stel

- watter nuusagenda in die verskillende afdelings op die voorblad na vore gekom het;
- hoe die voorblaaie van *Metro* inhoudelik voldoen het aan die vereistes wat in die literatuur gestel word vir 'n goeie plaaslike koerant en die oorspronklike nuusagenda van *Metro*; en
- in hoe 'n mate die voorbladuitleg van *Metro* voldoen het aan die vereistes wat deur Garcia (1993) gestel is.

In dié hoofstuk word (met verwysing na bogenoemde drie vrae) deur 'n inhoudsanalise (kyk 1.4.4) ondersoek gedoen na wat die redaksie van *Metro* in sy eerste bestaansjaar (Julie 1993 tot Junie 1994) gedoen het om die koerant te vestig. Die tweede en derde bestaansjare kom, met verwysing na dieselfde vrae, in die volgende hoofstukke aan die orde.

4.2 *Metro* se voorbladnuusagenda van Julie 1993 tot Junie 1994

4.2.1 Teoretiese uitgangspunt

Die nuus wat *Metro* op sy voorblaaie geplaas het en hoe dit aangebied is, was veral in die eerste jaar van die koerant se bestaan van kardinale belang, aangesien die koerant as "nuwe koerant" vir hom 'n plek in die mark moes vestig. Dit word in die tweede sentrale teoretiese stelling as volg verwoord:

Die agenda en inhoud van Metro se voorblaaie kan aan die hand van aspekte van die agendastellingsteorie en die behoefte- en bevredigingsteorie verduidelik word naamlik dat

- *Metro se redaksie 'n keuse uitgeoefen het oor die gebeure waarop hulle hul lesers se aandag wou vestig, sonder om noodwendig die leser se mening te beïnvloed;*

- *dié keuse is beïnvloed deur die inligtingsbehoefte van Metro se lesers;*

- *die leser se aandag bepaal deur die aanbieding en plek van plasing van 'n berig asook die visuele en inhoudelike aanbieding.*

In die eerste jaar van *Metro* se bestaan het 'n bepaalde nuusagenda na vore gekom (kyk 4.2.2) wat òf staande sou bly in die daaropvolgende twee jaar, òf sou verander namate die behoeftes van die lesers verander. In die eerste jaar van *Metro* se bestaan was daar 'n afwyking in die nuusagenda, wat verklaarbaar is (kyk 4.2.2.1). Wat tipografie betref, het *Metro* reeds in die eerste jaar veranderinge getoon (kyk 4.4.2)

Metro se voorblaaie is geanaliseer en in enkelvoudige frekwensietabelle weerspieël (kyk 1.4.4.1a vir 'n uiteensetting van die presiese metode wat gevolg is), en die uitslae kwalitatief geïnterpreteer om só beter begrip te verkry van die uitsonderings en die betekenis van die inhoudsanalise.

4.2.2 Beskrywing

4.2.2.1 Hoofberigte

Die hoofberig van enige koerant is baie belangrik, veral wanneer agendastelling (kyk 2.2.1) ter sprake is. Wat die koerantredaksie as die belangrikste gebeurtenis van die dag of week beskou en met die verwagting dat dit ook die belangrikste gebeurtenis vir sy lesers gaan wees om oor te lees, word as hoofberig aangebied.

In die eerste publikasiejaar van *Metro* was daar 49 koerante en 49 hoofberigte (n). Die resultate word in hakies aangegee, byvoorbeeld (25%,

12, n=49) vir die stadsraadsake wat in die eerste jaar as hoofberigte verskyn het. Dit beteken dat van die 49 (n) hoofberigte wat in die eerste jaar verskyn het, 12 oor stadsraadsake gehandel het, wat 'n persentasie van 25% gee; of 15 van die 164 (n) prikkels wat in die eerste jaar verskyn het, het gehandel oor rugby, wat 'n persentasie van 9% gee en wat aangedui word as (9%, 15, n=164). (Alle persentasies wat verkry is uit die statistiese verwerking van die inhoudsanalise, is afgerond na die naaste heelgetal.)

Die nuusonderwerp wat die meeste in hoofberigte na vore gekom het, was **stadsraadsake** (25%, 12, n=49 - stadsraad) (kyk bylaag C1). Wat in ag geneem moet word, is dat daar drie stadsrade in *Metro* se verspreidingsgebied was: dié van Akasia, Centurion en die Groter Pretoria Metropolitaanse Raad. Die berigte het egter nie met mekaar verband gehou nie. Die berigte was byvoorbeeld oor 'n vrou wat weens haar ras nie by die stadsraad werk gekry het nie (Vrydag 11 Februarie 1994), die snelperk in Pretoria (Vrydag 25 Februarie 1994) en hoe vuil Pretoria sou wees (Donderdag 31 Maart 1994). Weens die aard van 'n plaaslike koerant is dit te verstane dat stadsraadsake belangrik was vir *Metro* (kyk 2.3.3.2).

Die nuusonderwerp wat die tweede meeste gedek is, was **nasionale politiek** (23%, 11, n=49). Vir 'n plaaslike koerant is dit wel vreemd, maar gesien teen die agtergrond waarteen dit verskyn het, wel verklaarbaar. In April 1994 is die eerste algemene verkiesing in Suid-Afrika gehou waarin alle burgers van die land kon stem. Aangesien Pretoria die administratiewe hoofstad van Suid-Afrika is, was baie van die gebeure in Pretoria gekonsentreer. Heelwat van die berigte oor nasionale politiek het in April-Mei 1994 verskyn (Vrydag 22 April 1994 tot Vrydag 13 Mei 1994) en het gehandel oor die verkiesing, die aanwys van die nuwe kabinet en die inhuldiging van president Nelson Mandela in Pretoria.

Mediese berigte het die derde meeste in voorbladberigte voorgekom (10%, 5, n=49). Een van die mediese berigte wat in dié tyd sy ontstaan gehad het,

was dié oor die toestand by die HF Verwoerd-hospitaal (later die Pretoria Akademiese hospitaal). Dié berig was belangrik aangesien dié hospitaal 'n bekende opleidingshospitaal is en die beweerdelik vuil toestand groot betekenis gehad het vir baie mense wat behandeling daar ontvang. Die onderwerp het nog lank aandag geniet.

Ander nuusonderwerpe wat in hoofberigte gefigureer het, was media (6%, 3, n=49); skole (6%, 3, n=49); plaaslike politiek (6%, 3, n=49); godsdiens (4%, 2, n=49); misdaad (4%, 2, n=49); polisie/weermag (4%, 2, n=49); maatskaplike berigte (2%, 1, n=49); tersiêre onderrig (2%, 1, n=49); menslike belang (2%, 1, n=49); finansiële aangeleenthede (2%, 1, n=49); kultuur (2%, 1, n=49) en rugby (2%, 1, n=49).

Hoewel van die nuusonderwerpe aansienlik minder genoem is as byvoorbeeld stadsraadsake, was daar 'n paar belangrike berigte.

Die gebeure rakende die onwettige stigting en beskerming van Radio Pretoria (Vrydag 11 Maart 1994) het in daardie tyd nie net plaaslik aandag geniet nie, maar ook nasionaal (ingedeel onder media). Hoewel die *Metro* se beriggewing kwantitatief min was, was dit belangrike berigte wat mense na alle waarskynlikheid wou lees.

Nog 'n belangrike gebeurtenis wat gedek is, maar slegs eenmalig verskyn het, was die matriekuitslae (17 Desember 1993). *Metro* het slegs onderhoude gevoer met kandidate wat in Pretoria op skool was en het die blad so sy plaaslikheid behou. In hoe 'n mate genoemde voorblaaie *Metro* se sirkulasie beïnvloed het, is onmoontlik om te bewys aangesien *Metro* se sirkulasie eers van April 1994 geouditeer is. Daar is dus nie 'n amptelike sirkulasiesyfer vir Desember 1993 nie.

Een koerant in die eerste jaar wat nie 'n standaardvoorblad met 'n volledige hoofberig op gehad nie, was dié van Vrydag 17 Junie 1994 (kyk bylaag B4)

toe 'n seskolom-foto van die brand in die SALU-gebou op die voorblad was. Byna die helfte van die gebou het gebrand en *Metro* het aanskoulike foto's daarvan gebruik omdat dit vir Pretorianers groot nuus was. Op dié voorblad het slegs 'n opsomming van die berig verskyn (prikkel). Die opmaak van die koerant op dié manier sou later standaard word (kyk hoofstuk 6). Die SALU-brand is as van menslike belang geklassifiseer - die enigste menslikebelangberig (2%, n=49) wat in die eerste jaar as voorblad-hoofnuus gebruik is. Die sirkulasiesyfers van Junie 1994 (20 617) was hoër as Mei 1994 se 20 323 en Julie 1994 se 20 136 - 'n moontlike aanduiding dat die nuusonderwerpe wat in Junie aangebied is, meer lesers getrek het.

Die enkele finansiële hoofberig (24 Junie 1994) (2%, n=49) het oor die nasionale begroting gehandel het. Aangesien dit vir alle lesers van belang was en 'n groot impak sou hê, is dié berig as die nuuswaardigste van die betrokke week geag.

*Dus kan daar gesê word dat die twee nuusonderwerpe wat in die eerste jaar van **Metro** se bestaan die sterkste na vore gekom het **stadsraadsake** en **nasionale politiek** was, maar die sterk aanbieding van een menslikebelangberig oor die SALU-geboubrand, opgeval.*

4.2.2.2 Hooffoto's

Die hooffoto op 'n koerant se voorblad moet van 'n hoë standaard wees, want dit speel 'n belangrike rol in die verkoop van die koerant. Volgens Garcia (1993:119) kyk lesers gewoonlik eerste na die foto en dan na die res van die bladsy.

Net twee voorblaaie in die eerste bestaansjaar van *Metro* het nie 'n hooffoto gehad nie. Van die 49 koerante het 47 (n) duidelik uitkenbare hooffoto's gehad (kyk bylaag B1). Die ander twee (Vrydag 10 September 1993 en Vrydag 25 Maart 1994) het wel foto's op die voorblad gehad, maar 'n hooffoto het nie uitgestaan nie. Vyf van die hooffoto's in dié jaar was swart-en-wit en die res was in kleur.

In die eerste jaar van *Metro* se bestaan het die hooffoto in die meeste gevalle nie by die hoofberig gepas nie. Die hooffoto is feitlik deurgaans slegs met 'n onderskrif op die voorblad geplaas. Indien 'n berig wel aan die hooffoto gekoppel was, het dit selde gebeur dat die berig by die foto is. 'n Bladsyverwysing is eerder in die onderskrif by die foto gegee om die leser na die volledige berig te lei (kyk bylaag B1).

Die nuusonderwerp wat die meeste in foto's gefigureer het, was rugby (20%, 9, n=47) (kyk bylaag C1) wat in pas was met die redaksie se siening dat rugby sou help om die koerant te verkoop (Aucamp, 1996). Tog het slegs een (n=49) hoofberig en drie (n=100) sekondêre berigte oor rugby in dié tyd op die voorblad verskyn. Heelwat prikkels wat na berigte in die sportafdeling verwys het 15 (n=162), is wel geplaas.

Die tipe hooffoto wat in die eerste jaar van *Metro* die tweede meeste geplaas is, was foto's van skoonhede (15%, 7, n=47). Skoonhede is ook nie altyd alleen geplaas nie, maar was soms deel van 'n rugbyfoto. So 'n foto is dan onder wedstryde ingedeel (kyk bylaag B1). In totaal was daar is dus meer as net dié sewe hooffoto's van 'n skoonhede.

Ander nuusonderwerpe wat in hooffoto's op die voorblad na vore gekom het, was: polisie/weermag (9%, 4, n=47); nasionale politiek (9%, 4, n=47), menslike belang (9%, 4, n=47); tersiêre onderrig (6%, 3, n=47); sport (4%, 2, n=47); godsdienste (4%, 2, n=47); mediese sake (4%, 2, n=47); kultuur (4%, 2, n=47); misdade (4%, 2, n=47); skole (2%, 1, n=47); wedstryde (2%, 1, n=47), diere (2%, 1, n=47), media (2%, 1, n=47) en vermaak (2%, 1, n=47).

Van die belangrike hooffoto's in dié tyd was een van die sportfoto's wat *Metro* se sportman en -vrou van die jaar getoon het (Vrydag 19 November 1993). Aangesien *Metro* sport sterk ondersteun het en baie waarde aan sy

Madeliefie-toekennings geheg het, was dit vanselfsprekend dat *Metro* foto's hieroor op die voorblad sou plaas.

Die skoolfoto op die voorblad het gepas by die matriekuitslae (Vrydag, 17 Desember 1993). Een van die drie foto's oor tersiêre onderrig was 'n kunstenaarskets van die nuwe studentesentrum wat vir die Universiteit van Pretoria beplan is (Vrydag 11 Maart 1994). Dit was 'n belangrike skets om te publiseer aangesien die Universiteit van Pretoria (UP) die grootste voltydse universiteit in Suid-Afrika is en so 'n sentrum 'n groot toevoeging tot die kampus is.

Drie van die vier foto's oor nasionale politiek het agtereenvolgens verskyn (Vrydag 29 April 1994 tot Vrydag 13 Mei 1994) en het gehandel oor die 1994-verkiesing. Met die uitslag van die verkiesing is 'n kleurfoto van die Uniegebou met 'n swart-en-wit gesigfoto van pres Mandela in die een hoek gepubliseer (Vrydag 6 Mei 1994). Die daaropvolgende week (Vrydag 13 Mei 1994) is 'n sewekolom-kleurfoto van die hele kabinet geplaas: 'n belangrike foto in dié stadium van Suid-Afrika se geskiedenis, hoewel nie tipies vir 'n plaaslike koerant nie (kyk 2.3.3.2)

Waarskynlik een van die belangrikste menslikebelang-foto's wat as hooffoto gebruik is, was dié van die SALU-brand (Vrydag 17 Junie 1994). Die brand, wat 'n groot deel van 'n bekende baken in Pretoria-middestad getref het, het groot aandag regoor die land geniet. Die enigste menslikebelang-hooffoto op die voorblad was van belang, aangesien dit 'n seldsame foto was.

Sportfoto's is dus die eerste jaar die meeste as hooffoto's op Metro se voorblad gebruik.

4.2.2.3 Sekondêre berigte

In die tydperk Julie 1993 tot Junie 1994 was daar 90 (n) sekondêre berigte op die voorblad van *Metro*. Uitgawes wat geen sekondêre berigte gehad het nie was dié van 20 Augustus 1993, 3 September 1993, 1 Oktober 1993, 22 Oktober 1993 en 17 Junie 1993.

Die meeste sekondêre berigte in die eerste jaar van *Metro* het gehandel oor **misdaad** (24%, 21, n=90) (kyk bylaag C1). Misdaad is dus wel as nuuswaardig beskou en het dikwels op die voorblad verskyn, maar nie as hoofberigte nie. Misdaadberigte is dikwels ondersteun deur sekondêre foto's (Vrydag 17 September 1993) wat meestal swart-en-wit gesigfoto's was (kyk 4.2.2.4). 'n Groot aantal prikkels (kyk 4.2.2.5) oor dié onderwerp is ook gebruik (Vrydag 3 Desember 1993).

'n Hele aantal sekondêre berigte wat handel oor **nasionale politiek** (12%, 10, n=90) het ook in dié tyd verskyn. Die meeste het oor die algemene verkiesing gehandel. Dit stem ooreen met die groot aantal hoofberigte (kyk 4.2.2.1) op die voorblad in dié tyd wat ook oor die algemene verkiesing gehandel het.

Media (10%, 9, n=90) was nog 'n onderwerp wat aandag geniet het. Die berigte het meestal gehandel oor radiostasies soos Radio Pretoria en die probleme wat hulle ondervind het.

Nog 'n gebeurtenis wat as sekondêre berigt op *Metro* se voorblad weerspieël is was oor die optrede van die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) in Bophuthatswana (Vrydag 18 Maart 1994). Dié gebeurtenis het nie net nasionale nuusdekking geniet nie, maar ook internasionale nuusdekking.

Tipies vir 'n streekkoerant is ook menslikebelang-berigte geplaas wat die gemeenskap interessant sou vind, soos dié oor 'n vrou wat 101 jaar oud geword het (Vrydag 22 April 1994).

'n Kommentaarartikel van die redakteur wat op Vrydag 29 April 1994 op die voorblad geplaas is, is as 'n sekondêre berig geklassifiseer, hoewel dit streng gesproke nie 'n "berig" was nie. Dié artikel het gehandel oor die verkiesingsuitslae van die 1994-verkiesing.

Ander nuusonderwerpe wat na vore gekom het in sekondêre berigte in dié tyd is: stadsraad (8%, 7, n=90); plaaslike politiek (7%, 6, n=90); menslike belang (7%, 6, n=90); finansiële aangeleenthede (4%, 4, n=90), wedstryde (4%, 4, n=90); skole (4%, 4, n=90); polisie/weermag (3%, 3, n=90); rugby (3%, 3, n=90); kultuur (2%, 2, n=90); skoonheid (2%, 2, n=90); mediese sake (2%, 2, n=90); tersiêre onderrig (2%, 2, n=90); maatskaplik (2%, 2, n=90) en sport (1%, 1, n=90).

Die meeste van die nuusonderwerpe op die datavel kom voor in die sekondêre berigte. Daardeur is 'n wye verskeidenheid onderwerpe aangebied wat waarskynlik 'n groot gehoor tevrede gestel het en aan hul nuusbehoefte oor veral plaaslike gebeure voldoen het.

*Samevattend kan gesê word dat **misdaad** in die eerste jaar die meeste na vore gekom het in sekondêre berigte. Verder was daar heelwat berigte oor **nasionale politiek** wat kontinuïteit vorm saam met die hoofberigte (kyk 4.2.2.1) en hooffoto's (kyk 4.2.2.2), oor dieselfde onderwerp. Buiten die uitsondering van sekondêre berigte wat oor nasionale politiek gehandel het (kyk 2.3.5.2), was daar ook die uitsondering dat die redakteur kommentaar gelewer het op die voorblad van die koerant.*

4.2.2.4 "Ander" foto's

Buiten vir die hooffoto's was daar 67 (n) "ander" foto's op *Metro* se voorblaaie van Julie 1993 tot Junie 1994. Nege *Metro*-voorblaaie het in die eerste jaar slegs 'n hooffoto gehad en nie nog 'n "ander" foto nie.

"Ander" foto's kan onderskei word van die hooffoto aangesien hulle aansienlik kleiner gebruik is as die hooffoto. Die "ander" foto's op die voorblad van *Metro* is ook meer dikwels in swart-en-wit gebruik as in kleur (70%, 47, n=67) moontlik omdat kleur duurder is om te gebruik en omdat baie van die "ander" foto's wat gebruik is slegs enkelkolom-gesigfoto's was (kyk bylaag B3).

Die nuusonderwerp wat die meeste onder "ander" foto's na vore gekom het, is **menslike belang** (17%, 11, n=67) (kyk bylaag C1). Die voorkoms van dié tipe foto kan verklaar word deur daarop te let dat baie van die menslikebelang-foto's by berigte oor byvoorbeeld ongelukke gepas het en dat 'n foto dan geplaas is van 'n persoon wat betrokke was by so 'n ongeluk. 'n Goeie voorbeeld van wat 'n menslikebelang-foto is en wat wel goed genoeg was vir die voorblad (maar nie as hooffoto nie), was dié van die vrou wat 101 jaar oud geword het (Vrydag 22 April 1994).

Misdaad was nog 'n gewilde nuusonderwerp wat heel dikwels in "ander" foto's na vore gekom het (13%, 8, n=67). In die geval van misdaad was ses van die sewe foto's swart-en-wit - meestal gesigfoto's van persone wat op een of ander manier betrokke was by 'n misdaad, hetsy as die skuldige party of as 'n slagoffer (Vrydag 18 Februarie 1994; Vrydag 4 Maart 1994). In vergelyking met die aantal misdaadberigte op die voorblad (hoofberigte en sekondêre berigte = 23), was daar in der waarheid min foto's oor misdaad op die voorblad.

Foto's van die wenners van *Metro* se verskillende wedstryde is ook gereeld op die voorblad geplaas (10%, 6, n=67). Daar was ook soms voorbladfoto's van die pryse wat gewen kon word. Dikwels is die foto geplas by 'n berig oor die wedstryd of die wenner (Vrydag 16 Julie 1993). Deur wenners van wedstryde of pryse wat gewen kan word op die voorblad te plaas, is die wedstryd goed bekend gestel.

Ander nuusonderwerpe wat in die vorm van "ander" foto's buiten die hooffoto op *Metro* se voorblad na vore gekom het, was: stadsraad (7%, 4, n=67); plaaslike politiek (7%, 4, n=67); sport (1%, 1, n=67); rugby (7%, 4, n=67); maatskaplik (1%, 1, n=67); finansiële aangeleenthede (4%, 3, n=67); mediese sake (3%, 2, n=67); diere (1%, 1, n=67); vermaak (3%, 2, n=67); vroue (7%, 4, n=67); nasionale politiek (7%, 4, n=67); kultuur (1%, 1, n=67); tersiêre

onderrig (1%, 1, n=67); polisie/weermag (3%, 2, n=67); media (4%, 3, n=67); skoonhede (7%, 4, n=67) en skou (1%, 1, n=67).

'n Uitsonderlike "ander" foto was dié van 'n man wat skape skeer (Vrydag 28 Januarie 1994). Dié foto, wat onder kultuur ingedeel is, was uitsonderlik aangesien dit 'n beroep/vaardigheid weerspieël het waarmee stadsbewoners nie meer baie te doen kry nie.

Opvallend is die dekking wat gegee is aan nasionale politiek (7%, 4, n=67). Die verskyning van dié nuusonderwerp kan, net soos by die hoofberigte, hooffoto's en sekondêre berigte, verklaar word aan die hand van die belang van die 1994-verkiesing.

*Dus kan oor die nuusagenda wat in die "ander" foto's na vore kom, gesê word dat foto's van **menslike belang** die meeste in die eerste jaar verskyn het. Onder dié foto's was uitsonderlike foto's soos die skaapskeerfoto en die vrou wat haar 101e verjaarsdag gevier het. In teenstelling met die hooffoto's (kyk 4.2.2.2) kom daar aansienlik meer **misdaadfoto's** voor omdat die foto's saam met die sekondêre berigte oor misdaad aangebied is. Die nasionalepolitiek-nuusonderwerp is die uitsondering.*

4.2.2.5 Prikkel

Op 46 *Metro*-voorblaaie was daar altesame 164 (n) prikkels in die eerste jaar. Net een koerant het nie prikkels op die voorblad gehad nie (Vrydag 13 Mei 1994).

Wanneer na die gebruik van dié prikkels gekyk word, is 'n duidelike ontwikkeling en groei te bespeur: die eerste paar maande se prikkels vertoon totaal anders as byvoorbeeld die laaste jaar s'n (kyk hoofstuk 6). Maar reeds in die eerste jaar was daar veranderinge. In die eerste paar weke wat *Metro* gepubliseer is, het al die prikkels presies dieselfde gelyk (kyk bylaag B1) en is dit onder aan die blad geplaas (Vrydag 2 Julie 1993). Dit het

gewoonlik eerder verwys na 'n afdeling van die koerant, soos *Insig* of *Elegant*, en nie na spesifieke berigte, soos in die latere uitgawes nie.

Die prikkels op die voorblad het op 'n redelik eweredige wyse die verskillende nuusonderwerpe verteenwoordig wat op *Metro* se voorblaaie verskyn het.

Prikkels vir *Metro* se **wedstryde** was die algemeenste (10%, 17, n=164) (kyk bylaag C1), wat verstaanbaar is: dit is belangrik vir 'n koerant om sy wedstryde op die voorblad aan te kondig (kyk bylaag B1), omdat dit net een doel het, naamlik om lesers te oorreed om die koerant te koop.

Prikkels vir **skolenuus** het ook heel dikwels voorgekom (9%, 14, n=164). Baie van die berigte oor skole was nie akademiese van aard nie, maar veel eerder prikkels vir skoolsport-uitslae. Sulke uitslae is belangrik vir die Afrikaanssprekende gemeenskap in Pretoria aangesien baie kinders hier betrokke is by skolesport. Ouers koop die koerant om hul kinders se name te sien en onderwysers hul leerlinge (of soms hulself).

Rugby was ook 'n algemene nuusonderwerp vir prikkels (9%, 15, n=164) omdat die persepsie bestaan dat Pretorianers oor rugby wil lees (kyk 3.3.5).

Ander nuusonderwerpe wat deur prikkels aangekondig is, was: misdaad (8%, 13, n=164); menslike belang (8%, 13, n=164); sport (7%, 11, n=164); stadsraad (4%, 7, n=164), plaaslike politiek (1%, 2, n=164); maatskaplik (2%, 4, n=164), finansiële aangeleenthede (5%, 9, n=164); natuur (1%, 1, n=164); medies sake (1%, 1, n=164); diere (1%, 1, n=164), vermaak (3%, 5, n=164); vroue (2%, 4, n=164); nasionale politiek (2%, 4, n=164); atletiek (3%, 5, n=164); kultuur (1%, 2, n=164); tersiêre onderrig (1%, 2, n=164); spesiale bylae (1%, 1, n=164); polisie/weermag (1%, 2, n=164); godsdiens (1%, 2, n=164); media (2%, 3, n=164); skoonhede (4%, 7, n=164); *Elegant* (3%, 5, n=164); *Insig* (4%, 6, n=164); *Applous* (3%, 5, n=164); perde (1%, 2, n=64) en skou (1%, 2, n=164).

Twee nuusonderwerpe wat baie min in die prikkels na vore gekom het, maar waarop tog gelet moet word, is dié oor perdewedrenne en oor die Pretoriase Internasionale Skou. Die twee prikkels wat na perde verwys het, was die enigste twee verwysings in *Metro* se eerste drie jaar na perdewedrenne. Die perderubriek is metterwyl gestaak, omdat gevoel is dat die lesers van *Metro* nie 'n behoefte aan dié nuus het nie en die redaksie gemeen het hulle die ruimte beter kan gebruik (Liebenberg, 1997).

Die verwysing na die Pretoriase Internasionale Skou het wel slegs twee keer voorgekom, maar as in gedagte gehou word dat dié skou slegs twee weke van die jaar duur, was dit belangrik.

*Die meeste nuusonderwerpe wat in die inhoudsanalise gebruik is, het as prikkels voorgekom. Die algemeenste nuusonderwerpe was **wedstryde, skolenuus en rugby**. Die prikkels oor die Pretoriase Internasionale Skou moet nie as netig beskou word nie, aangesien dit 'n groot gebeurtenis in Pretoria is, hoewel dit slegs een keer per jaar gehou word.*

4.2.2.6 Grafika

Grafika soos wat dit later in *Metro* se bestaan gebruik is (kyk hoofstuk 5 en 6), is selde gedurende die eerste jaar gebruik. In totaal was daar slegs ses grafiese ontwerpe op die voorblad.

Die grafika het ingesluit twee oor mediese sake (33%, 2, n=6) (Vrydag 22 Oktober 1993 en Vrydag 26 November 1993); twee oor finansiële aangeleenthede (33%, 2, n=6) (Vrydag 19 November 1993 en Vrydag 10 Desember 1993), een oor menslike belang (17%, 1, n=6) (Vrydag 15 Oktober 1993) en een oor misdad (17%, 1, n=6) (Vrydag 24 Desember 1993).

'n Verklaring vir die min gebruik van grafika is dat die beskikbare rekenaarprogramme in daardie stadium nie baie gevorderd was nie en dit dus nie so maklik was om grafika op 'n blad te kry nie. Die grafika moes net soos

'n foto afgetas¹ word. Later (kyk hoofstuk 6) het die situasie ingrypend verander.

4.2.3 Samevatting (nuusagenda)

Dit blyk dus dat **misdaad** (11%, 47, n=422) die meeste voorgekom het in die 422 (n) items (hoofberig, hooffoto, sekondêre berigte, ander foto's, prikkels en grafika) wat in die eerste jaar op *Metro* se voorblaaie was (kyk bylaag C1. Wanneer daar kwalitatief hierna gekyk word, is dit duidelik dat die werklik nuuswaardige berigte met potensiële impak eerder **nasionale politiek** en **stadsraadsake** was. Die oorgrote meerderheid verwysings na misdaad was eerder in sekondêre berigte, "ander foto's" en prikkels, terwyl verwysings na nasionale politiek en stadsraadsake sterker aangebied is in die vorm van hoofberigte en hooffoto's.

Metro se nuusagenda in die eerste jaar het as volg gelyk: misdaad (11%, 47, n=422); menslike belang (9%, 36, n=422); nasionale politiek (8%, 33, n=422); rugby (8%, 32, n=422); stadsraad (7%, 30, n=422), wedstryde (7%, 28, n=422); skole (5%, 22, n=422); skoonhede (5%, 20, n=422); media (5%, 19, n=422); finansiële aangeleenthede (5%, 19, n=422); plaaslike politiek (4%, 15, n=422); sport (4%, 15, n=422); mediese sake (3%, 14, n=422); polisie en weermag (3%, 13, n=422); vroue (2%, 10, n=422); tersiêre onderrig (2%, 9, n=422); maatskaplik (2%, 8, n=422); vermaak (2%, 8, n=422); kultuur (2%, 8, n=422); Insig (1%, 6, n=422); godsdiens (1%, 6, n=422); atletiek (1%, 5, n=422); Elegant (1%, 5, n=422); en Applous (1%, 5, n=422). Nuusonderwerpe wat minder as 1% van die totaal uitgemaak het, was diere (3, n=422); perde (2, n=422); skou (2, n=422); natuur (1, n=422) en spesiale bylae (1, n=422).

Individuele berigte, foto's en grafika wat in dié jaar van belang was, was oor die verkiesing (nasionale politiek), Radio Pretoria, die matriekuitslae, die

¹ Afgetas - met behulp van 'n aftaster word die grafika of foto elektronies in 'n rekenaar verwerkbare beeld omskep wat dan op die bladsy geplaas kan word.

SALU-brand en die dame wat 101 jaar oud geword het.

In die volgende gedeelte word die nuusagenda wat verkry is uit die inhoudsanalise vergelyk met die vereistes wat die literatuur vir 'n "goeie" plaaslike koerant stel (kyk 2.3.5.2) asook met *Metro* se beplande nuusagenda (kyk 3.3.5).

4.3 *Metro* van Julie 1993 tot Junie 1994 en die vereistes vir 'n "goeie" plaaslike koerant

4.3.1 Teoretiese uitgangspunt

Die derde sentrale teoretiese stelling vir dié studie is:

Metro kan as plaaslike koerant beoordeel word aan die hand van die vereistes wat in die literatuur vir 'n "goeie" plaaslike koerant gestel word soos dat

- *Metro* slegs in 'n bepaalde geografiese gebied versprei is;
- *Metro* berig het oor gebeure tipies aan 'n plaaslike koerant soos dié rakende plaaslike stadsrade, sportgebeure, skole, misdaad en kerke; en dat
- die berigte gerig was op die lesers van *Metro*.

In dié deel van die hoofstuk word beskryf in hoe 'n mate *Metro* voldoen het aan die vereistes (kyk 2.3.3) en funksies (kyk 2.3.5), soos deur verskeie skrywers uiteengesit. Die inhoud (kyk 2.3.3.2), soos dit na vore gekom het in die inhoudsanalise van *Metro* se voorblaaië, word ook vergelyk met wat die literatuur stel as die waarskynlikste inhoud vir 'n "goeie" plaaslike koerant (byvoorbeeld stadsraadsake, skolenuus, menslike belang en sport [volgens De Jager, 1979:177]).

4.3.2 Evaluering

4.3.2.1 Die funksies van 'n plaaslike koerant en *Metro*

Die twee funksies wat *Metro* van Julie 1993 tot Junie 1994 waarskynlik die sterkste vervul het, was die verskaffing van inligting en die stel van 'n nuusagenda.

Metro het baie inligting oorgedra aan die gemeenskap oor die gemeenskap. Inligting is gegee oor die toestand in die HF Verwoerd-hospitaal en oor die nuwe regering. 'n Berig op Vrydag 31 Maart 1994 het getoon hoe morsig die stad is. Ongeag die feit dat *Metro* 'n plaaslike koerant is, het hy die gemeenskap ingelig oor die regeringsbedrywighede in dié tyd (1993 - 1994). Veral gedurende die eerste publikasiejaar van *Metro* het groot verandering gekom in die regering van die land en vanweë die feit dat die regeringsetel binne die geografiese verspreidingsgebied van *Metro* was, het die koerant volledig daarvoor berig.

Emery, Ault & Agee (1975:174) sê een van die funksies van 'n koerant is om deur kommentaar die aandag van lesers op bepaalde gebeure te vestig. *Metro* het, buiten vir die gewone hoofartikels binne die koerant, kommentaar gelewer oor die verkiesing in 'n artikel op die voorblad (29 April 1994). Wye nuusdekking is ook oor die verkiesing gegee.

4.3.2.2 Geografiese gebied

Een van die belangrikste vereistes waaraan 'n koerant moet voldoen om inderdaad 'n plaaslike koerant te wees, is om 'n beperkte geografiese gebied te hê (kyk 2.3.3.1) en nuusgewys aan dié gebied gebonde te bly. *Metro* voldoen in groot mate hieraan. Waar die koerant afgewyk het, was die dekking van nasionale nuus en die berig oor oudpresident Lucas Mangope. Gesien teen die agtergrond en die omvang en moontlike impak van die berigte, was dit geregverdig. Of dit egter was wat die lesers in 'n plaaslike koerant gesoek het, is 'n ander vraag.

Metro het tog sterk op plaaslike nuus gekonsentreer (al beteken dit dat plaaslike nuus in Pretoria nasionale aandag kon geniet). Eg plaaslike berigte wat in die eerste jaar op *Metro* se voorblad verskyn het, het byvoorbeeld ingesluit die berig oor 'n buitensporige kragrekening van 'n inwoner van die stad (Vrydag 15 Oktober 1993); gebeure op die kampus van die Universiteit van Pretoria (Vrydag, 4 Maart 1994) en hoe onsindelik Pretoria sou wees (Donderdag 31 Maart 1994).

4.3.2.3 Koerantinhoud

Veral die nuusinhoud van 'n koerant onderskei hom sterk as 'n plaaslike koerant al dan nie. In die literatuur wat bestudeer is, kom 'n baie duidelik uiteengesette lys van nuusonderwerpe voor wat tipies is van 'n plaaslike koerant (kyk 2.3.3.2). Wanneer die verskillende nuusonderwerpe wat voorgestel word vergelyk word met dit wat in die eerste jaar op die voorblad van *Metro* verskyn het, het *Metro* aan dié vereistes voldoen.

Dorp- en stadsraadsake het redelik sterk na vore gekom as al die verskillende items saam gereken word (7%, 30, n=422). Misdaad, polisie en gewapende magte is volgens die literatuur ook nuusonderwerpe wat sterk in 'n plaaslike koerant behoort te figureer. In *Metro* se geval was die totaal 14% (60, PW=13 + MIS=47, n=422).

Skole en opvoedkundige inrigtings was ook op die voorblad van *Metro*, maar nie so dikwels nie (7%, 31 = SK=22 + TO=9, n=422). Hoewel skolenuus nie dikwels op die voorblad verskyn het nie, was dit 'n belangrike nuusonderwerp vir *Metro* (vgl Aucamp, 1996).

Nuus oor kerke en verenigings is in die eerste jaar van *Metro* baie selde op sy voorblad gerapporteer. In die eerste jaar het slegs 1% (6, n=422) van die items op die voorblad oor godsdienst gehandel. Weens die aard van *Metro* se voorblad, is geen sosiale foto's daarop geplaas nie. Sosiale nuus en nuus oor die bedrywighede van verenigings is egter nie geïgnoreer nie; dit is bloot nie die tipe nuus wat op *Metro* se voorblad gebruik word nie. Aandag is wel

deeglik dieper in die koerant daaraan gegee, soos in sowel die nuusafdeling as in *Elegant*, waar veral nuus gepubliseer is oor verenigings waaraan vroue deel het.

Wanneer dit by beriggies kom wat oor persoonlike gebeure in mense se lewens gehandel het, het *Metro* gereeld daaroor berig. In die eerste jaar van *Metro* se bestaan, het 8% (36, n=422) van al die nuusitems op *Metro* se voorblad oor menslike belang gehandel. Dit sluit in die berig en 'n foto oor Carl Boshoff Junior se troue (Vrydag 25 Maart 1994) en 'n berig en foto van 'n skoolkind wat selfmoord gepleeg het (Vrydag 10 Junie 1994). Soms was dit dus goeie nuus en soms slegte nuus.

Geen landbounuus is die eerste jaar op die voorblaaie van *Metro* geplaas nie, ongeag die feit dat daar heelwat deeltydse en selfs voltydse boere in en om Pretoria woon.

Kuns en vermaak het 'n baie groot deel van *Metro* se inhoud uitgemaak, hoewel dit selde op die voorblad verskyn het (Vermaak: 1%, 8, n=422, *Applous*: 1%, 5, n=422). Daar het vanselfsprekend geen volledige rubrieke of artikels op die voorblad verskyn nie. Daar was wel aankondigings van rubrieke dieper in die koerant.

Sport is een van die temas wat sterk op *Metro* se voorblaaie na vore gekom het. Afsonderlik was die aantal verskynings op die voorblad as volg: sport 3% (15, n=422), atletiek 1% (5, n=422) en rugby 7% (32, n=422) wat 'n totaal gee van 12% (52, n=422). Daar moet in gedagte gehou word dat sommige van die nuusitems wat onder skole ingedeel is, ook nog oor skolesport gehandel het. Sport is dus as belangrik beskou, maar het tog nie die voorblad oorheers nie. Die meeste nuusitems wat oor sport in die algemeen gehandel het, was sekondêre berigte, of in die meeste gevalle prikkels. Altesaam 31 van die 52 nuusitems was prikkels. Meer as die helfte van die sportinskrywings (rugby en atletiek ingesluit) was dus baie klein.

Foto's speel 'n baie belangrike rol op die voorblad van 'n koerant. In die eerste jaar van *Metro* se bestaan was daar op elke voorblad ten minste een foto, hoewel daar nie noodwendig altyd 'n duidelik onderskeibare hooffoto was nie. In totaal was daar gedurende *Metro* se eerste bestaansjaar 113 foto's op die voorblad, wat almal plaaslik geneem is. Dit beteken dat 26% (n=422) van alle nuusitems wat op die voorblad verskyn het, foto's was.

Hoewel daar in die eerste publikasie jaar verskeie spesiale bylaes in *Metro* was, is slegs een op die voorblad van *Metro* aangekondig (Vrydag 24 Junie 1994).

Gesien die duidelike ooreenkomste tussen die formele vereistes vir 'n "goeie" plaaslike koerant en die nuusinhoud wat die eerste jaar op *Metro* se voorblad verskyn het, kan dus gesê word dat *Metro* in vele opsigte voldoen het aan die eise wat die literatuur stel. Die nuusagenda wat die eerste jaar (Julie 1993 tot Junie 1994) op *Metro* se voorblaaie uitgestaan het, stem ook ooreen met die nuusagenda wat oorspronklik vir *Metro* beplan is.

Metro het heelwat aandag geskenk aan sport (veral rugby), wat ooreenstem met die oorspronklike nuusbeleid (kyk 3.3.5).

Daar was betreklik min vrouenuus op die voorblad van die koerant, maar dié tendens moet nie gesien word as onbelangrik net omdat daar slegs vyf verwysings na dié afdeling van die koerant op die voorblad was nie. Die tipe nuus in *Elegant* is nie harde nuus nie. Dieselfde geld vir *Applous*. Die ruim spasie wat afgestaan is aan skolenuus, kan gesien word uit die verwysings na dié afdeling op die voorblad, naamlik 22.

Insig bestaan hoofsaaklik uit artikels en aan die hand hiervan kan die min verwysings (ses) daarna op die voorblad verduidelik word.

Nuus (misdaad, maatskaplik, plaaslike politiek, menslike belang ensovoorts) het die grootste deel van items op die voorblad gevorm. Die sterk aanbieding van nasionale politiek in dié jaar is verstaanbaar. Hoewel *Metro* nie aan 'n politieke party verbind was nie, het die koerant van die begin af wel politieke beriggewing as nuustema geïdentifiseer.

4.3.3 Samevatting (plaaslike koerantvereistes)

Metro het voldoen aan die vereistes wat die literatuur stel (kyk 2.3.3) vir 'n plaaslike koerant. Die koerant het berig oor plaaslike nuus, stadsraadsake, skolenuus, sport, menslikebelang-berigte en vele meer. Die enigste uitsondering was die berigte oor nasionale politiek. Die koerant het ook voldoen aan die nuusagenda wat vir die koerant gestel is toe hy gestig is.

4.4 Die ontwerp van *Metro* in Julie 1993 tot Junie 1994

4.4.1 Teoretiese uitgangspunt

Garcia (1993) word beskou as een van die wêreld se voorste kenners wanneer dit by koerantontwerp kom. Om dié rede word sy beskouings oor koerantontwerp (kyk 2.4) gebruik om die ontwerp van *Metro* te bespreek, hoewel die redaksie nie gebruik gemaak het van sy wenke nie. Sy riglyne is in sentrale teoretiese stelling nr 4 as volg saamgevat:

Metro se voorbladontwerp (waaronder die gebruik van lettertipes, kleur, foto's en eenheid tussen verskillende elemente) kan aan die hand van Garcia (1993) se riglyne vir moderne koerantontwerp beoordeel word. Dit sluit in dat:

- duidelike lettertipes gebruik moet word;
- kleur met oorleg gebruik moet word;
- daar afwisseling moet wees in die ontwerp van die voorblad; en
- die manier hoe die voorblad ontwerp word, moet agendastelling ondersteun deur die belangrikste berigte die sterkste aan te bied.

'n Belangrike punt wat Garcia (1993:13) stel, is dat daar opgelet moet word na agendastelling. Deur die voorbladontwerp van *Metro* te ontleed, word daar gesien word hoe deur middel van aanbidding berigte sterker beklemtoon is, en so 'n bepaalde agenda deur die redaksie gestel is - veral dan met die oog op groter verkope.

Vervolgens word die ontwerp van *Metro* se voorblaaie gedurende eerste jaar bespreek.

4.4.2 Evaluering van voorblaaie

In die meeste gevalle is die hoofberig (wat die belangrikste element is in die poging om potensiële lesers se oog te vang) reg onder die mashoof geplaas (kyk bylaag B1). Die hoofopskrif was in ITC-Garamond Condensed (kyk bylaag A1) en was meestal 110pt of groter (soms tot 200pt). Die hoofopskrif was selde meer as drie woorde, en ook nie meer as drie reëls diep nie.

'n Kenmerk van byna alle berigte op die voorblad in die eerste jaar was dat hulle nie volledig op die voorblad ingepas het nie, maar na bladsy vier oorgeloop het. Die feit dat die leser dus heen en weer moes blaai, was 'n bydraende faktor om later die voorblad te verander.

In verreweg die meeste gevalle is die hoofberig direk onder die mashoof geplaas, wat 'n aanduiding is van die belangrikheid van die berig. Dit is wel soms laer geskuif, maar die hoofopskrif was nooit onder die middel van die bladsy nie. Indien die hoofberig wel laer geplaas is, was die opskrif steeds baie groot en was daar geen onduidelikheid wat die hoofberig was nie.

Ander berigte wat belangrik was, is sterk aangebied deur gebruik te maak van rame en wit-op-soliedeblok-opskrifte (kyk bylaag A2), gewoonlik op kleure soos 100% magenta (kyk bylaag A5) of rooi (100% magenta en 100% geel) (byvoorbeeld Vrydag 4 Februarie 1994 en Vrydag 11 Maart 1994) (kyk bylaag B2).

Die opskrifte van *Metro* was van die begin af groot en duidelik en gemik op maksimum impak, veral aangesien die hoofopskrif dikwels uit net een woord bestaan het. Die hoofopskrif het selde meer as vyf woorde oorskry (Vrydag 17 Junie 1994 - 'Hel hoog bo die stad'). Die hoofopskrif moes dus met oorleg oorweeg word, sodat die een woord wat gebruik is - al was dit tipografies duidelik - ook sonder verwarring verstaan kon word.

In die eerste jaar van *Metro* is slegs een keer op die voorblad van 'n opsommende paragraaf gebruik gemaak in plaas van 'n hoofberig soos wat later (kyk 6.4.2) die styl sou word (SALU-brand - Vrydag 17 Junie 1994) (kyk bylaag B4). Die rede waarom dit só gebruik is, was dat die foto groot gebruik is en daar nie plek vir die hoofberig op die voorblad was nie.

Onder- en bo-opskrifte is iets wat Garcia (1993:16) aanbeveel en waarvan *Metro* gereeld gebruik gemaak het in die eerste jaar (kyk bylaag B3). Die eerste woord van die hoofopskrif is byvoorbeeld groot geset met die onderopskrif wat die res van die sin vorm (kyk bylaag B4). In dié gevalle verduidelik dit die hoofopskrif beter. 'n Ander variasie was om 'n bo-opskrif te gebruik, met die laaste woord van die bo-opskrif dan as hoofopskrif.

Sekondêre berigte is baie kleiner aangebied as die hoofberig sodat daar selde twyfel was oor wat die hoofberig was en wat sekondêre berigte was. In die geval van sekondêre berigte het dit ook baie selde gebeur dat die hele berig op die voorblad van die koerant geplaas is. Net soos met die hoofberigte het die sekondêre berig gewoonlik op die voorblad begin en dan oorgeloop na bladsy vier.

In teenstelling met die hoofberigte, waar daar selde 'n foto was wat saamgeloop het met die hoofberig op die voorblad, het daar dikwels foto's saam met die sekondêre berigte op die voorblad verskyn. Die gewildste was 'n enkelkolom gesigfoto in swart-en-wit.

Drie verskillende tipes opskrifte is vir sekondêre berigte gebruik. Die eerste tipe opskrif is soos die hoofopskrif op die bladsy in ITC-GaramondCondensed, maar aansienlik kleiner. Ander opskrifte is geset in óf SwitzerlandInserat óf SansExtended (kyk bylaag A1) op 'n blokkie (kyk bylaag A3). Die teks self is in NewcenturySchoolbook. 'n Belangrike ding wat *Metro* wel gedoen het, was om nie 'n serif lettertipe op 'n blokkie te gebruik omdat dit met die serif moeilik lees. *Metro* gebruik altyd 'n sansserif-lettertipe wat nie die serif het nie, soos bv **SwitzerlandInserat** of **SansExtended**. Dit vergemaklik leesbaarheid, soos Garcia (1993) aanbeveel (kyk ook bylaag A3).

Sekondêre berigte is ook dikwels in rame van tussen 4pt en 6pt dik (kyk bylaag A4) geplaas (Vrydag 4 Februarie 1994). Nog 'n manier wat gebruik is om klem op 'n sekondêre berig te plaas, was om strepe bo en onder die berig te plaas (Vrydag 25 Maart 1994).

Die eerste weke van *Metro* se verskyning was prikkels in 'n standaard vorm onderaan die bladsy gebruik, maar dit het verander (Vrydag 30 Julie 1993). Verskillende kleure en en vorms is gebruik en nie noodwendig onderaan die bladsy nie (Vrydag 2 Julie 1993 tot Vrydag 16 Julie 1996).

Die eerste uitgawes van *Metro* het niks bo die mashoof gehad nie, maar mettertyd is daar prikkels na dié posisie geskuif. Dit het noodwendig veroorsaak dat die mashoof laer skuif en so ook die hoofopskrif van die hoofberig. Die skuif van die prikkels na bo die mashoof het die mashoof beïnvloed (Vrydag 10 September 1993) (kyk bylaag B2). Die rooi streep wat bo die mashoof was, is na onder geskuif, en slegs 'n dun (1punt) swart streep is bo die mashoof behou. Dit is gedoen omdat die rooi balkie met prikkels direk daarbo baie swaar kon vertoon en dit uitgebalanseer is deur dit laer te skuif.

Kenmerkend van die eerste jaar se prikkels is dat daar dikwels 'n groen wit-op-soliedeblok-opskrif bo die mashoof was of anders swart-op-geel kassie. Kleur is altyd gebruik indien die prikkel bo die mashoof geplaas is (kyk bylaag B5).


Die voorblad-pakket wat die eerste jaar vir die lesers aangebied is, was ietwat oordadig en kon tot verwarring lei. Daar is nie volledige berigte op die voorblad geplaas nie, maar berigte het oorgeloop na bladsy vier. 'n Groot aantal kort berigte van soms net een of twee paragrawe het op die voorblad begin en dan na bladsy vier oorgeloop.

Daar is ook dikwels drie tot vier en selfs meer foto's op die voorblad gebruik. Soms kon die hooffoto glad nie uitgeken word nie, aangesien dit net so groot gebruik is as "ander" foto's op die blad (Vrydag 10 September 1993). Die inhoud van die berigte was wel nuuswaardig, en mense sou dit graag lees. Maar die voorblaaie was te besig (byvoorbeeld op Vrydag 8 Oktober 1993 was daar sewentien verskillende voorwerpe op die voorblad - hoofberig, -foto ens - wat veertien verskillende nuusonderwerpe gedek het).

Die feit dat daar baie min prikkels in die jaar gebruik is, het veroorsaak dat die lesers nie werklik geweet het wat die res van die koerant bied nie. Daar was geen aanduiding van wat verder in die koerant aangaan nie.

Daar kan wel geargumenteer word dat deur middel van die besige voorblad aangedui is dat daar baie leesstof in die koerant is, maar dit is nie noodwendig so nie.

Die voorbladontwerp het in *Metro* se eerste jaar meestal só gelyk:



Figuur 4.1

Kleur is dikwels op die voorblad gebruik. Die mashoof op sigself was redelik kleurvol (cyan, rooi en swart). Kleur is ook soms betrek by die hoofberig deur die onderopskrif met 'n gekleurde streep te onderstreep. Dit het egter selde in die eerste jaar gebeur. Nog 'n kenmerkende manier van kleurgebruik was dat wanneer daar 'n berig onder aan die bladsy lê, 'n breë magenta of cyan streep bo en onder die berig gebruik is. Die streep was gewoonlik 2 punt of dikker. Geel is nooit gebruik vir 'n raam nie aangesien dit nie regtig sigbaar is nie. Geel is slegs in 'n blokkie met 'n swart raam gebruik, wat dit dan baie meer leesbaar maak. Rame met geronde hoeke is selde gebruik.

'n Verdere byna standaard gebruik van kleur in die eerste jaar was met betrekking tot die prikkels wat bo die mashoof geplaas is. Daar is slegs een (plat) prikkel op 'n keer bo die mashoof geplaas (omtrent 1cm diep oor al sewe kolom). So 'n prikkel was dan of 'n swart-op-geel kassie, of wit-op-groen

kassie. 'n Verklaring oor waarom juis geel en groen gebruik is, is dat dit in dié stadium nié in die mashoof verskyn het nie. Om die prikkel op só 'n manier aan te bied, is ook redelik swaar. Daarom kon daar ook nie enige rooi of magenta of enige skakering van blou gebruik word nie, aangesien dit heeltemaal sou wegraak teen die mashoof.

Kleur speel ook 'n belangrike rol by foto's. Baie foto's is in die eerste jaar in kleur gebruik. Dit het ook baie dikwels gebeur dat daar nie net een foto op die voorblad was nie, maar eerder twee of meer. Soms was daar soveel foto's op die voorblad dat dit moeilik was om die hooffoto uit te ken, veral omdat somer twee of drie in kleur aangebied is.

Meer as twee derdes van die sekondêre foto's op die voorblad is egter in swart-en-wit gebruik (SW=47, Kleur=20, n=67). Dit het voorkom dat die koerant té bont raak. 'n Ander verklaring kan wees dat die koste om kleurfoto's te gebruik in daardie stadium betreklik hoog was omdat kleurskeidings van alle foto's gemaak moes word.

Alle hooffoto's is egter nie in kleur gebruik nie. In die eerste jaar was daar vyf (n=47) hooffoto's wat swart-en-wit was. *Metro* se voorblad was ook nie aldag baie kleurvol nie. Die koerant van Vrydag 13 Augustus byvoorbeeld het net een groot uitgeknipte swart-en-wit foto van 'n beseerde rugbyspeler gehad. Ander kleur op die voorblad was dié in die mashoof, sowel as 'n geel omkeeropskrif vir 'n sekondêre berig. Die neiging was egter eerder na 'n baie meer kleurvolle voorblad.

Kleur is nie altyd met oorleg aangewend nie. Leesbaarheid is beïnvloed deur sekondêre opskrifte waar die opskrif in een kleur op 'n anderskleurige blokkie geplaas is, soos op Vrydag 17 September 1993, waar die sekondêre berig se opskrif in magenta op swart geplaas is. Dit het moeilik gelees.

Een gebruik van kleur wat Garcia (1993:120-123) aanbeveel en wat *Metro* nie gebruik het nie, is om 'n hele sekondêre berig op 'n kleurblokkie te plaas. Dit is nooit in die drie jaar gedoen nie, moontlik omdat van die redaksielede nie daarvan gehou het nie.

Daar is onregstreeks reeds heelwat verwys na die gebruik van foto's in die eerste jaar van *Metro* se bestaan. 'n Basiese patroon kan uitgeken word, naamlik dat die hooffoto meestal in volkleur gebruik is. Só 'n foto is soms met 'n gekleurde raam of 'n omgekeerde, gekleurde opskrif uitgelig. Min foto's is regtig groot op die voorblad gebruik, maar daar was wel uitsonderings, soos die voorblaaie van Vrydag 13 Augustus 1993 en Vrydag 17 Junie 1994.

Onderskrifte by foto's was dikwels in 'n gekleurde kassie geplaas (kyk bylaag B1). Daar is ook dikwels gebruik gemaak van opskrifte op blokkies saam met 'n gekleurde raam. Só 'n raam was gewoonlik 2 punt breed of meer. Nog 'n manier waarop kleur gebruik is, is om twee relatief dik strepe bo en onder 'n berig te plaas. In die meeste gevalle was dit wanneer die berig onderaan die bladsy geplaas is.

'n Groot aantal van die items wat in die eerste jaar van publikasie op *Metro* se voorblaaie verskyn het, was eerder persoonlike nuus as harde nuus. 'n Verklaring is dat *Metro* 'n weekblad is en nie so swaar op harde nuus steun nie. Daar is egter wel 'n punt gemaak om harde nuus as die voorbladhoofberig te hê.

Metro het glad nie op sy voorblad van internasionale nuus gebruik gemaak nie. Volgens Garcia (1993:129) is dit 'n neiging is om weg te beweeg van nasionale en internasionale nuus op 'n koerant se voorblad, maar *Metro* het redelik baie dekking aan nasionale nuusgebeure gegee, veral inaggenome die nasionale verkiesing.

Foto's is in *Metro* se eerste jaar redelik sterk aangebied, maar die foto's het nie die voorblad gedomineer nie, buiten in enkele gevalle soos die foto van die SALU-brand en die foto van 'n beseerde rugbyspeler (volgens Garcia, 1993:130).

Metro het probeer om 'n inhoudsopgawe op sy voorblad te gee in die vorm van die gestandariseerde prikkels wat aan die begin op die voorblad verskyn het, maar dit het weggeval. Die prikkels wat later gebruik is (veral die enkel prikkel bokant die mashoof) kan nie gesien word as 'n inhoudsopgawe of opsomming van wat in die koerant aangaan nie.

Metro se voorblad het in die eerste jaar taamlik gewissel. 'n Vaster styl het eers mettertyd ontwikkel (vergelyk bylaag B1, B2 en B4). Daar het byvoorbeeld meer prikkels op die voorblad begin verskyn en die mashoof het verander. Die feit dat daar baie items op die voorblad geplaas is, het dit moontlik gemaak om die voorblad baie af te wissel (volgens Garcia, 1993:130)

Wanneer daar na die tipografie op *Metro* se voorblad gekyk word, is dit opmerklik dat daar, soos Garcia (1993:130) aanbeveel, 'n kombinasie is van serif- en sansserif-lettertipes in die opskrifte maar, in teenstelling met wat Garcia (1993:131) aanbeveel, was *Metro* se voorblaaie in die eerste jaar nie baie elegant en eenvoudig nie. Hulle was baie "besig" met te veel items en kleur.

Metro se voorblad was bekend vir sy kleur. Nie net was die mashoof in kleur nie, maar daar is in die meeste gevalle van meer as een kleurfoto saam met kleurrame en blokkies gebruik gemaak. Soos wat Garcia (1993:124) aanbeveel, het *Metro* inderdaad kleur gebruik vir die prikkels bo die mashoof, maar dit is was nie noodwendig goeie gebruik van kleur nie.

Deur berigte te laat oorloop na bladsy vier, het die redaksie gepoog om vir die leser te wys dat daar baie in die koerant was om te lees. Die probleem was egter dat die leser net gesien het wat op die voorblad was en met die neiging tot minder prikkels nie werklik 'n deursneeblik op die inhoud van die koerant gekry het nie.

4.4.3 Samevatting (koerantuitleg)

Oor die algemeen het *Metro* se voorbladontwerp ooreengestem met die vereistes wat Garcia (1993) daarvoor stel. Die koerant het egter sy eie styl ontwikkel wat hier en daar afwyk van Garcia se vereistes.

Die hoofberig is sterk, net onder die mashoof, met meestal 'n enkeldek-opskrif in *ITC-GaramondCondensed* aangebied. Die uitsondering was wanneer die hoofberig effens laer aangebied is ('n sekondêre berig tussen die mashoof en die hoofberig), maar steeds duidelik en sterk.

Duidelike ontwikkeling in die gebruik van prikkels kan gesien word. Waar die prikkels in die eerste maand van *Metro* se bestaan almal eenvormig en onderaan die bladsy was, het hulle hoër op die bladsy geskuif en dikwels bo die mashoof voorgekom. In 'n mate was daar tog eenvormigheid, veral omdat die groen of geel blokkies waarop die prikkels geplaas is, gereeld gebruik is.

Kleur en foto's is baie gebruik, hoewel dit soms té besig en oordadig voorgekom het. Berigte wat deurgaans oorloop na bladsy vier en die besige voorblad wat nie altyd 'n eenheid vorm nie, het af gewyk van wat Garcia (1993) meen gedoen behoort te word.

4.5 Samevatting (hoofstuk)

In die hoofstuk is daar na die inhoud en uitleg van *Metro* se voorblaaië in sy eerste bestaansjaar gekyk. Hoewel van statistiek gebruik gemaak is, is die resultate van die inhoudsanalise kwalitatief geïnterpreteer.

Samevattend kan gesê word dat *Metro* in sy eerste jaar nuusgewys relatief goed voldoen het aan die vereistes wat die literatuur vir 'n plaaslike koerant stel, maar nie heeltemal so goed voldoen het aan die vereistes wat Garcia (1993) stel vir die uitleg van 'n koerant nie.

In die volgende hoofstuk word die resultate van die inhoudsanalise van die voorblaaie van *Metro* van Julie 1994 tot Junie 1995 bespreek.

Hoofstuk 5

Beskrywing en analise van Metro se voorblaaie - Julie 1994 tot Junie 1995

5.1 Inleiding

Gedurende die tweede jaar van *Metro* se bestaan het die nuusagenda in 'n mate verander en kan dit verklaar word in die lig van die gebeure van dié tyd (kyk 5.2.2).

Metro se nuusagenda het in die tweede jaar steeds in groot mate ooreen gestem met wat die literatuur stel as vereistes vir 'n "goeie" plaaslike koerant. Die uitsondering was steeds die feit dat *Metro* oor nasionale gebeure berig het (byvoorbeeld die Wêreldbeker-rugbytoernooi), hoewel bygevoeg moet word dat genoemde nuusgebeure of kwessies 'n sterk Pretoriase kleur gehad het.

Ontwerpgewys was daar ook veranderinge. Die gebruik en aanbieding van prikkels het ontwikkel (kyk 5.3.2). Voorblaaie was nie meer in 'n rigiede vorm soos in die eerste jaar nie (kyk figuur 4.1) en aansienlik meer grafika is gebruik (kyk 5.2.2.5).

5.2 *Metro* se nuusagenda van Julie 1994 tot Junie 1995

5.2.1 Teoretiese uitgangspunt

'n Teoretiese aspek wat duidelik in *Metro* se nuusagenda na vore gekom het, is die veronderstelde bevrediging van die lesers se nuusbehoefte (kyk 2.2.2) soos saamgevat in spesifieke sentrale teoretiese stelling nommer twee wat stel:

*Die agenda en inhoud van **Metro** se voorblaaie kan aan die hand van aspekte van die agendastellingsteorie en die behoefte- en bevredigingsteorie verduidelik word, naamlik dat*

- ***Metro** se redaksie 'n keuse uitgeoefen het oor die gebeure waarop hulle hul lesers se aandag wou vestig, sonder om noodwendig die lesers se mening te beïnvloed;*

- *dié keuse beïnvloed is deur die inligtingsbehoefte van **Metro** se lesers; en*

- *die lesers se aandag bepaal is deur die aanbieding en plek van plasing van berigte asook die visuele en inhoudelike aanbieding.*

Metro se redaksie het veronderstel dat die lesers se nuusbehoefte ook sou verander en het daarby probeer aanpas. In dié jaar het die koerant onder meer berig oor die Wêreldbeker-rugbytoernooi, die Heyns-moord en plaaslike gebeure.

Deur die nuusagenda aan te pas, het die redaksie gepoog om steeds die behoeftes van sy lesers te bevredig en die koerant te verkoop. Hoewel daar 'n poging van die redaksie was om die koerant te verkoop deur te let op die nuusinhoud, het die sirkulasie gedurende die jaar redelik konstant gedaal (die ABC-syfer vir Julie 1994 was 20 136 teenoor Junie 1995 se ABC-syfer van 16 185). Een van die faktore wat die skuld hiervoor gegee is, was swak verspreiding (Aucamp, 1996). Gedurende die loop van 1996 het *Metro* die kontrak met die verspreidingsmaatskappy beëindig en self die koerant begin versprei in 'n poging om dié probleem te probeer oorbrug.

5.2.2 Beskrywing

5.2.2.1 Hoofberigte

Metro se hoofberigte is in dieselfde styl as die eerste jaar geskryf en aangebied. Hoofberigte is steeds nie volledig aangebied nie, en het oorgeloopt na bladsy vier.

In *Metro* se tweede jaar was daar 52 (n=52) koerante. **Stadsraadsake** (26%, 14, n=52) het die meeste in hoofberigte na vore gekom (kyk bylaag C2).

Van die berigte wat onder stadsraadsake ingedeel is, het gehandel oor elektrisiteitsrekenings (Vrydag 7 Oktober 1994 en Vrydag 28 Oktober 1994), waterrekenings (Vrydag 25 November 1994) en Pretoria se stryd om die enigste hoofstad te word (Vrydag 3 Julie 1994). Die berig oor Pretoria as moontlike hoofstad vir Suid-Afrika het 'n nasionale tint omdat daar tussen veral Pretoria en Kaapstad gewedywer is vir hoofstadstatus.

Die **media** was die nuusonderwerp waaroor die tweede meeste berig is (12%, 6, n=52). Die berigte oor Radio Pretoria (Donderdag 15 Desember 1994 en Vrydag 13 Januarie 1995) was 'n opvolg van die gebeure van die vorige jaar. Ander mediaberigte het gehandel oor Radio Jakaranda (Vrydag 21 Oktober 1994 en Vrydag 11 November 1994) en die SAUK se beleid oor Afrikaans (Vrydag 28 April 1995).

Misdaad (9%, 5, n=52) en **finansiële** berigte (9%, 5, n=52) het die derde meeste op die voorblad van *Metro* voorgekom. Die Heyns-moord was die onderwerp van twee hoofberigte (Donderdag 23 Desember 1994 en Vrydag 24 Maart 1994). Dié gebeurtenis het ook nasionale aandag geniet en is ondersteun deur verskeie sekondêre berigte (kyk 4.2.2.3). Die nasionale begroting (Vrydag 17 Maart 1995) en die begroting van Pretoria se stadsraad (Vrydag 26 Mei 1996) was die onderwerpe van finansiële hoofberigte. Die nasionale begroting het ook die vorige jaar op die voorblad gehaal (kyk 4.2.2.1).

Ander nuusonderwerpe wat in hoofberigte gefigureer het, was natuur (8%, 4, n=52); polisie/weermag (6%, 3, n=52); diere (4%, 2, n=52); godsdiens (4%, 2, n=52); sport (4%, 2, n=52); mediese sake (4%, 2, n=52); tersiêre onderrig (4%, 2, n=52); skole (2%, 1, n=52); menslike belang (2%, 1, n=52); rugby (2%, 1, n=52); atletiek (2%, 1, n=52) en plaaslike politiek (2%, 1, n=52).

Onder dié berigte was 'n paar interessantes, soos die berig en twee foto's oor slange wat sewentien mense gepik het (Vrydag 24 Februarie 1995) en 'n berig oor 'n muisplaag (Vrydag 22 Julie 1994).

Berigte wat ook moontlik vir die lesers nuuswaardig was, was dié oor die moontlike giframp in die Limpoporivier met opskrifte soos "Staat mors met gif" (Vrydag 29 Julie 1994), "Staat skarrel oor gif" (Vrydag 5 Augustus 1994) en "Giframp dreig" (Vrydag 19 Augustus 1994). Dié bewerings is in 1996 deur ander koerante bevestig (Aucamp, 1996a:9). (Die ABC-syfer vir Augustus 1994 was 19 118). Dié berigte het ook afgewyk van die beleid om slegs plaaslike nuus te publiseer.

Die berig oor Suzette van der Merwe wat landuit is na haar egskeiding (menslike belang, Vrydag 12 Mei 1995) het ook nasionale belangstelling gaande gemaak. (Die ABC-syfer in Mei 1995 was 16 587.) Só ook die Nederduitsch Hervormde Kerk se besluit oor die toelating van nie-blankes in die kerk (Vrydag 23 Junie 1995).

Die hoofberig oor 'n nuwe hotel wat by die Sammy Marks-plein opgerig sou word, het later aansienlike ander dimensies aangeneem waarvoor *Metro* verslag gelewer het (kyk 6.2.2.1). Die berig oor die HF Verwoerd-hospitaal (Vrydag 14 Oktober 1994) was 'n opvolg op die gebeure in *Metro* se eerste publikasiejaar (kyk 4.2.2.1).

Daar kan dus gesê word dat plaaslike nuus soos stadsraadsake in die tweede jaar sterker in Metro se nuusagenda vore gekom het. Dit beteken egter nie dat daar nie weer verskeie berigte met 'n nasionale tint op die voorblad as hoofberigte verskyn het nie, soos berigte oor die beweerde gif in die Limpopo-rivier en die doen en late van Suzette van der Merwe.

5.2.2.2 Hooffoto's

Van Julie 1994 tot Junie 1995 het 45 (n) van die 52 koerante duidelik uitkenbare hooffoto's op die voorblad gehad. Van die 45 hooffoto's was drie swart-en-wit en die res almal in kleur.

Rugby (21%, 9, n=45) was soos in *Metro* se eerste jaar die nuusonderwerp wat die meeste in hooffoto's uitgebeeld is (kyk bylaag C2). Dit kan verklaar word aan die hand van *Metro* se die nuusbeleid, waar rugby as belangrik beskou word (kyk 3.3.5) Die Wêreldbeker-rugbytoernooi, wat in Suid-Afrika gehou is, was ook 'n bydraende faktor. Voorblaaie met hooffoto's van dié toernooi, was dié van Vrydag 12 Mei 1995, Vrydag 19 Mei 1995 en Vrydag 9 Junie 1995.

Foto's van **skoonhede** (14%, 6, n=45) het ook, soos in die vorige jaar, die tweede meeste as hooffoto's op die koerant se voorblad verskyn. Skoonhede het ook in ander foto's, soos rugbyfoto's, verskyn. Heelparty van die hooffoto's van skoonhede, was foto's van wenners van skoonheidswedstryde, soos Mej PWV (Vrydag 12 Augustus 1994 en Vrydag 19 Augustus 1994), die Jakaranda-koningin (Vrydag 11 November 1994) en UP se joolkoningin (Vrydag 3 Februarie 1995).

Hooffoto's van **diere** (9%, 4, n=45), **sport** (9%, 4, n=45) en **skolenuus** (9%, 4, n=45) het die derde meeste voorgekom. Van die dierehooffoto's het gepas by hoofberigte oor diere, soos dié oor slange (Vrydag 24 Februarie 1995) en muisse (Vrydag 22 Julie 1994). 'n Foto na aanleiding van diereweek is op 30 September 1994 as hooffoto gebruik.

Die hooffoto's wat sport uitgebeeld het, het 'n breë spektrum van sport gedek. Daar was foto's van rofstoei (Vrydag 8 Julie 1994), swemmers (Vrydag 15 Junie 1994), golf (Vrydag 21 Oktober 1994) en 'n swart-en-wit foto van 'n bokseveg (Vrydag 15 Junie 1995).

'n Foto van die skoolvakansie wat aanbreek (Vrydag 9 Desember 1994), die matriekuitslae (Donderdag 15 Desember 1994) en graad eens wat skool toe gaan (Vrydag 13 Januarie 1995) was hooffoto's met skole as nuusonderwerp.

Ander nuusonderwerpe wat na vore gekom het in hooffoto's was mediese sake (7%, 3, n=45); menslike belang (7%, 3, n=45), stadsraad (4%, 2, n=45); kultuur (4%, 2, n=45); polisie/weermag (4%, 2, n=45); wedstryde (4%, 2, n=45); natuur (4%, 2, n=45); atletiek (2%, 1, n=45); en finansiële aangeleenthede (2%, 1, n=45).

'n Foto van sewentien ma's met hul baba's wat almal op dieselfde dag by HF Verwoerd-hospitaal gebore is (Vrydag 17 Februarie 1995), is saam met 'n reeks kleur gesigfoto's van elke baba bo die mashoof geplaas. Nog hooffoto's van plaaslike aard was dié van die man wat die eerste hartoorplanting in die HF Verwoerdhospitaal ondergaan het (Vrydag 31 Maart 1995), 'n foto van 'n groot plantverkoping (Vrydag 26 Augustus 1994), 'n beeldhouer van Pretoria (Vrydag 16 September 1994) en een na aanleiding van die plaaslike Oktoberfees (Vrydag 23 September 1994).

Rugby en skoonhede was dus weer die twee nuusonderwerpe wat die sterkste in hooffoto's na vore gekom het. Hooffoto's oor sport het saam met die rugbyfoto's die sport-tema sterk op die voorblad geplaas.

5.2.2.3 Die sekondêre berigte

Sekondêre berigte pas dikwels in die *Metro* se tweede jaar by die hooffoto of by die hoofberig. Soms was sekondêre berigte ook opvolge van berigte wat vroeër in *Metro* as hoofberigte of sekondêre berigte verskyn het.

In *Metro* se tweede bestaansjaar was daar 201 (n) sekondêre berigte op die voorblad. Die meeste sekondêre berigte in dié jaar het gehandel oor **wedstryde** wat *Metro* aangebied het of die aankondiging van wenners van wedstryde (15%, 32, n=201) (kyk bylaag C2). Sulke berigte het gewoonlik ook 'n swart-en-wit gesigfoto van die wenner bygehad.

Sekondêre berigte oor **stadsraadsake** (13%, 28, n=201) was die tweede meeste op die voorblad. Van die berigte in dié afdeling het gehandel oor die hoofstadkwessie (Vrydag 1 Julie 1994 en Vrydag 27 Januarie 1995).

Soos in die geval van hoofberigte, is daar in sekondêre berigte die derde meeste oor **misdaad** (9%, 20, n=201) berig. Die Heyns-moord het, net soos in die geval van hoofberigte (kyk 5.2.2.1), dekking geniet (Vrydag 11 November 1994, Vrydag 18 November 1994 en Vrydag 25 November 1994). 'n Misdaadberig wat uitsonderlik was, het gehandel oor twee meisies van Springs wat vermis is (Vrydag 10 Februarie 1995). Die uitsonderlikheid van dié berig lê daarin dat dit gehandel het oor 'n gebeurtenis buite *Metro* se verspreidingsgebied.

Ander nuusonderwerpe wat in dié tyd na vore gekom het in sekondêre berigte was rugby (8%, 18, n=201); menslike belang (8%, 18, n=201); finansiële aangeleenthede (7%, 14, n=201); polisie/weermag (6%, 10, n=201), natuur (4%, 8, n=201); media (4%, 8, n=201); sport (4%, 9, n=201); mediese sake (3%, 6, n=201); nasionale politiek (3%, 7, n=201); skole (3%, 6, n=201); kultuur (2%, 4, n=201); diere (2%, 5, n=201); tersiêre onderrig (1%, 2, n=201); godsdiens (1%, 1, n=201); applous (1%, 1, n=201); skoonhede (1%, 1, n=201); plaaslike politiek (1%, 1, n=201); spesiale bylae (1%, 1, n=201); atletiek (1%, 3, n=201) en vermaak (1%, 1, n=201).

Sekondêre berigte wat uitgesonder kan word, is die berigte oor rugby en spesifiek oor die Wêreldbeker-rugbytoernooi (Vrydag 21 April 1995, Vrydag 28 April 1995, Vrydag 19 Mei 1995, Vrydag 9 Junie 1995, Vrydag 15 Junie 1995 en Vrydag 23 Junie 1995).

Die menslikebelang-berigte wat *Metro* geplaas het, was baie plaaslik van aard. Daar was 'n berig oor die brand wat 'n deel van 'n Bramley-kinderhuis verwoes het (Vrydag 21 Oktober 1994), 'n berig oor Vrydag die dertiende (op

Vrydag 13 Januarie 1995) en die berig wat by die hooffoto van Vrydag 17 Februarie 1995 gepas het en oor die sewentien baba's wat op dieselfde dag by HF Verwoerdhospitaal gebore is, gehandel het.

Onder sekondêre berigte wat oor finansiële aangeleenthede handel, was daar twee opvolgberigte oor die SALU-brand (kyk 4.2.2.1) (Vrydag 9 Augustus 1994 en Vrydag 7 Oktober 1994). In dié geval is die berigte onder finansiële aangeleenthede ingedeel aangesien dit oor die versekeringseise na die gebeurtenis gehandel het. *Metro* het ook die Perskorfonds (Perskor se fonds vir behoeftiges) sterk ondersteun en bydraes aangemoedig (Vrydag 28 Oktober 1994, Vrydag 4 November 1994, Vrydag 11 November 1994, Vrydag 25 November 1994, Vrydag 2 Desember 1994, Vrydag 9 Desember 1994, Donderdag 15 Desember 1994, Vrydag 23 Januarie 1994 en Vrydag 6 Januarie 1994).

Sekondêre berigte oor die natuur het ingesluit, is 'n berig op Vrydag 22 Julie 1994 oor 'n gogga-museum, asook berigte oor die gifkwessie in die Limpoporivier (Vrydag 26 Augustus 1994, Vrydag 21 Oktober 1994 en Vrydag 18 November 1994). Baie swaar reën in die somer van 1994/1995 het ook die voorblad gehaal in die vorm van 'n sekondêre berig op 20 Januarie 1994.

'n Opvolg oor die gebeure by Radio Pretoria (Vrydag 24 Maart 1995) en die verloop van 'n lastersaak wat 'n maatskappy teen die *Pretoria News* aanhangig gemaak het (Vrydag 7 Oktober 1994 en Vrydag 28 Oktober 1994), was berigte wat oor die media gehandel het.

Die verskeidenheid sportsoorte wat deur *Metro* ondersteun is, blyk uit die sekondêre berigte oor die Madeliefietoekennings (kyk 4.2.2.3) (Vrydag 7 April 1995), yshokkie (Vrydag 12 Mei 1995) en die muurbal-wêreldkampioenskap (Vrydag 15 Desember 1994).

Soos die vorige jaar (kyk 4.2.2.2), het *Metro* weer die matriekuitslae op die voorblad geplaas as sekondêre berig (Vrydag 23 Desember 1994 en Vrydag 30 Desember 1994). Die enigste sekondêre berig oor *Applous* het gehandel oor 'n spesiale fokus op opera wat *Metro* aanbied (Vrydag 27 Januarie 1995) en die enigste sekondêre berig oor vermaak was oor 'n musiekfees in Pretoria (Vrydag 9 September 1994). Die enkele maatskaplike berig het gehandel oor 'n huis vir straatkinders in die stad (Vrydag 10 Maart 1995).

Hoewel sekondêre berigte nie so sterk soos hoofberigte aangebied is nie, beteken dit nie dat die berigte inhoudsgewys afsteek teen die hoofberigte nie. Soos afgelei kan word uit die bespreking van die sekondêre berigte wat in die tweede jaar op *Metro* se voorblad verskyn het, was daar nuuswaardige berigte wat van belang is vir die gemeenskap. Baie van die sekondêre berigte was ook ondersteunend tot hoofberigte of hooffoto's.

Sekondêre berigte oor wedstryde het wel die meeste in Metro se tweede jaar verskyn, maar misdad en stadsraadsake se nuuswaarde was van groter belang, veral omdat dié twee nuusonderwerpe 'n hele aantal hoofberigte ondersteun het.

5.2.2.4 "Ander" foto's

"Ander" foto's op *Metro* se voorblad was in die meeste gevalle ondersteunend tot hoof- of sekondêre berigte. Foto's is egter ook gebruik met slegs 'n onderskrif, wat na 'n volledige berig dieper in die koerant verwys het. Foto's het ook soms klein saam met prikkels verskyn. In die tweede jaar van *Metro* se bestaan, was daar 102 (n) "ander" foto's op die voorblad.

Foto's van die wenners van **wedstryde** of foto's wat wedstryde van *Metro* aangemoedig het, het die meeste op die voorblad as "ander" foto's verskyn (19%, 19, n=102) (kyk bylaag C2).

Foto's met 'n **menslikebelang**-strekking (15%, 15, n=102) is ook dikwels op die voorblad as "ander" foto's gebruik. Menslikebelang-foto's wat gepubliseer

is, was dié van 'n brand by die Bramley-kinderhuis (Vrydag 21 Oktober 1994, by die sekondêre berig oor die gebeurtenis); 'n ou posbus wat in gebruik was (Vrydag 11 November 1994); Prinses Anne van Brittanje wat Suid-Afrika besoek het (Vrydag 25 November 1994); die sewentien baba's by die HF Verwoerdhospitaal (Vrydag 17 Februarie 1995 - die gesigfoto's het gepas by die hooffoto en by die sekondêre berig daaroor); koningin Elisabeth II wat Suid-Afrika besoek het (Vrydag 24 Maart 1995) en Suzette van der Merwe wat die land verlaat het (Vrydag 12 Mei 1995).

Veral die berigte oor die twee Britse koninklikes het 'n internasionale tint gehad, aangesien hulle reg oor die wêreld deur die media gevolg word. Dit was ook die eerste keer sedert 1947 dat lede van die Britse koningshuis die land besoek het. (Opmerklik is dat *Metro* aandag aan dié besoeke gegee het, waar sy voorganger, *Die Transvaler*, die koninklike besoek van 1947 geïgnoreer het (kyk 3.2).)

Rugby (7%, 7, n=102) het weer sterk na vore gekom. Foto's ter ondersteuning van die Wêreldbeker-rugbytoernooi (Vrydag 26 Mei 1995) asook ander rugby-gebeure soos die jaarlikse intervarsity tussen UP en die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) (Vrydag 10 Maart 1995) is geplaas.

Ander nuusonderwerpe wat van Julie 1994 tot Junie 1995, in die vorm van "ander" foto's op *Metro* se voorblad na vore gekom het was skoonhede (6%, 6, n=102); sport (5%, 5, n=102); misdaad (5%, 5, n=102); diere (5%, 5, n=102); nasionale politiek (5%, 5, n=102); polisie/weermag (5%, 5, n=102); atletiek (5%, 5, n=102); kultuur (4%, 4, n=102); media (4%, 4, n=102); stadsraad (3%, 3, n=102); finansiële aangeleenthede (2%, 2, n=102); plaaslike politiek (2%, 2, n=102); skole (2%, 2, n=102); vermaak (2%, 2, n=102); tersiêre onderrig (2%, 2, n=102); natuur (1%, 1, n=102); vroue (1%, 1, n=102); godsdienste (1%, 1, n=102) en *Applous* (1%, 1, n=102).

Foto's van die Mej Pretoria-wedstryd wat *Metro* aangebied het (Vrydag 15 Julie 1994), Mej Wêreldbeker (Vrydag 2 Julie 1994) en Mej PWV (Vrydag 5 Augustus 1994) was van die foto's van skoonhede (6, 6%, n=102) wat as "ander" foto's op die voorblad van *Metro* verskyn het.

Drie "ander" foto's wat ook vermelding verdien, is die foto van volkspele (Vrydag 29 Julie 1994 - 'n kultuurfoto), die besondere pasiënt by Onderstepoort, naamlik 'n kameel (Vrydag 7 Oktober - 'n dierefoto) en *Metro* se Madeliefietoekennings (Vrydag 18 November 1994).

Die meeste van die "ander" foto's wat op Metro se voorblaaie gebruik is, bly net soos in die eerste jaar gesigfoto's in swart-en-wit. (Daar was net een voorblad in Metro se tweede bestaansjaar wat nie 'n sekondêre foto op gehad het nie, naamlik op Vrydag 10 September 1994.) Die meeste van die foto's het gehandel oor wedstryde van Metro, menslike belang en rugby.

5.2.2.5 Prikkel

'n Duidelike groei in die gebruik van prikkels op *Metro* se voorblad kan gesien word wanneer die tweede jaar se prikkels bestudeer word (1993/1994 = 164 teen 1994/1995 = 183 (n)). Die prikkels van die tweede jaar is ook sterker aangebied en nie so eenvormig soos in die eerste jaar nie (kyk 4.2.2.5). Weer is die meeste van die nuusonderwerpe wat op die datavel verskyn het, verteenwoordig in die prikkels.

Soos in die eerste jaar van *Metro* se bestaan, is daar die meeste na **wedstryde** (13%, 24, n=183) verwys in die prikkels op die voorblad (kyk bylaag C2).

Prikkel oor **rugby** (11%, 20, n=183) het die tweede meeste op *Metro* se voorblad verskyn. Baie van die prikkels het gehandel oor die Wêreldbeker-rugbytoernooi, soos dié van Vrydag 10 Februarie 1995, Vrydag 24 Maart 1995 en Vrydag 23 Junie 1995.

Menslikebelang-prikkel (9%, 17, n=183) het onder meer verwys na 'n berig oor Suzette van der Merwe (Vrydag 9 Junie 1995). Baie van dié prikkels het verwys na ongelukke.

Ander nuusonderwerpe wat deur prikkels aangekondig is, was sport (8%, 14, n=183); finansiële aangeleenthede (8%, 15, n=183); spesiale bylaes (6%, 10, n=183); stadsraad (6%, 11, n=183), polisie/weermag (4%, 7, n=183); vermaak (4%, 7, n=183), misdaad (4%, 7, n=183); skole (3%, 5, n=183); natuur (3%, 6, n=183); *Applous* (2%, 4, n=183), *Insig* (2%, 4, n=183); atletiek (2%, 4, n=183); tersiêre onderrig (2%, 3, n=183); vroue (2%, 4, n=183); maatskaplike aangeleenthede (2%, 3, n=183); kultuur (2%, 4, n=183); skoonhede (2%, 4, n=183); diere (1%, 1, n=183); skou (1%, 1, n=183); mediese sake (1%, 1, n=183); *Elegant* (1%, 1, n=183); nasionale politiek (1%, 4, n=183) en media (1%, 2, n=183).

Prikkel oor finansiële aangeleenthede het onder meer verwys na 'n ontleding van die nasionale begroting deur kenners (Vrydag 17 Maart 1995) en die verhoging van die petrolprys (Vrydag 28 April 1995). Die verwysing na die Perskorfonds op Vrydag 31 Maart 1995 pas by die sekondêre berigte (kyk 5.2.2.3) oor dieselfde onderwerp.

Prikkel het ook verwys na berigte oor byvoorbeeld die planeet Jupiter (Vrydag 22 Julie 1994 - natuur), volkspele (Vrydag 29 Julie 1994 - die prikkel pas by die sekondêre foto oor dieselfde gebeurtenis), 'n modebylaag (Vrydag 26 Augustus 1994 - vroue), die optrede van Spaanse dansers by 'n geselligheid wat *Metro* gereël het (5 September 1994 - vermaak), die koerant se nuwe rolprentskaal (Vrydag 21 Oktober 1994 - *Applous*), 'n blommefees in die stad (Vrydag 25 November 1994 en Vrydag 2 Desember 1994 - natuur) en hawelose mense wat mishandel is (Vrydag 2 Desember 1994 - maatskaplik).

*Prikkels verteenwoordig steeds die grootste aantal van die nuusonderwerpe wat op die datavel verskyn het. Drie koerante (Vrydag 9 Desember 1994, Donderdag 15 Desember 1994 en Vrydag 15 Junie 1995) het nie prikkels op die voorblad gehad nie. **Wedstryde** kom sterk in prikkels voor. 'n Duidelike ontwikkeling in die gebruik en aanbieding van prikkels kan in die tweede jaar van **Metro** se bestaan gesien word.*

5.2.2.6 Grafika

Net soos in die geval van prikkels is daar 'n duidelike groei in die gebruik van grafika (kyk 4.2.2.6). Waar daar in die eerste jaar slegs ses keer van grafika gebruik gemaak is, is daar in die tweede jaar 73 (n) keer van grafika gebruik gemaak.

Grafika is die meeste gevalle saam met prikkels gebruik. Dit het egter wel gebeur dat grafika saam met 'n berig gebruik is, soos op die voorblaaie van Vrydag 31 Maart 1995 en Vrydag 17 Maart 1995.

Grafika oor **finansiële** aangeleenthede (20%, 14, n=73) het die meeste in die tweede jaar van *Metro* se bestaan op die voorblad verskyn, waarskynlik omdat die strekking van finansiële berigte (soos byvoorbeeld begrotings) moeilik is om met 'n foto te illustreer. In gevalle - die nasionale begroting (Vrydag 17 Maart 1995) en Pretoria se begroting (Vrydag 26 Mei 1995) - is van grafika gebruik gemaak om die veranderinge te illustreer. Die Perskorfonds se logo is ook dikwels saam met die sekondêre berigte en prikkels gebruik wat oor dié onderwerp gehandel het (Vrydag 4 November 1994, Vrydag 11 November 1994, Vrydag 25 November 1994 en Vrydag 2 Desember 1994).

Grafika wat **rugby** (13%, 9, n=73) illustreer, is ook dikwels gebruik. Buiten vir grafika van byvoorbeeld 'n mannetjie wat rugby speel by 'n prikkel oor 'n rugbyberig dieper in die koerant, is die logo van die Wêreldbeker-rugbytoernooi ook soms gebruik (Vrydag 19 Mei 1995 en Donderdag 15 Junie 1995).

Prikkels wat verwys na **wedstryde** (11%, 8, n=73) is dikwels versterk deur die gebruik van grafika. Die grafika was in dié gevalle meestal 'n ster wat die aandag moes trek met 'n woord soos WEN.

Nog nuusonderwerpe wat in grafika na vore gekom het was sport (10%, 7, n=73); spesiale bylae (8%, 6, n=73); stadsraad (7%, 5, n=73); polisie/ weermag (5%, 4, n=73); natuur (4%, 3, n=73); vermaak (4%, 3, n=73); misdaad (4%, 3, n=73); maatskaplike aangeleenthede (3%, 2, n=73); *Applous* (3%, 2, n=73); media (3%, 2, n=73); menslike belang (1%, 1, n=73); *Insig* (1%, 1, n=73); vroue (1%, 1, n=73); kultuur (1%, 1, n=73) en skoonhede (1%, 1, n=73).

Grafika van die planeet Jupiter is gebruik om te verwys na 'n berig oor dié planeet (Vrydag 22 Julie 1994 - natuur) en die grafiese logo wat radioaktiwiteit voorstel is saam met die hoofberig (Vrydag 31 Maart 1995) gebruik, wat gehandel het oor die Hartebeespoortdam wat volgens gerugte radio-aktief was. Grafika is dikwels gebruik by die aankondiging van 'n spesiale bylae in *Metro*. In die eerste jaar is sulke bylaes nie op *Metro* se voorblad aangekondig nie (kyk 4.2.2.5).

Die toename in die gebruik van grafika het daartoe bygedra dat nuusonderwerpe wat moeilik was om met 'n foto te ondersteun, visueel voorgestel kon word, en kon die leser se aandag waarskynlik makliker trek. Die afleiding is logies dat die agenda wat deur grafika gestel word, dus sterker is. Finansiële aangeleenthede is veral sterker op die agenda geplaas met behulp van grafika.

5.2.3 Samevatting (nuusagenda)

Statisties gesien, verskil *Metro* se nuusagenda in sy tweede jaar van verskyning wel van die eerste jaar. (Daar was 656 (n) items op die voorblaaie van *Metro* van Julie 1994 tot Junie 1995). Wanneer die syfers bestudeer

word, was **wedstryde** (13%, 85, n=656) die nuusonderwerp wat die meeste op *Metro* se voorblaaie verskyn het (kyk bylaag C2). Dit mag wel na 'n eienaardige nuusagenda lyk, maar van die 85 keer wat wedstryde op die voorblad geïdentifiseer is, was nie een 'n hoofberig nie. Die verwysings na wedstryde het hoofsaaklik bestaan uit sekondêre berigte (32), prikkels (24) en "ander" foto's (19).

Rugby (10%, 64, n=656) was die tweede meeste op die voorblad van die koerant. Dit stem ooreen met die feit dat rugby van die begin van die koerant se bestaan af as belangrik beskou is (kyk 3.3.5). Die items wat oor rugby gehandel het, was egter hoofsaaklik prikkels (20) en sekondêre berigte (18). Tog kan die feit dat rugby as belangrik beskou is nie geïgnoreer word nie. Buiten vir rugby was daar ook verwysings na sport (6%, 41, n=656) en atletiek (2%, 14, n=656), wat 'n totaal van 115 (18%, n=656) gee. Dit is by verre die meeste verwysings na enige nuusonderwerp. Baie van die verwysings was egter slegs prikkels.

In die derde plek was **stadsraadsake** (10%, 63, n=656). Buiten vir die gewone berigte oor elektrisiteit en water was daar berigte oor die feit dat die Groter Pretoria Metropolitaanse Raad moeite gedoen het om Pretoria as enigste hoofstad verkies te kry. Dit is duidelik 'n meer nasionale tipe nuusonderwerp. Die feit dat 14 van die berigte oor stadsraadsake hoofberigte op die koerant se voorblad was, maak dit 'n onderwerp wat duidelik van belang is. Die feit dat stadsraadsake sterker gestel is, beteken dat dit oorwegend die belangrikste nuusonderwerp op die koerant se voorblad was.

Ander nuusonderwerpe op *Metro* se voorblad gedurende die tweede jaar van die koerant se bestaan was menslike belang (8%, 55, n=656); finansiële aangeleenthede (8%, 51, n=656); sport (6%, 41, n=656); misdaad (6%, 40, n=656); polisie/weermag (5%, 31, n=656); natuur (4%, 24, n=656); media (3%, 22, n=656); skoonhede (3%, 18, n=656); skole (3%, 18, n=656); diere (3%, 17, n=656); spesiale bylae (3%, 17, n=656); kultuur (2%, 15, n=656);

atletiek (2%, 14, n=656); vermaak (2%, 13, n=656); mediese sake (2%, 12, n=656); nasionale politiek (2%, 12, n=656); tersiêre onderrig (1%, 9, n=656); *Applous* (1%, 8, n=656); maatskaplike aangeleenthede (1%, 6, n=656); vroue (1%, 6, n=656); *Insig* (1%, 5, n=656); plaaslike politiek (1%, 4, n=656) en godsdienst (1%, 4, n=656). *Elegant* en skou, met een inskrywing elk, vorm minder as een persent van die totaal.

In teenstelling met die vorige jaar is daar ook aansienlik meer moeite gedoen om *Metro* se spesiale bylaes op die voorblad aan te kondig.

*Samevattend kan gesê word dat hoewel **wedstryde** in die tweede bestaansjaar die meeste op die voorblaaie van **Metro** voorgekom het, dit nie die belangrikste item op die koerant se agenda was nie omdat dit klein verwysings was en nie sterk hoofberigte nie. **Stadsraadsake, misdaad, sport** (veral **rugby**) en gebeure wat die **natuur** beïnvloed (die giframp) was eerder die agenda wat **Metro** gestel het. Dit verskil in dié sin van die eerste jaar dat nasionale politiek selde genoem is en glad nie so 'n pertinente deel van die koerant se nuusagenda was as in die vorige jaar nie.*

Vervolgens word die nuusagenda wat so pas uiteengesit is vergelyk met wat die literatuur stel die vereistes vir 'n "goeie" plaaslike koerant is en met wat *Metro* oorspronklik beplan het die koerant se nuusagenda sou wees (kyk 3.3.5).

5.3 *Metro* van Julie 1994 tot Junie 1995 en die vereistes vir 'n plaaslike koerant

5.3.1 Teoretiese uitgangspunt

Metro se nuusagenda in die tweede jaar van sy bestaan het meer as in die eerste jaar ooreen gestem met wat die literatuur stel as die gewenste beriggewing vir 'n "goeie" plaaslike koerant (kyk 2.3.3). Aansienlik minder berigte is oor nasionale politiek in dié tyd gepubliseer. Dit beteken nog nie dat

Metro glad nie oor gebeure wat nasionaal van aard is, berig het nie. 'n Hele paar van *Metro* se "plaaslike" berigte het tog 'n nasionale tint gehad. Die koerant het egter nie sy plaaslike karakter verloor nie, omdat hy oorwegend oor plaaslike gebeure berig het.

5.3.2 Evaluering

5.3.2.1 Die funksies van 'n plaaslike koerant en *Metro*

Metro het in sy tweede bestaansjaar steeds die plaaslike gemeenskap ingelig oor gebeure om hulle. Daar kan gesê word dat die koerant meer plaaslike inligting op die voorblad verskaf het, aangesien daar soveel meer prikkels was wat verwys het na plaaslike berigte dieper in die koerant (kyk 5.2.2.5). Meer volledige inligting is op dié manier aan die lesers van die koerant gebied.

Metro het ook gepoog om 'n bepaalde agenda te stel wanneer dit kom by die natuur deur mense se aandag te vestig op die storting van gif in die Limpopo-rivier.

Nog 'n funksie van 'n plaaslike koerant wat *Metro* in sy tweede bestaansjaar beter vervul het, was om sy lesers te vermaak en ontspanning te bied. Die groot belading sportberigte was veral 'n bydraende faktor. Die prikkels, berigte, foto's en grafika oor vermaak (kyk 5.2.2.3 en 5.2.2.4) het ook aan die leser getoon dat die koerant ontspanningslesstof bied, en waar dit dit in die koerant was.

5.3.2.2 Geografiese gebied

In *Metro* se die eerste bestaansjaar het al die gebeure waaroor op die voorblad berig is, binne sy verspreidingsgebied afgespeel. Sommige van die gebeure het wel nasionale impak gehad, maar dit was steeds plaaslike gebeure.

In die tweede bestaansjaar was daar 'n uitsondering. Nie al die gebeure waaroor berig is, het in *Metro* se verspreidingsgebied plaasgevind nie. Een van dié gebeure was die beweerde storting van gif in die Limpopo-rivier (Vrydag 29 Julie 1994). Die berig is as "eksklusief" gepubliseer aangesien *Metro* in die stadium die enigste koerant was wat daarvoor berig het (Aucamp, 1996b, 9). Die tweede gebeurtenis was dat twee meisies van Springs vermis geraak het (Vrydag 10 Februarie 1995). 'n Diens is aan die gemeenskap gelewer deur daarvoor te berig.

5.3.2.3 Koerantinhoud

Metro se koerantinhoud stem in die tydperk met 'n paar uitsonderings na baie ooreen met wat die literatuur stel die vereistes vir die inhoud van 'n "goeie" plaaslike koerant moet wees (kyk 2.3.3.2), soos saamgevat in sentrale teoretiese stelling nommer drie:

Metro kan as plaaslike koerant beoordeel word aan die hand van die vereistes wat in die literatuur vir 'n "goeie" plaaslike koerant gestel word, soos dat

- *Metro* slegs in 'n bepaalde geografiese gebied versprei is;
- *Metro* het berig oor gebeure tipies aan 'n plaaslike koerant soos dié rakende plaaslike stadsrade, sportgebeure, skole, misdaad en kerke; en dat
- die berigte gerig was op die lesers van *Metro*.

Stadsraadsake was weer eens hoog op *Metro* se nuusagenda (kyk 5.2.3). Hoewel die berigte almal oor stadsraadsake van Pretoria, Centurion of Akasia gehandel het, was daar tog 'n nasionale tint daaraan verbonde aangesien die stadsraad se pogings om Pretoria as nasionale hoofstad verkies te kry, deel van dié berigte uitgemaak het.

Nuus oor skole (3%, 18, n=656) en opvoedkundige inrigtings (1%, 9, n=656) is goed gedek (drie tot vyf bladsye) dieper in die koerant, maar op die voorblad het daar nie baie verwysings na dié afdeling van die koerant verskyn

nie. Die verwysings na skolenuus op die voorblad het bestaan uit een hoofberig (kyk 5.2.2.1) en vier hooffoto's (kyk 5.2.2.2). Die berigte wat dus wel oor skolenuus verskyn het, is sterk aangebied. Matriekuitslae en graad eens wat skool toe gaan, was twee van die gebeure wat gedek is (kyk 5.2.2.1 en 5.2.2.2).

Daar was van Julie 1994 tot Junie 1995 slegs een verwysing na 'n gebeurtenis wat met 'n kerk verbind word. Weer was daar geen verwysings na verenigings op die voorblaaie nie. Kerke en verenigings is belangrike nuusbronne vir 'n plaaslike koerant (kyk 2.3.3.2) en *Metro* ignoreer dit nie. Dit is net nie op die voorblad geplaas nie.

Menslikebelang-berigte het redelik gereeld op *Metro* se voorblad verskyn (8%, 55, n=656). Van die berigte wat hieronder val was dié oor Suzette van der Merwe (Vrydag 12 Mei 1995). Dit was 'n berig met 'n nasionale karakter, aangesien sy 'n bekende persoon in Suid-Afrika is en die besoeke van prinses Anne en koningin Elisabeth II van Brittanje val in dieselfde kategorie. Ander menslikebelang-berigte was weer baie plaaslik, soos die sewentien baba's wat by HF Verwoerdhospitaal gebore is en 'n brand by die Bramley-kinderhuis.

In teenstelling met die eerste jaar van *Metro* se bestaan, het die koerant wel landbounuus gedra in die vorm van die berigte oor die beweerde gif in die Limpopo-rivier. Vir die boere op die oewer was dit van belang (Vrydag 29 Julie 1994). Hoewel *Metro* nie tot daar versprei word nie, het ander koerante die berigte opgevolg en het die gebeurtenis nasionale aandag geniet (Aucamp, 1996b, 9).

Berigte oor kuns (*Applous* - 1%, 8, n=656) en vermaak (2%, 13, n=656) is in die tweede jaar van *Metro* se bestaan meer dikwels gepubliseer as in die eerste jaar. Die meeste van die verwysings was net prikkels, soos die een wat verwys het na die nuwe rolprentskaal (Vrydag 21 Oktober 1994). Hoewel

nie werklik nuuswaardig nie, het dit gedui op die verbetering van 'n diens aan lesers.

Die nuusonderwerp wat konstant en sterk op *Metro* se voorblaaie aangebied is, was sport. As die drie verskillende items waaronder sport geklassifiseer word (rugby, sport en atletiek) bymekaar getel word, is dit die nuusonderwerp wat by verre die meeste op die voorblad van die koerant verskyn het. Veral aan rugby is heelwat ruimte afgestaan. Die Wêreldbeker-rugbytoernooi wat in dié tyd in Suid-Afrika gehou is, was seker 'n bydraende faktor, maar wanneer daar na die vorige jaar se nuusagenda gekyk word, was rugby ook 'n sterk punt op die koerant se nuusagenda. Klub- en provinsialerugby het hoofsaaklik aandag geniet, maar ook internasionale rugby het in die tweede jaar van *Metro* se bestaan meer aandag geniet. Dit was in 'n mate 'n afwyking van van die koerant se geografiese gebondenheid, maar Pretoria se liefde vir rugby was waarskynlik deurslaggewend.

In *Metro* se tweede bestaansjaar is daar meer moeite gedoen om spesiale bylaes in die koerant op die voorblad aan te kondig. Tien prikkels, waarby daar ses keer grafika was om dit te versterk, het die spesiale bylaes aangekondig, teenoor die vorige jaar se een verwysing daarna. *Metro* het dus beter aan dié vereiste vir die inhoud van 'n plaaslike koerant voldoen.

'n Nuusonderwerp wat volgens die literatuur ook 'n goeie onderwerp is om oor te berig, is misdaad (kyk 2.3.3.2). Die berigte oor die Heyns-moord was oor 'n misdaad wat die land se aandag geniet het. Heelwat ander berigte en verwysings na misdaad (6%, 40, n=656) het ook in die tydperk Julie 1994 tot Junie 1995 op *Metro* se voorblaaie verskyn.

As *Metro* se nuusagenda van sy tweede bestaansjaar vergelyk word met die nuusagenda wat die redaksie oorspronklik vir die koerant beplan het, stem dit ooreen (kyk 3.3.5). Dit kan gesien word uit die swaar belading sport en die feit dat die koerant berig het oor nasionale en internasionale gebeure (hoewel dit

in Pretoria afgespeel het). Volgens Aucamp (1996a) het die koerant nie net oor suiwer plaaslike gebeure berig nie, maar oor alles wat in Pretoria gebeur, al was dit nasionaal of internasionaal van aard.

5.3.3 Samevatting (plaaslike koerantvereistes)

Samevattend kan gesê word dat *Metro* se nuusagenda in die tweede jaar van sy bestaan ooreengestem het met die nuusagenda wat vir die koerant beplan is, maar effens van die nuusagenda wat die literatuur stel, afgewyk het.

Die afwyking van die literatuur kom in by die feit dat heelwat van die berigte, hetsy sport, misdaad, menslike belang of natuur, wel 'n nasionale of selfs internasionale tint gehad het, wat in stryd is met wat die literatuur stel (kyk 2.3.3). *Metro* het selfs berig oor gebeure buite sy verspreidingsgebied (byvoorbeeld die gebeurtenis in verband met die Limpopo-rivier).

Net soos wat *Metro* se nuusagenda verander het, het die uitleg van die koerant ook verander. Hoewel nie so drasties soos in die derde jaar van die koerant se bestaan nie (kyk 6.4), was daar tog veranderinge. Vervolgens word die voorbladontwerp van die koerant van Julie 1994 tot Junie 1995 bespreek aan hand van die vereistes wat Garcia (1993) daarvoor stel.

5.4 Die ontwerp van *Metro* in Julie 1994 tot Junie 1995

5.4.1 Teoretiese uitgangspunt

Die ruimte bo die mashoof is nie werklik in die eerste jaar gebruik nie. In die tweede jaar van *Metro* se bestaan is dié spasie aansienlik beter gebruik vir prikkels. Nog 'n verandering in die uitleg van *Metro* was dat dit al hoe meer voorgekom het dat die hoofberig nie direk onder die mashoof geplaas is nie. Dié berig is egter steeds sterk aangebied en daar was geen verwarring oor wat die hoofberig was nie.

Garcia (1993:4) plaas heelwat klem op die vereiste dat die leser so vinnig en maklik moontlik deur 'n bladsy moet kan lees (kyk 2.4.2), maar *Metro* se voorblad was in 1994-1995 steeds besig en nie altyd baie maklik om te lees nie. Nog 'n vereiste is dat die voorblaaie 'n eenheid moet vorm, wat ook nie altyd die geval met *Metro* se voorblaaie was nie. Die voorbladontwerp van *Metro* kan bespreek word aan hand van spesifieke sentrale teoretiese stelling nommer vier:

Metro se voorbladontwerp (waaronder die gebruik van lettertipes, kleur, foto's en eenheid tussen die verskillende elemente) kan aan die hand van Garcia (1993) se riglyne vir moderne koerantontwerp beoordeel word. Dit sluit in dat

- duidelike lettertipes gebruik moes word;
- kleur met oorleg gebruik moes word;
- daar afwisseling moes wees in die ontwerp van die voorblad; en dat
- die manier waarop die voorblad ontwerp is, agendastelling moes ondersteun deur die belangrikste berigte die sterkste aan te bied.

5.4.2 Evaluering van voorblaaie

Die hoofberigte van *Metro* in 1994-1995 is steeds sterk aangebied, maar nie noodwendig direk onder die mashoof nie (kyk bylaag B5). Indien die hoofberigte nie direk onder die mashoof was nie, is daar dikwels 'n sekondêre berigte - gewoonlik in 'n raam - direk onder die mashoof geplaas en daarna die hoofberigte. Prikkel bo die mashoof was ook baie plat, sodat die hoofopskrif nie te laag op die bladsy begin het nie. Soms is daar ook 'n foto tussen die mashoof en die hoofberigte geplaas (kyk bylaag B6).

Hoofopskrifte was steeds nie meer as vyf woorde lank nie, en nie meer as drie reëls nie. Die hoofopskrifte is almal in ITC-GaramondCondensed geset (kyk bylaag A1). Opskrifte by sekondêre berigte en onderskrifte van foto's se opskrifte was steeds ITC-GaramondCondensed en indien dit op 'n blok geplaas is, SwitzerlandInserat of SansExtended (soos in die eerste jaar).

Die berigte op die voorblad het steeds na bladsy vier oorgeloop. Daar was glad nie, soos in die eerste jaar (Vrydag 17 Junie 1994) en in die derde jaar (kyk 6.2), slegs 'n opsommende berig saam met 'n groot foto op die voorblad in plaas van 'n volledige hoofberig nie.

Onder- en bo-opskrifte is steeds gereeld gebruik. Soms is hulle onderstreep (kyk bylaag B5) om dié deel van die opskrif te beklemtoon. Die gebruik van onder- en bo-opskrifte was dieselfde as in *Metro* se eerste bestaansjaar. Die aanbieding van sekondêre berigte het ooreen gestem met dié van die vorige jaar.

Die aanbieding van prikkels het baie ontwikkel in die tweede jaar. Aan die begin van die tweede jaar was die prikkel bo die mashoof steeds een plat prikkel op 'n blok of 'n getinte blok (kyk bylaag B5). Deur die loop van die jaar is die mashoof laer laat sak sodat die prikkels dieper was en meer ingepas kon word. Prikkels is ook al meer vergesel deur grafika, wat meer klem op die prikkels geplaas het (kyk bylaag B6). Prikkels wat bo die mashoof geplaas is, is ook gewoonlik in 'n ander kleur as swart geset of in 'n blokkie sodat dit uitstaan. Garcia (1993:124) meen dat dit nodig is, aangesien 'n prikkel anders net sal "verdwyn".

Voorblaaie was steeds soms baie besig. Dit kon daartoe lei dat die leser nie so vinnig en maklik deur die berigte op die voorblad kon werk soos wat Garcia aanbeveel nie (kyk 2.4.2)

Pogings is aangewend om 'n aanduiding van die inhoud op die voorblad van *Metro* te gee. Dit is gedoen deur 'n paar prikkels saam op 'n grafiese voorstelling van 'n knipbord te plaas (Vrydag 23 September 1994 en Vrydag 30 September 1994). Soms is al die grafika in dieselfde grootte blokkies, maar in verskillende kleure, aangebied en ander kere afsonderlik. In dié opsig was daar dus gereeld afwisseling van die aanbieding van prikkels, iets wat Garcia aanbeveel (kyk 2.4.2).

Die uitleg van *Metro* se voorblaai in die tweede jaar van verskyning het dikwels só gelyk:




Fig 5.1

Metro se voorblaai was steeds baie kleurvol. Daar is gereeld gebruik gemaak van gekleurde blokkies, rame, grafika en foto's.

Die meeste foto's op die voorblad was in kleur (SW=69, kleur=76). Wat belangrik is, is dat 42 van die kleurfoto's hooffoto's was en baie van die swart-en-wit foto's slegs gesigfoto's. Die hooffoto's is redelik groot gebruik, maar nie naastenby so groot as in die derde jaar van *Metro* se bestaan nie (kyk 6.2). Onderskrifte by die foto's is dikwels in 'n blokkie geplaas en het ook soms as verwysings na berigte dieper in die koerant gedien.

Metro het in die tweede jaar van sy bestaan steeds nie sekondêre berigte op die voorblad op 'n gekleurde blok geplaas, soos wat Garcia (kyk 2.4) aanbeveel nie.

Garcia (1993) beveel verder aan dat meer persoonlike nuus op die voorblad van 'n plaaslike koerant moet verskyn. Hoewel 'n groot aantal van die berigte wel so 'n aard gehad het, het 'n hele paar hoofberigte eerder 'n nasionale aard gehad. Die feit dat die berigte sterker aangebied is, het veroorsaak dat 'n meer nasionale kleur aan die nuus gegee is.

Foto's is wel sterk aangebied, maar die foto's het by verre nog nie die voorblad gedomineer nie.

Metro se voorbladontwerp het redelik gewissel tussen Julie 1994 en Junie 1995. Soms was die mashoof bo-aan die blad, soms was daar prikkels, soms was die hoofberig direk onder die mashoof en soms nie. Afwisseling in die ontwerp van die voorblad het wel voorgekom. Die toename in prikkels en veral grafika het ook 'n groter verskeidenheid nuusonderwerpe op die voorblaaie geplaas en dit lewendiger gemaak.

5.4.3 Samevatting (koerantontwerp)

Soos in die eerste jaar, het *Metro* se voorbladontwerp baie ooreengestem met wat Garcia (1993) aanbeveel, hoewel daar steeds afwykings is. Die voorbladontwerpstyl van die eerste jaar was steeds sterk teenwoordig. Die gebruik van prikkels het egter ontwikkel. Die toenemende gebruik van grafika het hiertoe bygedra deur die prikkels meer visueel aantreklik te maak.

5.5 Samevatting (hoofstuk)

Metro het aangepas by die veranderende nuusbehoefes van sy lesers. Hoewel dit nie drastiese veranderinge was nie, was dit tog so dat die nuusagenda daarby moes aanpas. Waar nasionale politiek in die eerste jaar as sterk agendapunt op die koerant se voorblad was, is dié nuusonderwerp in

die tweede jaar van publikasie nie noemenswaardig nie. Sport (en veral rugby) het weer baie aandag geniet.

In totaal gesien, het *Metro* se nuusagenda ooreengestem met dit wat die literatuur stel die nuusagenda van 'n "goeie" plaaslike koerant behoort te wees en met dit wat *Metro* se oorspronklike nuusbeleid was.

Ontwikkeling in *Metro* se voorbladontwerp van Julie 1994 tot Junie 1995 kan duidelik gesien word. Daar is baie meer gebruik gemaak van grafika en beter gebruik van prikkels. Dié ontwikkeling het die koerant se aanbieding van nuus interessanter gemaak en dit was moeiliker om vasgevang te raak in 'n spesifieke ontwerpstyl.

In die volgende hoofstuk word die voorblaaie van *Metro* van Julie 1995 tot Junie 1996 bestudeer om só te kan begryp wat die redaksie in die derde jaar van die koerant se bestaan gedoen het om die koerant in die gemeenskap te probeer vestig.

Hoofstuk 6

Beskrywing en analise van Metro se voorblaaie - Julie 1995 tot Junie 1996

6.1 Inleiding

Die nuusinhoud en styl van aanbieding het vir die grootste deel van *Metro* se derde publikasiejaar, Julie 1995 tot Junie 1996, ooreengestem met die vorige twee jaar, maar die sirkulasiesyfer van die koerant het bly daal. In Mei 1996 is besluit om 'n drastiese verandering te opsigte van die ontwerp van die voorblad van die koerant te maak.

Ongeag die verandering in die aanbieding van die items op die voorblad, het die nuusinhoud van *Metro* nie verander nie, en het dit steeds - met enkele uitsonderings - tipies die nuusinhoud van 'n "goeie" plaaslike koerant weerspieël (kyk 6.3).

In dié hoofstuk word 'n verduideliking gegee van hoe *Metro* se voorblad-ontwerp in die derde jaar verander het. Daar word uitgewys hoe die rol van die hooffoto verander het ná Vrydag 10 Mei 1996. Prikkel se belangrikheid het ook verhoog, aangesien sekondêre berigte op die voorblad weggeval het (kyk 6.2.2).

6.2 *Metro* se nuusagenda van Julie 1995 tot Junie 1996

6.2.1 Teoretiese uitgangspunt

Metro se redaksie het ook in die derde jaar van die koerant se bestaan gepoog om die nuusbehoefte van sy lesers te bevredig soos wat spesifieke sentrale teoretiese stelling nommer twee dit uiteensit.

*Die agenda en inhoud van **Metro** se voorblaaie kan aan die hand van aspekte van die agendastellingsteorie en die behoefte- en bevredigingsteorie verduidelik word, naamlik dat*

- ***Metro** se redaksie 'n keuse uitgeoefen het oor die gebeure waarop hulle hul lesers se aandag wou vestig, sonder om noodwendig die leser se mening te beïnvloed;*
- *dié keuse beïnvloed is deur die inligtingsbehoefte van **Metro** se lesers;*
- *die leser se aandag bepaal is deur die aanbieding en plek van plasing van 'n berig asook die visuele en inhoudelike aanbieding.*

Metro se aanbieding van nuus het verander en só die nuusagenda in 'n mate verander. Sekondêre berigte het weggeval en prikkels het belangriker geword. Die aansienlik groter aanbieding van die hooffoto op die voorblad het meegebring dat die nuusagenda wat deur hooffoto's gestel is, belangriker geword het.

Die nuusagenda van *Metro* is dus beïnvloed deur die verandering in voorbladontwerp, omdat daar klem op ander items geplaas is. Vervolgens word die nuusagenda van *Metro* bespreek en elke keer word die impak van die ontwerpverandering aangetoon.

6.2.2 Beskrywing

6.2.2.1 Hoofberigte

Die gebeurtenis wat *Metro* se redaksie as die belangrikste beskou het en wat hulle verwag het die lesers wou lees, is steeds die sterkste op die voorblad aangebied. Tot op Vrydag 10 Mei 1996 is daar, soos in die vorige twee jaar, 'n gedeelte van die hoofberig op die voorblad geplaas, wat dan oorgeloop het na bladsy vier. Sedert Vrydag 10 Mei 1996 was daar slegs 'n hoofopskrif op die voorblad, maar nie die volledige hoofberig nie. Net 'n opsomming van die berig en bladsyverwysing is gegee. Die groot hooffoto het nie plek gelaat vir 'n volledige hoofberig nie. Sulke opsommings van die hoofberigte is steeds in die inhoudsanalise as hoofberigte geklassifiseer.

In die derde jaar van *Metro* se bestaan, was daar 53 koerante (die derde jaar se numering het op 30 Junie 1995 begin) en 53 hoofberigte (n).

Stadsraadsake (33%, 18, n=53) het weer die meeste na vore gekom in hoofberigte (kyk bylaag C3). Dit is ver meer as in die vorige twee jaar (kyk 4.2.2.1 en 5.2.2.1). Vier belangrike gebeure is onder andere in dié agtien berigte weergegee. Die eeste was die begin van 'n hofsaak teen die stadsraad van Pretoria oor vaste tariewe deur die Besorgde Belastingbetalersgroep (BBG). Hoofberigte oor die BBG-saak het verskyn op Vrydag 7 Julie 1995, Vrydag 14 Julie 1995 en Vrydag 18 Augustus 1995. (Dié hofsaak het na die datum van dié studie tot 'n einde gekom.) Nog 'n saak waarvoor *Metro* steeds berig het, was die hotel wat deur Bio-Supreme by die Sammy Marks-plein ontwikkel sou word (kyk 5.2.2.1). Die stadsraad was finansiëel by die projek betrokke. Bio-Supreme het bankrot gespeel en die stadsraad van Pretoria het 'n groot finansiële verlies gely (Vrydag 10 November 1995 en Vrydag 19 Januarie 1996). Die besoedeling van die Centurion-meer was 'n derde stadsraadverwante gebeurtenis wat aandag geniet het (Vrydag 17 Mei 1996 en Vrydag 7 Junie 1996). Veral die berigte oor die meer is sterk aangebied, gegee die nuwe ontwerp van die voorblad (kyk 6.4). Vrydag 17 Mei 1996 se hoofberig is ondersteun deur 'n groot foto van die meer. Berigte oor watervermorsing en hoër tariewe is gepubliseer op Vrydag 21 Julie 1995, Vrydag 1 September 1995 en Vrydag 17 November 1995.

Berigte oor die **mediese professie** (13%, 7, n=53) het die tweede meeste as hoofberigte op *Metro* se voorblaaie verskyn. Hieronder was weer berigte oor die HF Verwoerd-hospitaal (kyk 4.2.2.1) (Vrydag 30 Junie 1995). Verder was daar berigte oor wanbestuur by die Femina-kliniek (een van die grootste ginekologiese hospitale in Pretoria) op Vrydag 29 September 1995 en Vrydag 13 Oktober 1995; ambulanse wat glo in 'n swak toestand was (Vrydag 12

April 1996) en verpleegsters wat nie by 'n ongelukstoneel wou help nie (Vrydag 3 November 1995).

Misdaad (11%, 6, n=53) was die volgende punt op die nuusagenda wat deur hoofberigte gestel is. 'n Hele paar van die hoofberigte oor misdaad het 'n nasionale aard gehad, soos dié oor Lionel's Gym wat bankrot gespeel het (Vrydag 26 Januarie 1996). Daar was ook berig oor veediefstal waartydens diere vermink is (Vrydag 22 Desember 1995). Berigte oor wanbestuur van die Huurkor-maatskappy (Donderdag 4 April 1996) en opgrawings by die pedofiel Gert van Rooyen se huis (Vrydag 10 Mei 1996) is as hoofberigte aangebied. Die berig oor Van Rooyen was die eerste wat in die nuwe voorbladformaat aangebied is (sirkulasie was egter net 13 323 - *Metro* se eie syfers).

Ander nuusonderwerpe wat in hoofberigte gefigureer het in dié tyd was polisie/weermag (9%, 5, n=53); nasionale politiek (8%, 4, n=53); finansiële aangeleenthede (8%, 4, n=53); maatskaplike aangeleenthede (6%, 3, n=53); skole (4%, 2, n=53); kultuur (9%, 1, n=53); natuur (2%, 1, n=53); rugby (2%, 1, n=53) en sport (2%, 1, n=53).

In die derde jaar is ook oor nasionale politiek verslag gelewer. In dié geval was dit 'n berig oor die regse politieke gevangene Willem Ratte, wat op 'n eetstaking in die gevangenis gegaan het (Vrydag 21 Junie 1996). 'n Hoofberig met die opskrif "Die KP sink" het *Metro* 'n dagvaardiging besorg (Vrydag 27 Oktober 1995).

Die nasionale begroting was, soos in die geval van die vorige twee jare (Vrydag 15 Maart 1996), weer 'n hoofberig. Ander finansiële aangeleenthede waaroor berig is, was die stadsraad van Pretoria se begroting (Vrydag 14 Junie 1996) en 'n brug wat in Midrand gebou is en glo die eerste van sy soort in Suid-Afrika was (Vrydag 28 Junie 1996).

Metro het in sy derde bestaansjaar meer berigte oor maatskaplike aangeleenthede op die voorblad geplaas. Die eerste berig het gehandel oor 'n "selfmoord-epidemie" wat glo in Pretoria uitgebreek het (Vrydag 19 April 1996). Ander maatskaplike berigte het gehandel oor kindermisbruik in Sunnyside en is ondersteun deur foto's wat deur die polisie verskaf is (Vrydag 24 Mei 1996), asook die lot van arm mense in die stad (Vrydag 31 Mei 1996). Die drie berigte is tipies van 'n plaaslike koerant (kyk 2.3.3 en 6.3).

'n Paar nuusonderwerpe het slegs een keer van Julie 1995 tot Junie 1996 op die voorblad verkyn. Die eerste was 'n kultuurberig oor die Capitol-teater op Kerkplein wat verwaarloos was (Vrydag 11 Augustus 1995). Die matriekuitslae was op Vrydag 22 Desember 1995 die hoofberig en weer is slegs Gauteng se uitslae gepubliseer. Die enigste rugby-hoofberig van die jaar het gehandel oor die druk oefen- en wedstrydprogram van die Noord-Transvaalse span (Vrydag 3 Mei 1996).

Stadsraadsake is dus weer, soos die vorige twee jaar, die meeste as onderwerp vir hoofberigte gebruik. Soos vroeër in die studie gestel is (kyk 2.3.3), was stadsrade 'n groot bron van inligting vir 'n plaaslike koerant aangesien dié rade se optrede en besluite 'n direkte invloed op die inwoners het. Misdaad het ook weer heelwat aandag geniet.

6.2.2.2 Hooffoto's

Die aanbieding van *Metro* se hooffoto's het in die derde jaar van die koerant se bestaan aansienlik verander. Vroeër was die foto's groter as die ander foto's op die voorblad, maar van Vrydag 10 Mei 1996 af is die hooffoto's aansienlik groter as die ander aangebied (kyk bylaag B8). Die idee daarmee was om die leser se aandag te trek. Die implikasie is dat die nuusagenda wat die hooffoto's gestel het nou sterker na vore gekom het, veral vergeleke met die hoofberig (as dit oor 'n ander saak gehandel het).

Al die voorblaaie in die derde jaar het egter nie 'n hooffoto gehad nie. Daar moet in gedagte gehou word dat die verandering in voorbladontwerp eers in

die laaste twee maande van die derde jaar plaasgevind het. Tot voor daardie tyd was die voorbladontwerp basies dieselfde as die vorige twee jaar, wat beteken dat daar nie noodwendig 'n duidelik uitkenbare hooffoto was nie. Van die 53 koerante het 48 (n) duidelik uitkenbare hooffoto's gehad. Nege van dié foto's was besonder groot. Die voorblaaie wat nie hooffoto's gehad het nie was dié van Vrydag 22 September 1995, Vrydag 3 November 1995, Vrydag 17 November 1995, Vrydag 29 Desember 1995 en Vrydag 12 Januarie 1996. Vier van die hooffoto's is in swart-en-wit gebruik.

Skoonhede (21%, 10, n=48) het die meeste in hooffoto's op *Metro* se voorblaaie van Julie 1995 tot Junie 1996 verskyn (kyk bylaag C3). 'n Verklaring vir die groot aantal hooffoto's van skoonhede was dat *Metro* medeborg van die Mej Pretoria-wedstryd was. Die koerant het met behulp van hooffoto's op die voorblad die wedstryd bevorder (Vrydag 7 Julie 1995, Vrydag 14 Julie 1995, Vrydag 1 September 1995, Vrydag 8 September 1995 en Vrydag 15 September 1995). Al die foto's van skoonhede was egter nie tot die Mej Pretoria-wedstryd beperk nie (Vrydag 22 Desember 1995).

Rugbyfoto's (11%, 5, n=48) het die tweede meeste van alle onderwerpe op die voorblad verskyn. Net soos die vorige twee jare, het die foto's in die algemeen verband gehou met wedstryde van Noord-Transvaal (kyk 4.2.2.2 en 5.2.2.2). Foto's van ander sportsoorte (11%, 5, n=48) buiten rugby en atletiek is ook dikwels op *Metro* se voorblaaie as hooffoto's gebruik. Van die noemenswaardige foto's wat gepubliseer is, was 'n foto van die ontvangers van die Madeliefietoekenning (Vrydag 8 Desember 1995) en kunstietsy (Vrydag 3 Mei 1996).

Ander nuusonderwerpe wat na vore gekom het in hooffoto's op die voorblad was: stadsraad (8%, 4, n=48); diere (6%, 3, n=48), finansiële aangeleenthede (6%, 3, n=48); skole (6%, 3, n=48); misdaad (4%, 2, n=48); maatskaplike aangeleenthede (4%, 2, n=48); natuur (4%, 2, n=48); menslike belang (4%, 2, n=48); atletiek (4%, 2, n=48); skou (2%, 1, n=48); polisie/weermag (2%, 1,

n=48), nasionale politiek (2%, 1, n=48), mediese sake (2%, 1, n=48) en wedstryde (2%, 1, n=48).

Hooffoto's oor stadsraadsake het ingesluit 'n foto van die water wat die stadsraad mors (Vrydag 21 Julie 1995); 'n groot foto van Centurion-meer (Vrydag 17 Mei 1996) wat by die hoofberig van dié uitgawe gepas het en 'n groot foto van sinkgate wat in Centurion ingeval het (Vrydag 1 Maart 1996).

Foto's van diere is ook as hooffoto's gebruik. Een foto was van 'n vark wat beroemdheid verwerf het deurdat hy as rugbybal gebruik is tydens die 1995 intervarsity tussen UP en RAU (Vrydag 15 Maart 1996). 'n Finansiële foto wat groot gebruik is, was dié van 'n skaalmodel van die brug wat naby Midrand gebou word (Vrydag 28 Junie 1996). Dié foto het gepas by die hoofberig van dié uitgawe.

Die foto's van skoolkinders wat as hooffoto's gebruik is, was van die wenners van die Laerskoolleerling van die Jaar-wedstryd (Vrydag 1 Desember 1995) (wat *Metro* aangebied het) en van 'n groep matriekleerlinge van die Hoërskool Swartkop wat nooit in hul skoolloopbane afwesig was nie.

Een van die misdaadfoto's wat *Metro* as 'n hooffoto gebruik het, was van die opgrawings by die huis van die pedofiel Van Rooyen (Vrydag 10 Mei 1996). Dié foto was die eerste wat aangebied is in die nuwe voorbladontwerp van *Metro*. Hoewel dit 'n swart-en-wit foto was, is die foto oor sewe kolomme gebruik. Die trefkrag van die spesifieke foto was die motivering om voort te gaan met die "nuwe" ontwerp van die voorblad (Aucamp, 1996).

Die een maatskaplike foto wat *Metro* as hooffoto gebruik het, was van kindermisbruik in Sunnyside (Vrydag 24 Mei 1996). 'n Reeks van drie foto's is gebruik wat gewys het hoe 'n straatkind opgelaai is en na alle waarskynlikheid dan seksueel misbruik is. Dié foto's is geneem van 'n video van die polisie. Die sterk aanbieding van die foto's het die hoofberig, wat oor dieselfde

gebeurtenis gehandel het, ondersteun. Die ander maatskaplike foto was van arm mense in Pretoria (Vrydag 31 Mei 1996).

Die twee natuurfoto's wat *Metro* as hooffoto's geplaas het, het albei gehandel oor die swaar reën wat in 'n stadium in Pretoria en omgewing geval het. Die eerste foto, in swart-en-wit, was van die skade wat water aan 'n motor aangerig het (Vrydag 26 Januarie 1996) en die ander 'n lugfoto van die water en is oor sewe kolomme gebruik (Vrydag 16 Februarie 1996).

'n Hooffoto van 'n motor wat *Metro* weggegee het in 'n wedstryd (Vrydag 29 September 1995) was een van twee hooffoto's (kyk 4.2.2.2) in *Metro* se eerste drie bestaansjare wat met 'n wedstryd verband gehou het.

*Hoewel daar dus in die derde jaar van **Metro** se bestaan meestal **skoonhede** in hooffoto's gebruik is in die derde jaar van **Metro** se bestaan, is die agendapunt nie so sterk gestel soos voorheen nie. Die rede is dat die groot dominerende foto's wat teen die einde van die derde jaar as hooffoto's gepubliseer is, 'n baie sterker agendastellingsfunksie gehad. Daar was nie foto's van skoonhede in dié formaat nie. Die nuusonderwerpe **stadsraadsake, misdad en maatskaplike sake** kom dus sterker na vore, nie soseer weens die herhaalde gebruik daarvan nie, maar omdat dit sterker aangebied is.*

6.2.2.3 Sekondêre berigte

Gedurende die eerste twee en 'n half jaar van *Metro* se bestaan is sekondêre berigte op die voorblad geplaas. Vanaf Vrydag 10 Mei 1996 het dié berigte weggeval, aangesien die hooffoto so groot gebruik is dat daar nie plek was vir sekondêre berigte nie. Prikkel het in groot mate die funksie van sekondêre berigte oorgeneem.

Van 30 Junie 1995 tot 10 Mei 1996 is 170 (n) sekondêre berigte op *Metro* se voorblad gepubliseer. **Stadsraadsake** (14%, 24, n=170) was, soos in die

geval van die hoofberigte, die sterkste agendapunt wat deur die sekondêre berigte gestel is (kyk bylaag C3).

Sekondêre berigte oor **misdad** (13%, 22, n=170) het die tweede meeste verskyn. Daar is berig oor die ongerymdhede by die Huurkor-maatskappy (Vrydag 20 April 1996 en Vrydag 3 Mei 1996) en nog opvolge oor die Heynsmoord (Vrydag 30 Junie 1995 en Vrydag 8 Desember 1995).

Heelwat sekondêre berigte oor die **polisie** en **weermag** (9%, 15, n=170) en oor **menslike belang** (9%, 16, 170) is ook in dié tydperk gepubliseer. Berigte is gepubliseer oor Suzette van der Merwe (Vrydag 21 Julie 1995 en Vrydag 25 Augustus 1995), oor die sangeres Janita Claassen wat kanker het (Vrydag 17 November 1995) en oor die rugbyspeler Joost van der Westhuizen se troue (Vrydag 24 November 1995).

Ander nuusonderwerpe wat na vore gekom het in sekondêre berigte in dié tyd was mediese sake (7%, 12, n=170); finansiële aangeleenthede (6%, 11, n=170); diere (5%, 8, n=170); rugby (4%, 7, n=170), tersiêre onderrig (4%, 6, n=170); sport (4%, 6, n=170); media (4%, 6, n=170); natuur (3%, 5, n=170); skole (3%, 5, n=170); nasionale politiek (2%, 4, n=170); atletiek (2%, 4, n=170); skoonheid (2%, 3, n=170); plaaslike politiek (2%, 3, n=170); kultuur (2%, 3, n=170); skou (1%, 2, n=170); spesiale bylae (1%, 2, n=170); wedstryd (1%, 2, n=170); maatskaplike aangeleenthede (1%, 1, n=170); vroue (1%, 1, n=170) en godsdiens (1%, 1, n=170).

'n Sekondêre berig oor die nasionale begroting (Vrydag 15 Maart 1996) en oor die EG Chapman-groep (Vrydag 20 Oktober 1995) is gepubliseer.

Heelwat berigte oor diere en die natuur het ook in die vorm van sekondêre berigte op *Metro* se voorblad verskyn. Daar was twee berigte oor 'n padda wat twis tussen bure veroorsaak het (Vrydag 15 Maart 1996 en Vrydag 22 Maart 1996) en 'n berig oor veghonde wat 'n persoon aangeval het (Vrydag 6

Oktober 1995). 'n Opvolgberig oor die gif in die Limpopo-rivier het op Vrydag 8 Maart 1996 verskyn en een oor reën in Pretoria op Vrydag 1 Maart 1996.

Nog noemenswaardige sekondêre berigte wat in die derde jaar van *Metro* se bestaan verskyn het, het gehandel oor opstande op die UP-kampus (Vrydag 18 Augustus 1995 - tersiêre onderrig), oor waar die parlement gehuisves moet word (Vrydag 29 September 1995 - nasionale politiek), *Metro* se prys wat dieselfde gebly het ná ander koerante se prys gestyg het (Vrydag 13 Oktober 1995 - media), *Metro* se Laerskoolleerling van die Jaar-wedstryd (Vrydag 24 November 1995 en Vrydag 1 Desember 1995 - skole), die Madeliefietoekennings (Vrydag 2 Februarie 1996 - sport), die Hervormde Kerk wat lidmaatskap slegs aan blankes toestaan (Vrydag 30 Junie 1995 - godsdiens) en oor die Mej Pretoria-wedstryd wat *Metro* aangebied het (Vrydag 21 Julie 1995 en Vrydag 25 Augustus 1995 - skoonheid).

*Samevattend kan dus gesê word dat veral die sekondêre berigte oor **stadsraadsake** en **misdaad** sterk na vore gekom op die agenda wat deur die koerant gestel is omdat dit die hoofberigte oor dieselfde nuusonderwerpe ondersteun het.*

6.2.2.4 "Ander" foto's

"Ander" foto's (125 (n)) het deurgaans op die voorblaaie verskyn. Die koerant van Vrydag 17 Mei 1996 het nie 'n "ander" foto op gehad nie.

Misdaad (10%, 13, n=125) is die meeste uitgebeeld in "ander" foto's (kyk bylaag C3). Dit was meestal swart-en-wit gesigfoto's van mense wat op een of ander manier betrokke was by 'n misdaad.

Foto's van die galgkamer in Pretoria (Vrydag 27 Oktober 1995), Janita Claassen (Vrydag 17 November 1995) en Suzette van der Merwe (Vrydag 14 Julie 1995) was van die **menslikebelang**-foto's (10%, 12, n=125) wat op *Metro* se voorblaaie verskyn het.

Elf (9%, n=125) "ander" foto's is oor **rugby** buiten die vyf hooffoto's op die voorblad geplaas. Verskeie foto's (Vrydag 28 Julie 1995, Vrydag 4 Augustus 1995, Vrydag 11 Augustus 1995, Vrydag 25 Augustus 1995 en Vrydag 25 Augustus 1995) van *Metro* se Mej Pretoria-wedstryd (skoonheid) is gepubliseer. Op die voorblad van die uitgawe van Vrydag 25 Augustus 1995 is gesigfoto's van al die finaliste bó die mashoof. 'n Foto van die vermaaklikheidsgroep wat by die Mej Pretoria-kroning opgetree het, is op Vrydag 18 Augustus 1995 geplaas. Nog foto's van *Metro* se wedstryde (8%, 10, n=125) is op Vrydag 1 September 1995, Vrydag 18 Augustus 1995, Vrydag 11 Augustus 1995 en Vrydag 22 September 1995 geplaas.

Na Vrydag 10 Mei 1996 is daar steeds "ander" foto's buiten die hooffoto op die voorblad van *Metro* geplaas is, mits daar plek was. Die foto's is egter aansienlik kleiner gebruik as voorheen.

Nuusonderwerpe wat in die vorm van "ander" foto's op *Metro* se voorblad na vore gekom het, was: mediese sake (8%, 10, n=125); wedstryde (8%, 10, n=125); skoonhede (7%, 9, n=125); stadsraad (6%, 8, n=125); diere (6%, 8, n=125); sport (6%, 8, n=125); kultuur (5%, 6, n=125); skole (4%, 5, n=125); polisie/weermag (3%, 4, n=125); atletiek (3%, 4, n=125); tersiêre onderrig (2%, 3, n=125); media (2%, 2, n=125); spesiale bylae (2%, 2, n=125); nasionale politiek (2%, 2, n=125); vroue (2%, 2, n=125); natuur (2%, 2, n=125); plaaslike politiek (1%, 1, n=125); vermaak (1%, 1, n=125), *Insig* (1%, 1, n=125) en skou (1%, 1, n=125).

*In teenstelling met die hooffoto's, waarvan die agendastellingsfunksie toegeneem het, het dié van die "ander" foto's ná Vrydag 10 Mei 1996 afgeneem. Soos in die vorige jare was die meeste van die "ander" foto's steeds slegs swart-en-wit gesigfoto's. **Misdaad** en **skoonhede** kom die sterkste as agendapunt na vore in die "ander" foto's wat geplaas is.*

6.2.2.5 Prikkel

Prikkel is op dieselfde wyse gebruik as in die eerste twee jaar tot Vrydag 10 Mei 1996. Van dié datum af het prikkels die plek ingeneem van sekondêre berigte. Die nuusagenda wat deur middel van prikkels na vore gekom het, het dus belangriker geword.

In *Metro* se derde bestaansjaar was daar 232 (n) prikkels. Die voorkoms, aanbieding en aantal prikkels verskil op elke voorblad. Party voorblaaie het een prikkel wat 'n onderskrif van 'n foto is (Vrydag 29 September 1996) terwyl ander selfs veertien prikkels op 'n voorblad gehad het (Vrydag 28 Junie 1996).

Prikkel oor **sport** (12%, 27, n=232) en **rugby** (9%, 21, n=232) was die algemeenste op *Metro* se voorblaaie in die derde jaar (kyk bylaag C3). Van dié prikkels het verwys na berigte oor die Madeliefietoekennings (Vrydag 24 November 1995 en Vrydag 8 Desember 1995), 'n internasionale kriekettoets wat in Centurion gespeel is (Vrydag 12 Januarie 1996), *Metro* se fietswedren die *Metromyl* (Vrydag 17 Mei 1996) en Cravenweek-rugby (Vrydag 21 Julie 1996).

Metro se **wedstryde** (9%, 20, n=232) was duidelik belangrik vir die redaksie, en verwysings hierna, in die vorm van prikkels, het die derde meeste op die koerant se voorblad verskyn.

Ander nuusonderwerpe wat deur prikkels op die voorblad van *Metro* aangekondig is, was: stadsraad (7%, 17, n=232); atletiek (6%, 13, n=232); spesiale bylae (5%, 12, n=232); misdaad (5%, 12, n=232), finansiële aangeleenthede (5%, 11, n=232); polisie/weermag (4%, 10, n=232), skole (4%, 10, n=232); menslike belang (4%, 10, n=232); maatskaplike aangeleenthede (4%, 9, n=232); kultuur (4%, 9, n=232), mediese sake (3%, 7, n=232); natuur (3%, 6, n=232); tersiêre onderrig (3%, 6, n=232); skoonhede (3%, 6, n=232); vermaak (2%, 5, n=232); vroue (2%, 4, n=232); media (1%, 3,

n=232); nasionale politiek (1%, 3, n=232); diere (1%, 3, n=232); plaaslike politiek (1%, 2, n=232); godsdiens (1%, 2, n=232); *Insig* (1%, 2, n=232) en skou (1%, 2, n=232).

Van *Metro* se spesiale bylaes wat met die hulp van prikkels aangekondig is, was 'n bylaag oor Afrikaans (Vrydag 30 Junie 1995), een oor vakansies (Vrydag 8 Desember 1995), een oor Pretoria (Vrydag 21 Junie 1996) en een oor motors (Vrydag 24 November 1995).

Prikkels oor die Mej Pretoria-wedstryd het op Vrydag 28 Julie 1995 en Vrydag 8 September 1995 verskyn. Daar is ook prikkels gepubliseer oor die eerste hartoorplantings pasiënt in die HF Verwoerd-hospitaal (Vrydag 4 Augustus 1995 - medies), Suzette van der Merwe (Vrydag 18 Augustus 1995 - menslike belang), *Metro* se padverslag (Vrydag 15 September 1995 en Vrydag 22 September 1995 - 'n rubriek), die beweerde gif in die Limpopo-rivier (Vrydag 22 September 1995 - natuur), 'n besoek aan die galgkamer deur 'n joernalis kort na die doodstraf afgeskaf is (Vrydag 27 Oktober 1995 - 'n artikel), die uitslae van *Metro* se Toptien-atletiekbyeenkoms (Vrydag 3 November 1995 - atletiek), *Metro* se Laerskoolleerling van die Jaar-wedstryd (Vrydag 17 November 1995 - skole), Normaalkollege Pretoria (NKP) se uitslae (Vrydag 24 November 1995 - tersiêre onderrig), die toekennings van die Oscars (Vrydag 29 Maart 1996 - vermaak), Suné de Villiers se ooperasie (Vrydag 7 Junie 1996 - medies), Bio-Supreme en die Sammy Marks-hotel (Vrydag 28 Junie 1996 - finansieel), Ratte se eetstaking (Vrydag 28 Junie 1996 - nasionale politiek) en die Nimmersat-tehuis vir bejaardes wat bankrot gespeel het (Vrydag 28 Junie 1996 - finansieel).

*Veral die prikkels van 10 Mei 1996 en later is sterker aangebied as dié voor dié datum. Prikkels van 10 Mei 1996 en daarna het die plek van sekondêre berigte ingeneem. Dit beteken dus dat **sport** baie sterker na vore kon kom. Die aankondiging van **wedstryde** is ook deur klein maar baie verwysings onder die leser se aandag gebring.*

6.2.2.6 Grafika

Redelik baie grafika is in *Metro* se derde jaar op die voorblaaie gebruik (n=72). Net soos in die geval van prikkels, was daar soms baie grafika op een bladsy en soms niks. Die gebruik van grafika het toegeneem met die verandering van die voorbladontwerp.

Die grafika wat die meeste op die voorblad gebruik is, was in verband met **sport** (15%, 11, n=72). Grafika oor sport was byvoorbeeld 'n mannetjie wat krieket of rugby speel, soos op die voorblad van Vrydag 26 Januarie 1996.

Grafika wat by **wedstryde** (13%, 9, n=72) gebruik is, was gewoonlik 'n ster of gekleurde sirkel waarin *wen* of *wedstryd* gestaan het - net soos die vorige jaar. **Spesiale bylae** (10%, 7, n=72) se aankondigings is ook opgehelder met grafika. Dit sluit die Afrikaanse bylaag van Vrydag 30 Junie 1995 en die bruidsbylaag van Vrydag 22 September 1995 in.

Op die voorblad van Vrydag 15 Maart 1996 het 'n hele reeks grafika verskyn ter verduideliking van die impak van die nasionale begroting op 'n paar produkte soos drank, sigarette en petrol.

Nog nuusonderwerpe wat in grafika na vore gekom het, was maatskaplike aangeleenthede (4%, 9, n=72); rugby (7%, 5, n=72); finansiële aangeleenthede (7%, 5, n=72); atletiek (7%, 5, n=72); polisie/weermag (7%, 5, n=72); media (3%, 2, n=72); tersiêre onderrig (3%, 2, n=72); nasionale politiek (3%, 2, n=72); natuur (3%, 2, n=72); misdad (3%, 2, n=72); mediese sake (1%, 1, n=72); diere (1%, 1, n=72); menslike belang (1%, 1, n=72); vermaak (1%, 1, n=72); vroue (1%, 1, n=72); kultuur (1%, 1, n=72); skoonhede (1%, 1, n=72) en skou (1%, 1, n=72).

*Die nuusagenda wat deur grafika uitgebeeld is, het aansienlik ontwikkel van die enkele gebruik van grafiese ontwerpe in **Metro** se eerste jaar tot die algemene gebruik daarvan in die derde jaar. Hoewel grafika klein gebruik is,*

het die visuele aard daarvan tog 'n sterk impak gehad om nuusagendapunte soos **sport** en **finansiële aangeleenthede aansienlik te ondersteun**.

6.2.3 Samevatting (nuusagenda)

Metro se nuusagenda het, net soos in die tweede jaar (kyk 5.2.3), aangepas by die gebeure wat in die stad plaasgevind het. Die koerant het berig oor gebeure, hetsy met plaaslike impak of dan ook nasionale inslag - solank dit in Pretoria gebeur het.

Sport (rugby, sport en atletiek), **stadsraadsake** en **misdad** het die meeste op *Metro* se voorblad verskyn. In die tydperk Julie 1995 tot Junie 1996 was daar 700 items (n) op *Metro* se voorblaaie. Uit die 700 items was daar 71 (10%, n=700) wat oor **stadsraadsake** gehandel het (kyk bylaag C3). Dit was die eerste jaar sedert *Metro* se ontstaan waarin stadsraadsake in die algemeen die meeste aandag geniet het. Die belangrikste berigte hieroor was die BBG-saak, die Sammy Marks-hotel en die Centurion-meer (kyk 6.2.2.1).

Sport (8%, 58, n=700) het die tweede meeste verskyn. Indien al die berigte oor sport getel word - dit sluit rugby (7%, 50, n=700) en atletiek (4%, 28, n=700) in - was daar 'n totaal van 136 verwysings na sport, wat 'n persentasie van 19% gee. Sport in die geheel gesien het persentasiegewys die meeste op *Metro* se nuusagenda verskyn, maar net soos in die vorige jare was 82 van dié verwysings òf prikkels òf grafika. Daar was slegs twee hoofberigte met 'n sportstrekking (een oor sport en een oor rugby). Hooffoto's oor sport was meer algemeen, naamlik 11 in totaal (sport=5, rugby=5 en atletiek=1). Die groot aantal kleiner verwysings versterk net die persepsie dat die koerant baie spasie aan sport afgestaan het.

Misdad (8%, 57, n=72) het ook redelik gereeld deel gevorm van *Metro* se nuusagenda. Die meeste misdadberigte was sekondêre berigte. Die Heynsmoord was steeds deel van *Metro* se nuusagenda.

Die res van *Metro* se nuusagenda in die derde jaar van die koerant se bestaan was wedstryde (6%, 42, n=700); menslike belang (6%, 41, n=700); polisie/weermag (6%, 40, n=700); mediese sake (5%, 38, n=700); finansiële aangeleenthede (5%, 34, n=700); skoonhede (4%, 30, n=700); skole (4%, 26, n=700); diere (3%, 23, n=700); spesiale bylae (3%, 23, n=700); maatskaplike aangeleenthede (3%, 21, n=700); kultuur (3%, 20, n=700); natuur (3%, 18, n=700); tersiêre onderrig (2%, 17, n=700); nasionale politiek (2%, 16, n=700); media (2%, 13, n=700); vroue (1%, 8, n=700); vermaak (1%, 7, n=700); skou (1%, 7, n=700) en plaaslike politiek (1%, 6, n=700). Daar was ook drie verwysings elk na godsdiens en *Insig*, maar dit vorm minder as 1% van die totaal.

Stadsraadsake, sport en misdaad is dus duidelik die nuusonderwerpe wat die sterkste navore gekom het wanneer daar na al die verskillende items op die voorblad van die koerant gekyk word. Die feit dat dié drie onderwerpe sterk na vore gekom het in hoofberigte en hooffoto's toon reeds dat hulle belangrike agendapunte was, maar die ondersteuning daarvan deur sekondêre berigte, "ander" foto's, prikkels en grafika het dit as agendapunte versterk.

Die verandering in aanbieding van die berigte en foto's op *Metro* se voorblad het 'n invloed gehad op die verkoopsyfer van die koerant, maar dié aspek gaan bespreek word onder die afdeling oor koerantontwerp (kyk 6.4). Vervolgens word *Metro* se nuusagenda in sy derde jaar vergelyk met wat die literatuur stel die vereistes vir 'n "goeie" plaaslike koerant is.

6.3 *Metro* van Julie 1995 tot Junie 1996 en die vereistes vir 'n plaaslike koerant

6.3.1 Teoretiese uitgangspunt

Metro se nuusagenda het gedurende die derde jaar waarskynlik die beste ooreengestem met die vereistes wat die literatuur vir 'n "goeie" plaaslike

koerant stel, soos saamgevat in spesifieke sentrale teoretiese stelling nommer drie wat stel:

Metro kan as plaaslike koerant beoordeel word aan die hand van die vereistes wat in die literatuur vir 'n "goeie" plaaslike koerant stel soos dat

- *Metro* slegs in 'n bepaalde geografiese gebied versprei moes word;
- *Metro* berig het oor gebeure tipies aan 'n plaaslike koerant soos dié rakende plaaslike stadsrade, sportgebeure, skole, misdaad en kerke; en
- die berigte gerig was op die lesers van *Metro*.

Soos in die vorige twee jaar het *Metro* se nuusagenda nie presies ooreen gestem met dié vereistes nie, in die sin dat nasionale nuus gewoonlik nie deur 'n plaaslike koerant gedek word nie. Weer kan dit verduidelik word aan hand van die feit dat hoewel die gebeure nasionaal van aard was (of selfs internasionaal) dit in Pretoria gebeur het.

6.3.2 Evaluering

6.3.2.1 Die funksies van 'n plaaslike koerant en *Metro*

'n Belangrike funksie wat *Metro* gepoog het om te vervul, was dié van waghond vir die gemeenskap. Aucamp (1996b:9) stel dit in 'n berig oor *Metro* as volg: "Wat dan van die waghonde wat blaf, sodat die mense bedag kan wees op die onheilighede in die samelewing?" In die derde bestaansjaar van *Metro* het die koerant dié funksie redelik sterk vervul. Die gemeenskap is gewys op die besoedeling van die Centurion-meer, kindermisbruik in Sunnyside, die toestand waarin die grootste hospitaal (die HF Verwoerd) in die stad is en die ellende waarin baie mense leef (kyk 6.2.2.1).

6.3.2.2 Geografiese gebied

Metro het, soos in sy tweede jaar, nie altyd net berig oor gebeure wat binne sy verspreidingsgebied gebeur het nie. Om oor gebeure buite *Metro* se verspreidingsgebied te berig, is 'n afwyking van wat normaal is vir 'n plaaslike koerant. Die berig oor die beweerde gif in die Limpopo-rivier (kyk 6.2.2.3) is 'n

voorbeeld. *Metro* het die berig geplaas aangesien dit 'n opvolg was van 'n reeks berigte wat in *Metro* se tweede bestaansjaar gepubliseer is.

Die res van die berigte was plaaslik en oor gebeure binne *Metro* se verspreidingsgebied. Voorbeelde is die foto's van die baie reën (kyk 6.2.2.2), berigte oor hospitale in die stad (kyk 6.2.2.1), die pedofiel Van Rooyen, se huis (kyk 6.2.2.2) en die besoedelde Centurion-meer (kyk 6.2.2.1).

6.3.2.3 Koerantinhoud

Metro se nuusagenda van Julie 1995 tot Junie 1996 het 'n sterker plaaslike inslag gehad as die vorige twee jaar. Daar is nie meer so dikwels berig oor nasionale politiek en gebeurtenisse op nasionale vlak nie.

Die redaksie het relatief sterk berig oor die bedrywighede van die stadsrade van Pretoria en Centurion. Hoewel die meeste verwysings nie na stadsrade was nie, maar na sport, was daar meer hoofberigte oor stadsrade as oor sport (kyk 6.2.2.1), wat 'n sterker nuusagenda as sekondêre berigte en prikkels gestel het. Die bedrywighede van die polisie en weermag het ook heelwat nuusberigte vir *Metro* gelewer.

Hoewel berigte oor skole en opvoedkundige inrigtings nie so dikwels op die voorblad van *Metro* verskyn het nie (kyk 6.2.3), beteken dit nie dat dit nie as belangrik beskou is nie. *Metro* se betrokkeheid by skoliere het duidelik na vore gekom in die koerant se Laerskoolleerling van die Jaar-wedstryd.

Menslikebelang-gebeure het telkemale op die voorblad van die koerant verskyn, nie soseer omdat dit skokkende of ontstellende nuus was nie, maar interessante en dikwels goeie nuus. 'n Voorbeeld is die berig en foto van die rugbyspeler Joost van der Westhuizen se troue in November 1995.

Metro het in die eerste drie jaar van sy bestaan nie dikwels berig oor landbousake nie, maar die bewering dat daar gif in die Limpopo-rivier gestort

is, het met die landbou verband gehou. *Metro* het dus nie dié nuusonderwerp wat die literatuur stel 'n koerant oor moet berig, afgeskeep nie.

Sport in die algemeen (sport, rugby en atletiek) kom as 'n belangrike punt op *Metro* se agenda na vore. Daar is by verre die meeste oor sport berig. Die baie hooffoto's, sekondêre foto's en grafika het die oog geprikkel en die leser se aandag soontoe getrek (kyk 2.4).

Foto's was van die begin van *Metro* se ontstaan af 'n belangrike aspek op die koerant se voorblad. Dit kan gesien word uit die gebruik van baie foto's en die feit dat die meeste van die foto's in kleur was. Die belangrikheid van foto's as stellers van die nuusagenda het na 10 Mei 1996 gegroei, aangesien die foto's aansienlik groter gebruik is en dit die standaardaanbieding van die hooffoto geraak het.

Metro het in al drie jare waaroor die studie handel, spesiale bylaes gepubliseer. Die bemerking daarvan op die voorblad van die koerant het egter eers regtig in die derde jaar gevestig geraak. Waar daar voorheen een of twee prikkels 'n jaar oor spesiale bylaes was (kyk 4.2.2.6 en 5.2.2.6), was daar aansienlik meer prikkels in die derde jaar en is die prikkels verder versterk deur grafika of 'n foto daarby te gebruik.

Metro het in sy derde jaar waarskynlik die naaste gekom aan wat die literatuur vereis die inhoud van 'n "goeie" plaaslike koerant behoort te wees. Die nuusagenda het ook ooreengestem met wat daar oorspronklik vir die koerant beplan is (vergelyk 3.5 en 6.2.3)

6.3.3 Samevatting (plaaslike koerantvereistes)

Samevattend kan gesê word dat *Metro* na drie jaar 'n redelik vaste nuusbeleid gevestig het. Die enkele afwykings daarvan is met motivering gedoen. Dit geld veral vir die verslaglewering oor gebeure buite die koerant se verspreidingsgebied.

Die belangrikste funksie waaraan *Metro* voldoen het, was om die mense van die gemeenskap bewus te maak van wat om hulle gebeur. Dit het duidelik na vore gekom in die koerant se betrokkeheid by en verslaggewing oor gemeenskapsaangeleenthede. Die Laerskoolleerling van die Jaar-wedstryd en Madeliefietoekenning is twee voorbeelde van dié betrokkeheid.

Die groot verandering in *Metro* se derde jaar het egter nie in die inhoud gelê nie, maar in hóé die inhoud aangebied is. Soos reeds gesê, is *Metro* se agendastelling hierdeur beïnvloed en vervolgens word dié ontwerpveranderinge van *Metro* se voorblad bespreek.

6.4 Die ontwerp van *Metro* van Julie 1995 tot Junie 1996

6.4.1 Teoretiese uitgangspunt

Ongeag *Metro* se nuusagenda en die poging van die redaksie om op dié manier lesers se behoefte aan nuus só te bevredig dat hulle die koerant sou koop, het die sirkulasiesyfer van *Metro* steeds bly daal (die ABC-syfer vir Desember 1996 was 11 663 - dit was die laagste ooit, maar het die hele jaar daartussen en 13 000 gewissel). Buiten dat daar drastiese veranderinge aan die verspreidingswyse van die koerant gedoen is, het die redaksie besluit om die voorbladontwerp van *Metro* te verander.

Die idee met dié verandering was om die voorblad só te ontwerp dat dit die leser se oog maklik sou lok en sy aandag moes prikkel, soos gestel in spesifieke sentrale teoretiese stelling nommer vier:

***Metro* se voorbladontwerp (waaronder die gebruik van lettertypes, kleur, foto's en eenheid tussen die verskillende elemente) kan aan die hand van Garcia (1993) se riglyne vir moderne koerantontwerp beoordeel word. Dit sluit in dat**

- ***duidelike lettertypes gebruik moes word;***
- ***kleur met oorleg gebruik moes word;***

- *daar afwisseling moes wees in die ontwerp van die voorblad; en*
- *die manier hoe die voorblad ontwerp is, agendastelling moes ondersteun deur die belangrikste berigte die sterkste aan te bied.*

6.4.2 Evaluering van voorblaaie

Metro se voorblaaie is van Julie 1995 tot en met Vrydag 3 Mei 1996 in dieselfde styl aangebied as voorheen. Die enigste verandering was die sterker aanbieding van prikkels omdat meer grafika gebruik is (kyk bylaag B8).

Grafika wat op *Metro* se voorblad gebruik is, was nie net grafika wat beskikbaar is saam met rekenaarsagteware nie. Instansies (soos die NKP of die Jakaranda-sentrum) se logo's is dikwels met behulp van 'n aftaster op rekenaar ingelees en dan op die voorblad as grafika gebruik (kyk bylaag B8).

'n Volledige beskrywing van die ontwerp van *Metro* se voorblad tot net vóór Vrydag 10 Mei 1996 word nie gegee nie, aangesien die ontwerp reeds in 5.4.2 bespreek is.

Die verandering van voorbladontwerp (Vrydag 10 Mei 1996) het behels dat oorgeskakel is van 'n voorblad met meer leesstof, na 'n voorblad wat eerder 'n inhoudsopgawe is. Daar is hoofsaaklik visueel vir die leser gewys wat die spesifieke uitgawe bied (vergeelyk bylaag B7 en bylaag B8).

Volledige berigte verskyn nie meer op die voorblad nie, maar slegs prikkels, grafika en foto's wat na berigte elders in die koerant verwys. Die hoofberig se opskrif is in dieselfde styl aangebied as wat dit tot in daardie stadium gedoen is. Die probleem van berigte wat oorloop na bladsy vier is deur die nuwe voorbladontwerp opgelos. Die leser kon op die voorblad sien waar 'n bepaalde berig verskyn en kon dan die berig lees sonder om om te blaai.

Dieselfde lettertipes wat voorheen vir opskrifte en kopie gebruik is, is steeds gebruik. SwitzerlandInserat is dikwels vir prikkels gebruik, of die kopie op 'n

blokkie geplaas is of nie. Dit is 'n redelike vet lettertipe wat duidelik uitstaan. Indien 'n prikkel in SwitzerlandInserat nie op 'n blokkie was nie, is die kopie dikwels in 'n ander kleur geset, want dit lees steeds maklik (kyk bylaag B10).

In teenstelling met wat Garcia sê (kyk 2.4.2), het *Metro* wél na 10 Mei 1996 'n serif lettertipe (ITC-GaramondCondensed) op 'n blokkie gebruik. Dit lees moeilik, maar in die geval van die nuwe voorblad is 'n serif-lettertipe slegs op 'n blokkie geplaas indien dit groot (minstens 24pt) was, wat die leesbaarheid vergemaklik het. Gewone kopie (8.8pt NewCenturySchoolbook) is selde op die voorblad gebruik. Wanneer dit wel gebruik is, is dit vet geset.

Die hoofopskrif was steeds in die meeste gevalle slegs een of twee woorde lank (nooit meer as vyf nie). Soms is die hoofopskrif nie direk onder die mashoof geplaas nie en is die hooffoto of 'n reeks prikkels tussen die mashoof en die hoofopskrif geplaas. Indien 'n hooffoto direk onder die mashoof geplaas is, was dit 'n plat foto (kyk bylaag B7), anders is die hoofopskrif te laag op die bladsy.

Die belangrikheid van die gebruik van prikkels en foto's (hoof- en ander foto's) het toegeneem. Die prikkels het die plek ingeneem van sekondêre berigte. Aanvanklik is die prikkel soos 'n baie klein sekondêre berig aangebied (kyk bylaag B7), maar dit het ontwikkel na groter en duideliker prikkels (kyk bylaag B8). Die manier hoe prikkels gebruik is, was aansienlik anders as voor die herontwerp van die voorblad. Prikkels het glad nie 'n vaste vorm, grootte en plek gehad nie. Klein oop spasies wat weens uitleg van groter eenhede soos foto's ontstaan, is gevul met 'n prikkel.

Soms is prikkels bo die mashoof geplaas en soms nie. Dit het gewoonlik daarvan af gehang of die hooffoto 'n diep of plat foto was. Met diep foto's is die vertikale spasie op 'n bladsy baie beperk en is daar gewoonlik nie spasie vir 'n strook prikkels bo die mashoof nie.

Foto's is baie groter gebruik en die hooffoto het 'n baie groot invloed op die karakter en beeld van 'n bepaalde voorblad gehad. Die voorblad was oorwegend kleurvol, hoewel nie oordadig nie. In teenstelling met die klomp gekleurde blokkies van voor Vrydag 10 Mei 1996 is die meeste van die kleur op die voorblad vasgevang in die hooffoto. Dit beteken nie dat die redaksie nie gewillig was om 'n groot swart-en-wit foto te gebruik nie. Die hooffoto van Vrydag 10 Mei 1996 was dan ook 'n swart-en-wit foto, maar so treffend dat dit groot gebruik kon word.

Metro se uitleg vanaf 10 Mei 1996 het dikwels só gelyk:



Fig 6.1

Dié ontwerp het in groot mate makliker gelees aangesien dit duidelik afgebaken was. Omdat daar een groot foto op die voorblad geplaas is en die

ander elemente (ander foto's, grafika en prikkels) duidelik afgebaken was, het die voorblad nie té besig geraak nie (kyk bylaag B9).

Kleur was 'n baie pertinente aspek van die nuwe ontwerp van *Metro* se voorblad. Meer as een kleur is dikwels in dieselfde prikkel gebruik soos byvoorbeeld magentaletters en 'n cyansyfer.

Dik (4pt) gekleurde strepe (bv cyan of magenta) is dikwels gebruik om die hoofskrif te onderstreep (kyk bylaag B11). Kleur is ook vir prikkels gebruik. Prikkels was baie selde net in swart, soos op die voorblad van Vrydag 17 Mei 1996 (kyk bylaag B10).

Soos reeds gesê (kyk 6.2.3), was *Metro* se plaaslike nuusinslag in sy derde jaar sterker as in die voorafgaande twee jare. Gedurende die koerant se derde bestaansjaar is daar dus nog nader beweeg aan Garcia (1993) se stelling dat plaaslike nuusgebeure eerder op die voorblad van 'n koerant moet verskyn.

In *Metro* se derde jaar is foto's beter op die voorblad gebruik, maar dit het aanvanklik nie gedomineer nie. Die wending het in Mei 1996 gekom, waarna die hooffoto op die voorblad wel gedomineer, soos wat Garcia aanbeveel (kyk 2.4.3).

Hoewel die nuwe voorbladontwerp nie 'n afgebakende gedeelte vir 'n inhoudsopgawe het nie, het die talle prikkels en foto's in groot mate as 'n inhoudsopgawe gedien. Die leser kon, soos Garcia aanbeveel (kyk 2.4.3), maklik op die voorblad sien waar in die koerant die afdeling was waarin hy geïnteresseerd was.

'n Probleem wat die nuwe ontwerp van die voorblad van *Metro* wel kon meebring, was dat die ontwerp maklik in eentonigheid kon verval: met 'n groot foto is daar nie op 'n A3-bladsy regtig 'n keuse oor waar om die foto te plaas

nie. 'n Diep foto kan óf links óf regs op die blad en 'n plat foto óf bo óf onderaan die bladsy kom. Deur middel van die aanbieding van grafika, prikkels en sekondêre foto's moes daar dus gepoog word om afwisseling in die ontwerp van die voorblad te bewerkstellig.

Soos reeds verduidelik, is daar van serif en sans serif lettertipes gebruik gemaak. Dit is dieselfde lettertipes as wat sedert die eerste uitgawe van *Metro* gebruik is, maar die manier van gebruik het effens verander. Waar daar voorheen rigied nie 'n serif op 'n blok gebruik is nie, het dit in die derde jaar wel gebeur. Sans serifs het gereeld op hul eie en nie noodwendig op 'n tint, soos in die vorige twee jare nie, verskyn. Veral die sans serif, SwitzerlandInserat is meer dikwels gebruik.

Metro se voorbladontwerp was na die herontwerp baie eenvoudiger, hoewel daar steeds baie elemente verskyn het. Die groter aanbieding het eenvoudiger voorgekom en 'n treffender voorblad meegebring. Die feit dat die leser nie meer na bladsy vier moes blaai om die oorloop van 'n berig te lees nie, het ook orde op die voorblad gebring.

6.4.3 Samevatting (koerantuitleg)

Die herontwerpte voorblad van *Metro* het verskil van wat Garcia (1993) stel in dié sin dat daar na Vrydag 10 Mei 1996 nie meer berigte op die voorblad van die koerant verskyn het nie. Daar was slegs opsommings en verwysings na spesifieke berigte dieper in die koerant. Daar is egter heelwat aspekte van die ontwerpstyl van *Metro* se voorblad wat ooreengestem het met die riglyne wat Garcia (1993) stel (kyk 2.4.3).

Samevattend kan gesê word dat die uitleg van *Metro* vanaf Vrydag 10 Mei 1996 in so 'n mate verander het dat die aanbieding meer visueel was. Die gebruik van kleur was nie soos soms in die vorige jare steurend nie, en het eerder gehelp om die visuele impak van die voorblad te verhoog. Die groter en meer eenvoudige aanbieding van prikkels, foto's en grafika het die indruk

gewek van 'n beter geordende voorblad wat maklik lees. Die effek van die verandering van die voorbladontwerp kan gesien word in die feit dat *Metro* se sirkulasiesyfers onmiddellik begin styg het.

6.5 Samevatting (hoofstuk)

Saamgevat kan die volgende oor *Metro*-voorblaai van Julie 1995 tot Junie 1996 gesê word:

Die nuusonderwerpe wat die sterkste na vore gekom het op *Metro* se nuusagenda was sport, stadsraadsake en wedstryde (kyk 6.2.3). Die gebeure waaroor die koerant in die tydperk Julie 1995 tot Junie 1996 berig het, het met die uitsondering van die gif in die Limpopo-rivier, alles in Pretoria gebeur.

Nie net stem die nuusagenda ooreen met die vereistes wat die literatuur vir die plaaslike pers stel nie, maar ook met die beplande nuusagenda wat oorspronklik vir die koerant gestel is.

Die groot verandering in *Metro* se voorblaai in dié jaar lê egter nie by die nuusinhoud van die koerant nie, maar by die aanbieding daarvan. Die voorbladontwerp het 'n drastiese verandering ondergaan waar daar wegbeweeg is van 'n groot hoeveelheid teks op die voorblad na 'n voorblad met meer visuele impak.

Die verandering in die ontwerp van die voorblad van *Metro* het nie onopgemerk by die lesers verbygegaan nie. 'n Duidelike styging in die sirkulasiesyfers van die koerant kan in dié tyd gesien word (1 Maart 1996 = 11 816; 10 Mei 1996 = 13 323; 31 Mei 1996 = 14 198 - *Metro* se eie syfers).

Hoofstuk 7

Slot

7.1 Inleiding

In dié studie is daar met die hulp van verskeie navorsingsmetodes vasgestel en beskryf hoe die plaaslike koerant *Noord-Transvaler Metro* gestig en gevestig is. Die koerant se ontstaansgeskiedenis is beskryf en daar is gelet op wat die redaksie van *Metro* gedoen het om die verwagte inligtingsbehoefte van sy lesers te bevredig om só die koerant in die gemeenskap te probeer vestig.

In hierdie hoofstuk word verantwoording gedoen van hoe elke navorsingsdoelwit met behulp van 'n toepaslike sentrale teoretiese stelling bereik is.

7.2 Die bereiking van die navorsingsdoelwitte

7.2.1 Navorsingsdoelwit 1

Die eerste navorsingsdoelwit van dié studie was om *die redes vir en konteks waarbinne Metro gestig is kwalitatief te beskryf*.

Die sentrale teoretiese stelling wat gebruik is om dié doelwit te rig lui as volg:

Groter begrip kan verkry word van die redes vir en die stigting van Metro deur te let op die totale historiese konteks, wat die volgende behels: die sluiting van Transvaler, wat ruimte gelaat het vir 'n Afrikaanse weekblad in Pretoria, die wyse waarop Metro beplan is, en 'n eiesoortige karakter ontwikkel is.

Historiese navorsing, onderhoude en die bestudering van dokumente en ou koerante het inligting oor die ontstaan en vestiging van *Metro* verskaf. Hieruit is tot die gevolgtrekking gekom dat *Metro* gestig is omdat Perskor besluit het

om sy dagblad *Transvaler* te sluit en die gaping wat deur die sluiting in die mark gelaat is te vul (kyk 3.3.1). Van *Transvaler* se fasiliteite, personeel en toerusting is vir *Metro* gebruik.

Die koerant het hom sterk vir die bevordering van Afrikaans beywer. Die koerant se beplande nuusbeleid hoofsaaklik beriggewing oor sport, nuusgebeure, stadsraadsake, vroue, vermaak en nuus oor skoolbedrywighede behels.

7.2.2 Navorsingsdoelwit 2

Die tweede navorsingsdoelwit wat vir die studie gestel is, was om *kwalitatief te beskryf watter nuusagenda aan die orde gestel is om die veronderstelde mediabehoefte van die Afrikaanssprekende leserspubliek in Pretoria te probeer bevredig, dit wil sê hoe verskillende items (hoofberig, sekondêre berigte, prikkels en foto's) ingespan is om 'n bepaalde voorrang/gesig aan verskillende nuusonderwerpe te gee.*

Die spesifieke sentrale teoretiese stelling wat gebruik is om dié doelwit te bereik is:

*Die agenda en inhoud van **Metro** se voorblaaie kan aan die hand van aspekte van die agendastellingsteorie en die behoefte- en bevredigingsteorie verduidelik word, naamlik dat*

- ***Metro** se redaksie 'n keuse uitgeoefen het oor die gebeure waarop hulle hul lesers se aandag wou vestig, sonder om noodwendig die leser se mening te beïnvloed;*
- *dié keuse beïnvloed is deur die inligtingsbehoefte van **Metro** se lesers; en*
- *die leseraandag bepaal is deur die aanbieding en plek van plasing van 'n berig asook die visuele en inhoudelike aanbieding.*

Die agenda en inhoud van *Metro* se voorblaaie kon aan die hand van aspekte van die agendastellingsteorie en behoefte- en bevredigingsteorie verduidelik word.

Die denkwysie wat as motivering vir die studie gedien het, is dat 'n koerant (in dié geval *Metro*) 'n bepaalde nuusagenda stel in 'n poging om die inligtingsbehoefte van sy lesers te bevredig. Die lesers se inligtingsbehoefte speel dus 'n rol in die bepaling van die voorbladagenda omdat as hulle nie hou van wat hulle lees nie, hulle nie die koerant gaan koop nie.

Die nuusagenda wat *Metro* op sy voorblaaie van Julie 1993 tot Junie 1996 gestel is, is bepaal met behulp van 'n inhoudsanalise (kyk 1.4.4 en hoofstukke 4, 5 en 6).

In dié hoofstukke het dit na vore gekom dat nuusonderwerpe (wat uit 1778 items bestaan) wat die meeste op *Metro* se voorblad voorgekom het **sport** (sport (6%, 114, n=1778), rugby (8%, 146, n=1778) en atletiek (3%, 47, n=1778) in totaal 17%, 307, n=1778), **stadsraadsake** (9%, 164, n=1778), (9%, 155, n=1778), **misdad** (8%, 144, n=1778) en **menslikebelang**-berigte (7%, 132, n=1778) was (kyk bylaag C4). Die nuusonderwerpe is sterk en dikwels aangebied. Foto's van skoonhede is ook dikwels op *Metro* se voorblad gebruik.

Hoewel sport en wedstryde statisties gesproke dikwels op *Metro* se voorblaaie voorgekom het, het dit agenda-gewys nie so 'n sterk impak as stadsraadsake, misdad en menslikebelang-berigte nie. Die rede is dat eersgenoemde meestal na vore gekom het in sekondêre berigte, prikkels, grafika en "ander" foto's terwyl die ander nuusonderwerpe sterk aangebied is in die vorm van hoofberigte en hooffoto's.

Van die nuusonderwerpe wat op *Metro* se nuusagenda geplaas is in die drie jaar waaroor die studie handel, en wat nie in bogenoemde afdelings val nie

maar genoem moet word, is die berigte oor die algemene verkiesing in die eerste jaar (nasionale politiek) (kyk 4.2.2.1) en die beweerde giframp in die Limpopo-rivier (natuur) (kyk 5.2.2.1). Die berigte oor die beweerde giframp was oor 'n gebeurtenis wat buite *Metro* se verspreidingsgebied gebeur het en is dus uitsonderlik vir 'n plaaslike koerant.

Nog nuusonderwerpe wat op *Metro* se nuusagenda verskyn het, was finansiële aangeleenthede (6%, 104, n=1778); polisie/weermag (5%, 84, n=1778); skoonhede (4%, 68, n=1778); skole (4%, 66, n=1778); mediese sake (4%, 64, n=1778); nasionale politiek (3%, 61, n=1778); media (3%, 54, n=1778); kultuur (2%, 43, n=1778); diere (2%, 43, n=1778); natuur (2%, 43, n=1778); spesiale bylae (2%, 41, n=1778); maatskaplike aangeleenthede (2%, 35, n=1778); tersiêre onderig (2%, 35, n=1778); vermaak (2%, 28, n=1778); plaaslike politiek (1%, 25, n=1778); vroue (1%, 24, n=1778); *Insig* (1%, 14, n=1778); *Applous* (1%, 13, n=1778); godsdiens (1%, 13, n=1778) en skou (1%, 10, n=1778). *Elegant* (6, n=1778) en perde (2, n=1778) het minder as 1% van die totaal uitgemaak.

7.2.3 Navorsingsdoelwit 3

Om te bepaal in hoe 'n mate *Metro* se voorblad in die jare 1993-1996 voldoen het aan die riglyne wat in die literatuur (byvoorbeeld Stein, 1990:16; Tynen, 1992:56; Dary, 1994:134) gestel word vir 'n "goeie" plaaslike koerant en of die koerant se nuusagenda ooreen gestem het met dit wat oorspronklik vir die koerant beplan is (kyk 3.3.5).

Die spesifieke sentrale teoretiese stelling wat gebruik is, was:

Metro kan as plaaslike koerant beoordeel word aan die oorspronklike nuusbeleid van die koerant en aan die hand van die vereistes wat die literatuur vir 'n "goeie" plaaslike koerant gestel word, soos dat

- *Metro* slegs in 'n bepaalde gebied versprei moes word;

- *Metro* berig het oor gebeure tipies aan 'n plaaslike koerant, soos dié rakende plaaslike stadsrade, sportgebeure, skole, misdaad en kerke; en
- die berigte gerig was op die lesers van *Metro*.

Die literatuur stel 'n hele paar vereistes aan 'n plaaslike koerant om 'n "goeie" plaaslike koerant te wees (kyk 2.3.3). In hoofstukke 4, 5 en 6 is daar telkemale daarop gewys hoe *Metro* se nuusagenda voldoen het aan dié vereistes.

Buiten vir 'n paar uitsonderings het *Metro* se nuusagenda ooreengestem met die vereistes wat die literatuur stel. Die uitsonderings was die groot aantal berigte oor nasionale politiek, veral in die eerste bestaansjaar van *Metro*. Die berigte oor die beweerde gif in die Limpopo-rivier was ook 'n afwyking van die vereistes wat die literatuur stel, aangesien dit buite *Metro* se verspreidingsgebied gebeur het.

Die nuusagenda wat op *Metro* se voorblaaie na vore gekom het, stem ook ooreen met die nuusagenda wat die redaksie oorspronklik vir die koerant gestel het (kyk 3.3.5).

7.2.4 Navorsingsdoelwit 4

Die laaste navorsingsdoelwit wat vir dié studie gestel is, was om kwalitatief vas te stel in hoe 'n mate *Metro* se voorblaaie voldoen het aan die vereistes wat deur Garcia (1993) vir moderne koerantontwerp gestel is.

Die spesifieke sentrale teoretiese stelling wat gebruik is, was:

Metro se voorbladontwerp (waaronder die gebruik van lettertipes, kleur, foto's en eenheid tussen die verskillende elemente) kan aan die hand van Garcia (1993) se riglyne vir moderne koerantontwerp beoordeel word. Dit sluit in dat

- duidelike lettertipes gebruik moes word;
- kleur met oorleg gebruik moes word;
- daar afwisseling moes wees in die ontwerp van die voorblad; en

● *die manier hoe die voorblad ontwerp is agendastelling moes ondersteun deur die belangrikste berigte die sterkste aan te bied.*

Metro se voorblad het in die eerste twee en 'n half jaar van sy bestaan baie dieselfde gelyk en min veranderings ondergaan. Vanaf Vrydag 10 Mei 1996 het daar egter 'n drastiese verandering in die ontwerp van die voorblad ingetree.

Van die minder belangrike veranderings in die eerste jaar van die koerant se bestaan, was die meer prominente gebruik van prikkels en grafika op die voorblad. Oorspronklik is grafika baie min gebruik maar die aantal kere dat grafika gebruik is het drasties toegeneem soos wat die tegnologie dit moontlik gemaak het.

Die voorblaaie van *Metro* tot Vrydag 10 Mei 1996 het geneig om soms deurmekaar te wees en was moeilik om te lees. Die feit dat baie van die berigte oorgeloopt het na bladsy vier het dié probleem vererger.

Sedert Vrydag 10 Mei 1996 het die voorbladontwerp van *Metro* verander. Alle sekondêre berigte het van die voorblad af verdwyn. Die hooffoto is aansienlik groter gebruik, wat meegebring het dat daar nie meer plek was vir berigte op die voorblad nie. Daar is nou slegs prikkels geplaas. Dit geld ook vir die hoofberig. Die toename in prikkels op die voorblad van *Metro* het die effek van 'n inhoudsopgawe gehad (volgens Garcia, 1993).

Die implikasie van die nuwe voorbladontwerp op die nuusagenda van *Metro* was dat die agenda van die hooffoto en ook die prikkels aansienlik toegeneem het.

Die nuwe voorbladontwerp van die koerant het die voorblad ook baie meer leesbaar gemaak, aangesien alles groter aangebied is en die leser maklik kon sien waar watter berig in die koerant was. Die sirkulasiesyfers van *Metro* het,

soos reeds aangetoon, gestyg van die oomblik af wat die nuwe voorbladontwerp in werking getree het.

7.3 Die beantwoording van die algemene navorsingsvrae

Die algemene navorsingsvrae wat aan die begin van die studie gestel is, kan kortliks as volg beantwoord word:

● *Wat was die redes vir en konteks waarbinne Noord-Transvaler **Metro** gestig is?*

Metro is gestig om as plaasvanger te dien vir *Transvaler* wat weens finansiële redes gesluit is. Die bestaande struktuur wat gebruik is om *Transvaler* te publiseer, is vir *Metro* gebruik en die koerant kon in groot mate gesien word as 'n verlenging van die dagblad.

● *Watter nuusagenda is via die verskillende items op die voorblad daargestel om die veronderstelde mediabehoefte van die teikenpubliek (Afrikaanssprekende Pretorianers) te help bevredig?*

Die sterkste punte op *Metro* se nuusagenda wat op die voorblad na vore gekom het, was stadsraadsake, misdaad, menslike belang, sport en wedstryde wat die koerant bied. Dié nuusagenda het sterk na vore gekom deur die gebruik van hoofberigte, foto's, grafika, sekondêre berigte, "ander" foto's en prikkels.

● *In hoe 'n mate het **Metro** se voorblad in die jare 1993-1996 voldoen aan die riglyne wat in die literatuur gestel word vir 'n "goeie" plaaslike koerant en aan die beplande nuusagenda van **Metro** (kyk 3.3.5)?*

Metro se nuusagenda wat in in die jare 1993-1996 op die voorblad van die koerant verskyn het, het in groot mate ooreengestem met die vereistes wat die literatuur stel 'n "goeie" plaaslike koerant as nuus behoort te plaas. Daar

was egter uitsonderings in die vorm van berigte oor nasionale gebeure en gebeure wat buite *Metro* se verspreidingsgebied plaasgevind het waaroor die koerant tog berig het. Die koerant se nuusagenda in die jare 1993-1996 het ooreengestem met dit wat oorspronklik vir die koerant as nuusagenda gestel is.

● *In hoe 'n mate het Metro se voorblad in die jare 1993-1996 voldoen aan die riglyne wat deur Garcia (1993) gestel word vir moderne koerantontwerp?*

In die jare 1993-1996 het die koerant se voorbladontwerp nooit heeltemal ooreengestem met die vereistes wat Garcia (1993) stel nie. Die uitsonderings van Julie 1993 tot Mei 1996 was dat die voorblad baie besig voorgekom het, daar nie 'n "inhoudsopgawe" op die voorblad verskyn het nie en dat die foto's nooit die voorblad gedomineer het nie. Na Mei 1996 het die foto's wel 'n baie belangriker rol op die voorblad gespeel en die blad gedomineer. Daar is ook deur middel van talle prikkels 'n aanduiding van *Metro* se inhoud gegee. Daar was egter nie meer sekondêre berigte op die voorblad nie. *Metro* het selde volledige berigte op getinte blokke gebruik om die berig só te beklemtoon.

7.4 Samevatting

Ongeag die pogings van die redaksie om deur middel van die nuusinhoud en die aanbieding daarvan die koerant in die gemeenskap te vestig, het Perskor *Metro Weekblad* (die koerant se naam sedert 31 Januarie 1997) op 26 September 1997 gesluit. Die besturende direkteur van Perskor, Piet Greyling, het opgemerk dat *Metro Weekblad* uitstekende nuusdekking gelewer het en 'n vreeslose indruk geskep het, maar dat ekonomiese realiteite, veral die uitgeputte Pretoriase mark, die sluiting meegebring het (Anoniem, 1997:3).

Soos in die studie gestel (kyk 2.3.4) is redaksionele inhoud en aanbieding nie die bepalende faktor vir die oorlewing van 'n koerant nie. Die feit dat ekonomiese redes gegee is vir die sluiting van die koerant skep weer 'n moontlikheid vir verdere studie. Die vraag ontstaan oor wat dan redaksioneel

en andersins gedoen kan word om die oorlewing van 'n plaaslike koerant te help verseker indien die koerant se voortbestaan om ekonomiese redes bedreig word.

Bylaag A1

48-punt ITC-GaramondCondensed

48-punt SwitzerlandInserat

48-punt SansExtended

Bylaag A2

Wit op soliede-blokkop

Bylaag A3

Kop op blok

Bylaag A4

_____ 1pt lyn
_____ 2pt lyn
_____ 4pt lyn
_____ 6pt lyn

Bylaag A5





NOORD-TRANSVALER

METRO

IN VOELING MET DIE GEMEENSAP

VRYDAG 2 JULIE 1993

Jaar 1 Nr 1

R1(BTW Ingesluit)

Skok vir Pretoria se raad

Koos Liebenberg

TWEE van Pretoria se drie adjunk-stadsklerke en twaalf departementshoofde is onder die 69 senior amptenare van die Pretoriase stadsraad wat uittreepakette aanvaar het.

Slegs een adjunk-stadsklerk en vier van die sestien departementshoofde het verkies om in hul poste aan te bly.

Die 69 wat besluit het om te loop, het saam sowat 1 000 jaar diens. Hulle tree op 31 Julie uit diens.

Uittreepakette is aan 206 senior amptenare aangebied, as deel van die stadsraad se plan om personeel te verminder. Daar is geraam dat tagtig die pakette sal aanvaar en R6 miljoen is daarvoor begroot.

'n Woordvoerder van die stadnaam het gesê die omvang van die pakette word onder meer bepaal deur jare diens en die personeel se bydrae tot die pensioenfondse.

Mense met vyftien jaar diens kry 'n "bonusjaar". Departementshoofde kry nog 'n dienstjaar present.

Die adjunk-stadsklerke wat uittree, is mnr Stof Erasmus en Charles Anderson. Hulle is die twee mees senior amptenare wat pakette aanvaar het.

Onder die ander bekendes is mnr Jan Venter, die stadsouster, dr Willie Conradie, die stadsgeondheidshef, en mnr Frik Krüger, die stadsekretaris.

Ander departementshoofde is: Mnr Eddie Liebenberg, direkteur: stedelike vervoer; Coen Scherman, stadslektrisiteitsingenieur; Hans Moolman, direkteur: parke en rekkreasië; Fritz Kraehmer: direkteur stedelike beplanning; Hennie Fourie: waarnemende direkteur mannekrag en besuursdiens; Chris Smal: direkteur eiendomswaardering; George Kellerman, lisenasihof; Jimmy Allison, waarnemende verkeershef; en Coert van der Merwe, direkteur: gesamentlike administrasie.

Die enigste departementshoofde wat besluit het om aan te bly, is mnr J L Alberts (brandweer) H C Groenewald (produktemark) H A Enslin (stadsingenieur) en dr L M de Waal (museums).

Die beoogde herstrukturering sal meebring dat die getal departemente verminder word.

Vrywillige uitdienstreding is die eerste fase van die personeelvermindering. As nog poste oorbodig raak, kan mense na ander poste oorgeplaas of verplig word om te bedank.

Dit is ook moontlik dat van die poste wat nou vakant raak, weer gevul sal word as dit lyk dat 'n leemte gelaat is.



GOUDPOT...
'n Rande R100 000 word deur Metro oor die volgende twaalf weke weggegee! In Metro se wenkaartspeel kan u die gelukkige wenner wees van 'n blinknuwe Uno Fire; of 'n sak vol geld of ander spogpryse. Dit is verspot maklik. Koop volgende week Metro en kry u gratis wenkaart; of besoek ons by Mitchellstraat 161 of by enige van ons takkantore (adresse op bladsy 2) om u kaart te kry. Die pragtige Esther Stassen (15), 'n at 8-leerling van die Hoërskool Oos-Moot, hier by die nuwe Uno wat gewen kan word. Op bladsy 16 is volle besonderhede.



Die Bok 'n politieke keuse

SUID-AFRIKA is steeds nie van politiek in sport verlos nie. Noord-Transvaal se senter Jannie Claassens is 'n slagoffer daarvan.

Tinus Linee, senter van die WP, is 'n politieke keuse.

Die rugbybase sal dit ontken, maar van die nasionale keurders het al erken dat minstens twee swart of bruin spelers na Australië moet gaan.

Chester Williams verdien sy plek, Linee

nie. Claassens is 'n beter spelor en moes bo Pieter Müller teen die Franse gespeel het.

Die keurders verdien kritiek. Wat hulle met Reece-Edwards en Visagie in die span doen, weet net hulle.

Waarom is Chris Dirks van Transvaal nie ingesluit nie; en 'n jong slot soos Ryno Opperman van die Vrystaat of selfs Philip Schutte van Noord-Transvaal nie in Visagie se plek nie?

SKOK
CROWN ESTATE se onttrekking aan die Rothmans is 'n skok. Op die perd is die duisende rande verwe. Wedders moet nou 'n ander perd kies om hopelik hul geld terug te kry. Die onttrekking maak dit nou makliker vir Tony Millard om sy eerste July te wen. Dancing Duel en Empress Club, albei uit sy stal, is onderskeidelik gunsteling en tweede gunsteling.
• Wedpryse bl 79

<p>METRO 35 <i>Elegant</i></p> <p>• Red ons kinders - bl 36 • Skud vet só af - bl 38</p>	<p>METRO 27 <i>Insig</i></p> <p>• Belê vir oudag - bl 33 • Koper kan kies - bl 31</p>	<p>METRO 51 <i>Applous</i></p> <p>• Lizz kom vert - bl 54 • TV-programme - bl 56/7</p>	<p>METRO 43 <i>Skole</i></p> <p>• Amerikaanse eer - bl 43 • Jong tennishoop - bl 49</p>	<p>METRO 88 <i>Sport</i></p> <p>• Krieket begin - bl 84 • S6 wil Bulle wen - bl 87</p>
---------------------------------------------------------------------------------------------------------	------------------------------------------------------------------------------------------------------	-------------------------------------------------------------------------------------------------------	--------------------------------------------------------------------------------------------------------	-------------------------------------------------------------------------------------------------------

Groot pryse vir Metro en skou se mooiste — bl 12



Dís mode



By vanaand se glinster-moderapsodie van Metro en Pavarotti's gaan BBB's oor mekaar struikel. Een de Vos (top-TV-aanbieder) en Peter Soldatos (voerste mode-ontwerper) is twee BBB's wat vanaand daar is.



Voete van 'n trapkoning — bl 6



NOORD-TRANSVALER

METRO

IN VOELING MET DIE GEMEENSAP

VRYDAG 10 SEPTEMBER 1993

Jaar 1 Nr 11

(012) 327-5089

R1

Armoede byt nou seer

Sandra Coetzee

ARMOEDE — selfs hongersnood — in Pretoria is al so erg dat welsynsorganisasies nie meer kan voorby met hulp nie. Verskeie organisasies vrees ook dat dit net die begin van groot ellende is.

Mev Mona Grobler en haar man, eienaars van Genadeplaas (net buite die stad) — waar sowat honderd hawelose mense gehuisves word — sê in die eerste ses maande vanjaar het die aantal hawelose hulpsoekers by hulle verdriedubbel.

Buiten Genadeplaas word sowat vyftig dakloos by die Groblers se huis in Pretoria-Noord gehuisves. Terwyl baie kinders onder pleegsorg is, is meer as tien kinders saam met hul ouers daar — en daar is ook vier swanger vroue.

Mev Kleintjie Perreira van Werk en Oorleef ('n welsynsorganisasie) in Pretoria sê agt jaar gelede het sy sowat 35 gesinne gehelp en nou is daar meer as 10 000! Dit vermeerder daaglik, sê sy.

"Dit is opvallend hoe goeiede mense oornag alles verloor en op straat sit. Ons is almal in gevaar," sê mev Perreira.

Mev Eileen Els, organiseerder van Meals on Wheels, sê hul etes vir bejaardes het sover vanjaar met 2 000 vermeerder.

"Die publiek is nie bewus van die armoede rondom ons nie en dit gaan nog erg toeneem," sê sy.

Baie van die welsynsorganisasie ontvang 'n klein of geen staatsubsidie nie. Hul geld raak gou op en as daar nie skenkings van die publiek kom nie, kan niemand gehelp word nie.

"Dit is baie hartseer om mense te sien met niks besit nie. Hulle het nie eens kos nie," sê mev Perreira.

Sisulu tóg by Tuks

Christina O'Connell

VOOR die einde van die maand gaan mnr Walter Sisulu, die ANC se vise-president, op die Tuks-kampus praat. So sê mnr Graham Maitland, voorsitter van die ANC-tak by Tuks.

Intussen het die Tuks-studentetake van die NP, die ANC, die DP en die SA Students' Congress 'n informele alliansie gevorm teen die rektor se verbod op politieke bedrywighede op die kampus.

Dié alliansie het ook 'n gesamentlike versoekskrif aan die rektor, prof Flip Smit,

oorhandig, waarin hulle eis dat die verbod opgehef word.

Hulle wil voor Maandag 13 September 'n antwoord hê. In nog 'n nuwe ontwikkeling sê Tuks se studentekoerant, Die Perdeby, die rektor se verbod is "presies wat die behamels wou bereik het".

Prof Smit het verlede week 'n besoek van mnr Sisulu voorlopig afgelas.

Mnr Hermanus Schoeman, die voorsitter van KP-Tuks, se "as mnr Sisulu kom, sal regse studente beslis 'n protes-optrede reël."

Boere sat vir plakkers, nou's dit

Oorlog

Wilhelm de Swardt

OORLOG in die klein! Dit is wat nou op Klipfontein en Kruisfontein — net buite Pretoria — dreig, waar onbeheersde vandalisme, gevoellose aanrandings op mense en grootskaalse diefstal die inwoners op hul agterpote het.

Die boere daar sê "ons geduld is op, maar intussen sloer die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) met 'n plan om die krisis te besleg".

Die boere sê hulle wil nou duidelikheid oor hul toekoms hê. 'n Ultimatum wat hulle aan die TPA gestel het, het Vrydag verstryk — maar 'n tweede ultimatum van sewe dae is gisteraand aan die TPA gestel.

